1996

KITAL
2193 Pretoria 0001
(012) 322-8885



DIE VOORTREKKERKERK 1836–1853

JMG STORM

1996

DIE VOORTREKKERKERK 1836–1853

KITAL
Posbus 7193 Pretoria 0001
Tel.: (012) 322-8885

J M G STORM

Kital

DIE VOORTREKKERKERK 1836–1853
© Kital, Posbus 7193, Pretoria 0001

Eerste uitgawe, eerste druk 1989

ISBN 0 7986 2812 X

Omslagontwerp en tipografie deur Gutenberg
Druk en bindwerk deur
Gutenberg Boekdrukkers (Edms) Bpk, Pretoria-Wes

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende plaat- en bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, behalwe redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoeleindes, soos deur die Kopieregwet bepaal word.

4709

DIE GESKIEDENIS VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

onder redaksie van

Prof dr A D Pont
Prof dr S J Botha
Dr J M G Storm
Dr S P Pretorius

Tweede deel:

DIE VOORTREKKERKERK

deur

dr J M G Storm

Akademiese Handboeke

DIE REEKS BESTAAN UIT:

DEEL 1:

Geskiedenis van die kerk aan die Kaap
1652–1842

DEEL 2:

Die Voortrekkerkerk
1836–1853

DEEL 3:

Die vestiging en eerste groei
1853–1880

DEEL 4:

Die mislukte kerkvereniging
1880–1894

DEEL 5:

Heropbou, oorlog en weeropstaan
1895–1939 – 1945

DEEL 6:

Die kerk in die nuwere tyd
1945–1980

Inhoud

Voorwoord ix

Inleiding xi

Hoofstuk 1: Historiese Opmerkings

1. Kerk en Staat 1
2. Die naam van die kerk 7

Literatuurverwysings 13

Hoofstuk 2: Die Voortrekkers

1. Inleidende opmerkings 14
2. Geografiese aanduiding en hoofoorsake van die Groot Trek 14
3. Die karakter van die Voortrekkers 19

Literatuurverwysings 25

Hoofstuk 3: Die emigrasie

1. Die eerste inrigting en organisasie van die Voortrekker-"Maatschappij" 26
2. Die houding van die Kaapse kerk teenoor die Voortrekkers 27
3. Godsdiensbeoefening tydens die Groot Trek 37
4. Pogings tot "de daarstelling van een goede godsdienstige inrichting" 38
5. Erasmus Smit 39
6. Die organisering en inrigting van die kerk 44
7. Die betekenis van hierdie inrigting en bestuur van die kerk 48

Literatuurverwysings 51

Hoofstuk 4: Die groei van die kerk in Natal, die Vrystaat en die uitbreiding na Transvaal, 1838—1842

1. Staatkundige oorsig 52
2. Kerk en owerheid 55
3. Die handelinge van die Volksraad in sy soeke na predikante 56

4. Daniel Lindley, 'n kort lewenskets, 1801–1841 59
5. Lindley en die Voortrekkers 61
6. Kontak met Nederland 65
Literatuurverwysings 67

Hoofstuk 5: Die anneksasie van Natal en die Transgariep

1. Inleiding 68
2. Die Voortrekkerkerk in 'n Engelse kolonie 70
3. In die Transoranje 75
4. Kerklike deputasie in die Transoranje 79
5. Vorming van die Ring van Transgariep 86
Literatuurverwysings 87

Hoofstuk 6: Die kerk in die Oorvaalse

1. 'n Kerklike oorsig, 1848–1852 89
1.1 Inleiding 89
1.2 Deputasies uit die Kaapse Kerk 91
1.3 Die beroep van 'n predikant 93
1.4 Stigting van nuwe gemeentes 95
1.5 Besoeke van ds A Murray van Bloemfontein aan Transvaal 97
1.6 Transvaal staatkundig onafhanklik 101
1.7 Die derde deputasie na Transvaal 103
1.8 Inlywing by die Kaapse Sinode 110
2. Die koms van ds D van der Hoff na Transvaal 113
2.1 Ds D van der Hoff – 'n Nederlandse proponent vir die kerk in Transvaal 113
2.2 Aankoms en verblyf in Kaapstad 115
2.3 Dirk van der Hoff in Transvaal 117
3. 'n Sinodaal-onafhanklike kerk in Transvaal 119
3.1 Twee belangrike Algemene Kerkvergaderings in Transvaal 119
4. 'n Samevattende Oorsig 128
4.1 Kerk en owerheid in die Voortrekkerstaat, 1853–1858 128
4.2 Die kerkregtelike verloop, 1853–1863 130
5. Slotopmerkings 131
Literatuurverwysings 132

Voorwoord

Die geskiedenis as die verhaal van die verlede, as die verhaal van die verlede van 'n volk, 'n familie of 'n land, is nooit die verhaal van iets wat verby is en nou nie meer ter sake is nie. Die verlede het altyd 'n invloed in die hede, al is daardie invloed nie altyd maklik herkenbaar nie en al word daardie invloed ook ontken. Die verlede en die verhaal van die verlede, is die omskrywing van die voedingsbodem wat die hede help bepaal het en wat ook nog invloed in die toekoms gaan hê. Omdat dit so is, is die studie van die verlede 'n saak wat nooit ophou nie en wat altyd weer navorsers se gedagtes en werkvermoë in beslag neem. Hierdie studie van die Voortrekkerkerk wys hoe vrugbaar hernude navorsing en bestudering van ons eie kerklike en volksverlede kan wees. Die Groot Trek en alles wat daarmee saamhang het in die jongste tyd baie aandag gekry en dit is gepas dat hierdie deeglike en verantwoorde studie oor die Voortrekkers en hulle kerk ook na vore gekom het.

Dit is natuurlik wel bekend dat die Trekkers vanweë die proklamasie van 11 September 1834, wat trekbewegings oor die grense van die Kaapkolonie verbied het, hulle tegnies aan 'n wetsoortreding skuldig gemaak het deur wel die Kolonie te verlaat. Die reaksie van die Sinode van 1837 op die Groot Trek en die Ring van Graaff Reinet wat die Trekkers beskou het "als in opstand tegen de wettige Overheid", het ook verreikende gevolge op die kerklike terrein gehad. So het die Groot Trek net soos op baie ander vlakke die geskiedenis van die Afrikanervolk beslissend beïnvloed.

Dit bly intussen merkwaardig dat die kerklike geskiedenis van die Voortrekkers so lank moes wag op 'n aparte studie wat net daaraan gewy word. Hoewel al die Suid-Afrikaanse kerkhistorici aan die Groot Trek en sy gevolge aandag gee, is dit opvallend dat dié gebeure nogal eensydig beoordeel word. Waarskynlik omdat vir baie kerkhistorici die struktuur van die kerk belangriker skyn te wees as die lidmate wat die kerk is. Juis in die Voortrekkergeskiedenis en in die poging om die gang van die kerk in die geskiedenis raak te sien, is dit belangrik om te let op die handelwyse van die Voortrekkers sélf en dié handelinge na

waarde te skat. Daarom bly dit merkwaardig hoe hardnekkig die fabeltjie voortleef dat Erasmus Smit en Daniel Lindley, die eerste twee predikante van die Voortrekkers, wat nóg lidmate nóg toegelate predikante van die Kaapse Kerk was, tog as predikante van dié kerk voorgehou word. Dit mag deel wees van die manier waarop die geskiedenis gehanteer is toe die NG Kerke nog gevoel het dat hulle volkskerke is.

Hierdie studie oor die Voortrekkerkerk het die feite wat in hierdie verband na vore moet kom, sorgvuldig nagevors en op 'n bekwame wyse verantwoord. In die lig hiervan word die standpunt van die Algemene Kerkvergadering wat in Augustus 1853 te Rustenburg gehou is, ook duidelik en word dit duidelik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk nie in 1853 "gestig" is nie. Ek wil die hoop uitspreek dat hierdie werk wyd in die kerk gelees sal word; nie alleen omdat dit populêre misvattings regstel nie, maar ook omdat hieruit iets blyk van ons kerk se noue verweefdheid met die geskiedenis van die Groot Trek en die pioniersjare van die Afrikaner in die binnelande van Suid-Afrika. Dit is nie gekiedenis van ver weg nie, maar in 'n hoë mate die verhaal van ons eie verlede en van die bakens wat ons vadere daar geplant het. As dit só gelees word, sal dit vir elkeen 'n verrykende gebeure wees.

Prof dr AD Pont
Departement Kerkgeskiedenis
Universiteit van Pretoria

Inleiding

Rondom die middel van die dertigerjare van die negentiende eeu het daar op Suid-Afrikaanse bodem 'n gebeurtenis plaasgevind wat die lotgevalle van die Afrikanervolk tot vandag beïnvloed het. Tydens hierdie jare verlaat duisende Afrikaanssprekende grensboere die Britse Kaapkolonie na aangrensende gebiede in die Noord-ooste met die bedoeling om nooit terug te keer nie. Dit was die Groot Trek, 'n belangrike rede dat die Afrikaanse volk nie verdwyn het nie, maar tot vandag toe voortbestaan. Daarom kan dit as een van die sentrale gebeurtenisse in die geskiedenis van die Afrikaner bestempel word. (Scholtz 1970 : 609).

'n Studie van die Groot Trek moet iedereen tot die gevolgtrekking laat kom dat die eintlike doel van hierdie gebeurtenis was om onder die Britse gesag uit te kom. Vrywording het egter ook die skepping van 'n eie staat beteken, gegrond op die godsdienstige en politieke beginsels waaraan die Voortrekkers onder Nederlandse bewind gewoond was. Sodra hulle die Britse grense oorgesteek het, sou hulle vry van die Britse beheer wees en gevolglik in staat om hulle eie idees aangaande hulle geestelike en stoflike welvaart in 'n eie staat toe te pas. (Vergelyk Muller 1968).

Wanneer daar na die oorsake van die Groot Trek gevra word, kan verskeie politieke, ekonomiese en geestelike faktore genoem word. (Vergelyk Muller 1969 en 1974). Opsommenderwys kan 'n mens egter met GD Scholtz saamstem dat die eintlike oorsaak van die Groot Trek in die kultuurbotsing tussen Afrikaner en Brit geleë was (Scholtz 1970 : 289). Dit gaan oor die Britte wat in regerende en administratiewe hoedanigheid in staat was om deur hulle handelinge die lewe van die Afrikaner in die Kaapkolonie te beïnvloed. As 'n mens in gedagte hou dat die meeste amptenare wat van Brittanje na die Kaapkolonie gekom het om die vaderland van die Afrikaner te bestuur, meestal 'n ander lewensbeskouing as die Afrikaner gehuldig het, was dit vanselfsprekend dat van hulle besluite die Afrikaner teen die bors gestuit het. Dit was vanuit Britse oogpunt gesien, nie van primêre belang nie, want die Kaap was nou 'n Britse Kolonie.

Deel van die Britse beleid ten opsigte van die Afrikaner was dat hy in gees en wese verengels moes word. So is maatrëels deur die

Britse gesag getref wat die Afrikaner geweldig gegrief het. Maatreëls soos die afskaffing van die Nederlandse instellings van landdros en heemrade, weerhouding van selfbestuur, die voorkeur aan Engelssprekendes in die staatsdiens, die pogings tot verengelsing van kerk en skool en die liberale rassebeleid, het die trekgedagte vir baie Afrikaners aanneemliker gemaak. Daarby sou die Trek beteken dat die Afrikaners weer seggenskap oor hulleself sou hê en alles dan in orde gebring kon word.

As sleutelgebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis het die Groot Trek egter nie net 'n staatkundige verdeling in negentiende-eeuse Suid-Afrika bewerk nie, maar dit het ook die weg help voorberei vir die totstandkoming van die verskillende Afrikaanse kerke in ons vaderland. Want aansluitend by die afwerping van die Britse staatkundige beheer was daar 'n verswakking van die Voortrekkers se waardering vir die Kaapse Kerk, wat so nou met die owerheid verbind was. Dié verwydering word onder andere gekenmerk deur die feit dat geen Kaapse predikant sy weg oopgesien het om die Voortrekkers te vergesel nie, of later 'n beroep na die onafhanklike Trekkers te aanvaar nie. Die Kaapse Kerk het die Trek afgekeur en probeer om sy lidmate te oorreed om hulle daarvan te weerhou. Diegene wat getrek het, is soos Dreyer dit gestel het, sydelings onder sensuur geplaas. (Dreyer 1929 : 27). Die kerk se motivering was dat gehoorsaamheid aan die wettige owerheid die Christelike plig van die lidmaat is en daarby is die vrees uitgespreek dat die Trekkers, ontdaan van die kerklike bediening, in die groot ruimtes van Afrika sou kon verwilder. Verder het die meeste predikante, soos dit met baie Afrikaners van die westelike dele van die Kaapkolonie die geval was, vanuit 'n ander dink-en-leefwêreld as die wegtrekkende Afrikaners geoordeel. Dit het bygedra tot 'n kerklike verwydering tussen die Trekkers en die kerk in die Kaapkolonie.

Reeds op 'n vroeë stadium van die Groot Trek, by Thaba N'chu en Winburg het die Voortrekkers hulle nie alleen staatkundig nie, maar ook kerklik selfstandig en onafhanklik probeer inrig. Dit kan aangeneem word dat die vadere nooit die gedagte gekoester het om 'n nuwe of andersoortige kerk te stig of van die Kaapse Kerk weg te skeur nie. Hulle wou bloot 'n selfstandige, onafhanklike kerk, los van Kaaps-Britse invloede hê. Dat hierdie ideaal tot 'n verwydering tussen die Kaapse Kerk en die Voortrekkers gelei het, is 'n gebeurtenis in die geskiedenis waarvan die gevolge tot

vandag voortduur. Die Voortrekkers kan egter nie alleen daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Die houding en in 'n sekere mate wanbegrip in die Kaapse Kerk ten opsigte van die Groot Trek, is 'n saak wat van verskillende kante beskou en beoordeel word, maar wat ook 'n rol in die verdeling speel.

Oor hierdie periode uit die kerklike geskiedenis bestaan daar geen eenstemmigheid nie. Kerkhistorici van die verskillende Afrikaanse kerke het byna elkeen 'n eie siening oor hierdie tydperk. Hierdie saak is ook nog altyd oorsigtelik bekyk, gewoonlik as 'n onderdeel van die een of ander meer omvattende werkstuk oor die kerkgeskiedenis.

Met hierdie publikasie word beoog om die geskiedenis van die kerk onder die Voortrekkers weer te gee totdat dit in die vyftigerjare van die vorige eeu in Transvaal tot ontplooiing gekom het.

Literatuurverwysings

Dreyer, A 1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* Kaapstad: De Drukpers Maatschappij Van de Sandt en De Villiers.

Muller, CFJ 1968. *500 Jaar Suid Afrikaanse Geskiedenis.* Pretoria en Kaapstad: Academica.

Muller, CFJ 1969. *Die Britse Owerheid en die Groot Trek.* Pretoria en Kaapstad: Academica.

Muller, CFJ 1974. *Die Oorsprong van die Groot Trek.* Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, GD 1970. *Die Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel 2, 1806–1854.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Hoofstuk 1

Historiese opmerkings

1. Kerk en Staat

Hier moet voor opgestel word dat die kerk aan die Kaap, vanaf die koms van Jan van Riebeeck, aan die owerheid onderhorig was. In die eerste tyd (1652–1795) het 'n handelsliggaam, die Verenigde Oos-Indiese Kompanje (VOIC) formeel beheer oor die Kaapse Kerk gehad. Die VOIC het aan die Kaap die Politieke Raad as sy plaaslike bestuursliggaam gehad waardeur dit alle sake, ook dié van die kerk, aan die Kaap gereël het. Alle besluite deur die plaaslike kerkrade moes byvoorbeeld eers deur die Politieke Raad goedgekeur en bekragtig word voordat dit geldigheid gehad het en 'n kerkraad kon nie wettiglik vergader sonder toestemming van die Politieke Raad en sonder die teenwoordigheid van 'n verteenwoordiger van die Raad nie.

Dat die kerk hierdie onderhorigheid aanvaar en verdra het, is te wyte aan die situasie in Nederland waar die hervormde kerk 'n bevoorregte kerk was en die owerheid 'n hervormde owerheid. Die hervormde kerk daar was *ecclesia prolata* wat staatserkenning en beskerming geniet het. Die beginpunt hier was die owerheid se aanvaarding van die taak om die stoflike versorging van die kerk op hom te neem. Hoe die verhoudings presies gereël is, blyk onder andere uit die reëlings wat die Provinsie Holland in die jare 1573–1574 hieroor gemaak het. (Rutgers 1889 : 235). Die kerk het hierdie situasie so aanvaar en dit het ook meegebring dat die beginsel van die *ius patronatus* in die kerk gevestig is. Hierdie patronaatsreg het daarop neergekom dat die owerheid of diegene wat die middele vir die versorging van die predikant daarstel, ook omskrewe regte sal hê by die beroep en die moontlike afsetting van 'n predikant. Verder het dit aan die owerheid ook bepaalde regte in die kerk, soos verteenwoordiging op die vergadering van

die ampte, gegee. Hier hoef ons slegs na die Sinode van Dordrecht te verwys, waar daar nie minder nie as 18 politieke Kommissarisse teenwoordig was. Die feit dat hulle moes toesien dat alléén kerklike aangeleenthede behandel word en dat hulle ook veto-reg gehad het, wys op die invloed wat die owerheid op so 'n vergadering kon uitoefen.

Nieteenstaande besware teen hierdie gebruik, was die verskillende owerhede wat die patronaatsreg gehad het, nooit geneë om daarvan af te sien nie. Vanweë die bestaan van hierdie gebruik, was dit ook vanselfsprekend dat die Here XVII, die oppergesag in die VOIC, die reg ten opsigte van kerklike ampsdraers wat as amptenare binne die struktuur van die VOIC gestaan het, sou handhaaf en uitoefen. Die *ius patronatus* het sodoende deel van die kerklike lewe en struktuur aan die Kaap geword. Die Kaapse gemeentes was daarvan bewus dat hulle die wil van die politieke owerheid moes uitvoer. Hoe simpatiek ook al, was hierdie wil die geldende kerkorde. So is die weg gebaan dat die owerheid vir baie jare in Suid-Afrika seggenskap en beheer in en oor kerksake gehad het. Die skeiding tussen kerk en staat wat in die negentiende eeu in Nederland opgeduik het, het die Afrikaner voor die Trek nie geken nie.

Met die koms van De Mist onder die Bataafse Bewind in 1803 wou hy hierin 'n verandering bring, maar die deurwerking van sy poging sou baie stadig wees. Met die daarstelling van sy "Provisionele Kerken-ordre" in 1804 wou hy die owerheid se plig en toesig beperk tot aanmoediging en beskerming van die openbare godsdiensoefening. Die probleem ontstaan egter dat daardie beskerming die invalspoort vir 'n voortgesette patronaatsreg word, nieteenstaande die feit dat daar formeel 'n skeiding tussen staat en kerk neergelê is. Hoewel De Mist daardie beskerming in terme van die *ius circa sacra* van die owerheid sien, word daardie beskerming tog ook die moontlikheid om 'n *ius in sacra* van die goewerneur te poneer.

Die kerk aan die Kaap, wat gebore is en groot geword het met die omvangryke patronaatsregte van die VOIC het geen weerstand teen die voortsetting van die situasie gebied nie. Dit blyk uit die reeks beperkings wat De Mist aan die kerk oplê en wat so aanvaar is. Sommige van die beperkings was dat die goewerneur toestemming moes gee (Dreyer 1936 : 8–23) indien die kerk 'n nuwe kerkgebou wou oprig (Artikel 6); indien daar buitenge-

wone godsdiensoefeninge, behalwe op die gewone Sondae en feesdae, gehou moes word (Artikel 7); indien die aantal predikante vermeerder wil word (Artikel 9). Daarby moes die goewerneur eers aan inkomende predikante reg van inwoning gee, voordat hulle in die kerk ingeskakel kon word. Tereg merk Jooste op: (Jooste 1946 : 105):

> "Dit alles in aanmerking geneem het die Hervormde Kerkgenootskap nie meer na 'n staatskerk gelyk nie, maar na 'n staatsdepartement."

Die Engelse goewerneur wat na 1806 aan die Kaap regeer het, het geen rede gehad om De Mist se reëling te verwerp nie en sy Ordonnansie het van krag gebly tot 1843, toe dit deur Ordonnansie 7 van daardie jaar vervang is. Dat hierdie reëling ook van krag gebly het, is verstaanbaar omdat die Britse goewerneurs uit die Anglikaanse kerklike wêreld afkomstig was, waar die koning die hoof van die staatskerk en die biskoppe deel van die regering was. Nieteenstaande die feit dat De Mist se "Provisionele Kerkenorde" voorsiening gemaak het vir die kerk om homself deur middel van 'n eie sinode of algemene kerkvergadering te bestuur, wat dan ook van 1824 plaasgevind het, het die goewerneur se reg in kerksake so verskans gebly dat dit Kleynhans noop om te sê: (Kleynhans 1956 : 52):

> "... dat die sinode in teorie die hooste gesag in kerksake was, terwyl die goewerneur dit in die praktyk was."

Hoewel Artikel 9 van die eerste Kerkwet van die Kaapse Kerk, die "Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsch Hervormde kerk in Zuid-Afrika", gelui het dat die "hoogste directie der Hervormde Kerk" by die Algemene kerkvergadering berus, het die goewerneur na aanleiding van die reglement die reg gehad om die besluite van die sinode nietig te verklaar as hy hom nie daarmee kon vereenselwig nie. (Acta Synodi : 335).

Dieselfde gees word in Artikel 11 en 12 weerspieël. Artikel 11 lui:

> "De algemene Kerk Vergadering niet kunnende beslissen, in het laatste resort: de zaken, daar mindere Kerkbesturen behandeld, en in cas van appèl voor deselve gebracht, neemt haar laatste recours tot het alhier bestaande Gouvernement."

Aan die owerheid word in Artikel 12 nog meer regte toegeken. Artikel 12 bepaal:

> "Die Algemeene Kerk Vergadering ontwerpt Kerkelyke Reglementen en verordeningen, en draagt dezelve voor aan het Gouvernement ten fine van Sanctie."

Selfs die tug was aan die goedkeuring van die goewerneur onderworpe. Artikel 10 wat oor die tugreg handel, moet gesien word teen die dubbele posisie wat predikante in dié tyd beklee het en die feit dat die goewerneur kerkraadslede moes aanstel. Predikante was die geestelike leiers in gemeentes, maar terselfdertyd was hulle ook staatsbesoldigde amptenare en dit het meegebring dat die goewerneur seggenskap moes hê wanneer oor hulle gekla is.

> "Hoewel die sinode dus in die kerklike lewe as die 'hoogste' gesag aanmerk gestaan het, was die werk van hierdie liggaam aan die goedkeuring van die goewerneur onderworpe, sodat die goewerneur eintlik in praktyk die hoof van die kerk was." (Kleynhans 1956 : 54).

Met die "Algemeen Reglement" van 1824 is dit duidelik dat daar nog geen sprake daarvan was om die noue verbondenheid van die kerk aan die staat los te maak nie. Inteendeel, deur sy eie besluite het die kerk sy onderhorigheid kerklik aanvaar en voortgesit. Hieruit kan 'n mens aflei dat die Calvinistiese ideaal en beginsel dat die staat of owerheid geen seggenskap in kerklike sake behoort te hê nie, nie lewend was nie. Die noue verbondenheid aan die staat, is as gevolg van die lang tradisie van onderworpenheid nie as beperking aangevoel nie. Hierdie patroon sou nog lank in die kerklike en volkslewe nawerk, selfs ook onder die Voortrekkers in Natal, die Vrystaat en Transvaal want "die Voortrekkers (het) ook van niks anders as 'n staatskerk geweet nie." (Spoelstra 1963 : 4).

Hierdie noue verbondenheid en omskrewe onderworpenheid van die kerk aan die staat sou nog in 'n sekere sin aanvaarbaar gewees het as 'n funksionele verhouding, so lank die staat en owerheid deur dieselfde geloofs- en godsdienstige oortuigings as die kerk gedra is. Met die Engelse oorname van die Kaap is die kerk egter, feitlik as staatsdepartement, onderworpe aan 'n Engelse goewerneur en maghebber wat in 'n volkome ander

godsdienstig-kulturele leefwêreld geleef en geregeer het as dié van die kerk met sy ampsdraers en lidmate. Vir sover die Engelse goewerneurs, wat as outokrate aan die Kaap geregeer het, gelowige Christene was, was hulle lidmate van die Anglikaanse Kerk wat teologies en struktureel ver verwyder was van die kerk aan die Kaap wat op die lees van die Nederlandse Calvinisme geskoei was. Spoelstra sien dit soos volg: (Spoelstra 1963 : 34).

> "Soos die Engelse Koningin hoof is van die Anglikaanse kerk, so sou die Engelse Goewerneurs voortaan as hoofde van die Hervormde Kerkgenootskap optree."

Dit het meegebring dat die kerk beslis in 'n onbenydenswaardige posisie was en dat die kerk, soos tydens Somerset se bewind, vir politieke en kulturele oogmerke misbruik kon word. Dit sou ook in die Kaapse Kerk baie lank duur voordat die onderhorigheid van die kerk aan die owerheid beëindig sou word. Soos Kleynhans dit stel: (Kleynhans 1956 : 103).

> "Die voortgesette stryd van die kerk vir sy regte loop uit op Ordonnansie nommer 7 van 1843. Daarmee word die vryheid van die kerk in teorie erken, maar dit bring nie algehele vrymaking mee nie ... So word die kerk opnuut aan die owerheid ondergeskik geplaas."

Uiteindelik is die situasie finaal beeïndig met die herroeping van Ordonnansie nommer 7 – 1843 in 1961.

Tot en met 1814 was die Kaap se toekoms nog enigsins in die weegskaal en het die Engelse bewind hom nog min of meer gehou aan die Akte van Oorgawe van 1806 en nie veranderings aan die bestaande strukture en regte gemaak nie. Met die Konvensie van London in 1814, toe die Britse gesag oor die Kaap finaal bevestig is, het die gesindheid van die Engelse owerheid ook verander. Tiperend van die nuwe bedeling was Lord Charles Somerset wat van 1814–1826 goewerneur aan die Kaap was. Met vaste hand het hy 'n verengelsingsproses in die Kolonie aan die gang gesit waarin hy nie alleen die staatsdiens nie, maar die totale gemeenskap, onder andere die kerk en die skole wou probeer verengels. Die plan van Somerset was om 'n gehoorsame en gedienstige garde predikante in die Kolonie in te voer om lidmate met Engels vertroud te maak en die kerk as instrument van sy verengelsingspoging te betrek. Wanneer die tekort aan predikante aktueel

begin raak binne die tweede en derde dekade van die negentiende eeu, gee dit hom die geleentheid om dr G Thom, 'n predikant van die Skotse kerk wat voorheen in Suid-Afrika namens die "Londonse Sendinggenootskap" sendingwerk gedoen het, in 1818 as leraar van Caledon aan te stel. Deur bemiddeling van dr. Thom slaag Somerset daarin om in die jare 1822 tot 1824 ook die dienste van die volgende Skotse predikante vir die Kaapse Kerk te verkry: di. A Murray, A Smith, W Thomson, H Sutherland en C Fraser. Later sou nog meer Skotte volg, as leraars sowel as onderwysers. Die Skotse predikante is veral in die vakante gemeentes in die grensdistrikte geplaas, "for the purpose of facilitating the acquirement of the English Language to all classes of society." (Spoelstra 1963 : 36).

Hoewel die maatreël die predikante-tekort verlig het, het die benoeming van die Skotse predikante vroeg reeds 'n weerstand by die Afrikaanse lidmate gewek. Die ontevredenheid het selfs tot by Somerset deurgedring, soos blyk uit 'n brief wat hy in 1825 aan Bathurst skryf: (Scholtz 1970 : 132).

> "... the fact is that members of the Scottish clergy have of late years poured into the Colony so abundantly that a feeling has been excited amongst colonists which I lament to see arise."

Ten spyte van hierdie teenkanting van die Afrikaner teen die invoer van Skotse predikante is daar hiermee volgehou. Dit was ook betreklik maklik, want op daardie stadium was daar aan die Kaap nog geen sentrum vir die opleiding van predikante vir die kerk nie. Vir die owerheid wat moes kies tussen die invoer van Skotse of Hollandse predikante, was die keuse verstaanbaar. Die resultaat van hierdie beleid het tydens die Sinode van 1834, op die vooraand van die Trek duidelik geblyk. Van die 22 predikante wat aanwesig was, was 12 uit Skotland afkomstig. Alhoewel hierdie predikante geestelik en kerkregtelik 'n belangrike bydrae op die kerklike akker gelewer het, sou hierdie poging tot verengelsing van die kerk en die swaar belading van die Sinode met Skotse predikante in die dekade wat kom, egter ook nadelige gevolge vir die kerk in Suid-Afrika inhou. Met hulle toegeneentheid teenoor die owerheid, waarvan hulle destyds feitlik amptenare was, het die Skotse predikante vervreemding gebring teenoor die groot aantal lede van hulle gemeente wat alle vertroue in

daardie regering verloor het. Die Kaapse Kerk het ook die Britse owerheid in sy propaganda-veldtog teen die Groot Trek gesteun. In hierdie lig moet die Herderlike Skrywe van 1837, waarin die Kaapse Kerk die Groot Trek veroordeel het, gesien wrod. Hierin het veral die Skotse predikante 'n belangrike rol gespeel, omdat hulle die wese van die Trek en die siel van die Afrikaner nie kon begryp nie. Dit het daartoe meegewerk dat die Kaapse Kerk in die teenoorgestelde rigting as die Afrikaanse nasionale ontwaking beweeg het en dat die Voortrekker sy predikante en sy kerk van belangeloosheid en politieke partydigheid verdink het. Die volgende tipering kan as korrek aanvaar word:

> "... bly dit waar dat, met uitsondering van enkele lede, die Sinode geen begrip gehad het van die vryheidsideaal wat uit die realiteit van die koloniale bewind ontspruit het nie, en ook geen oog vir die nasionale bewussyn wat besig was om tot ontplooiing te kom nie ... Ook is dit waar dat die griewe van die grensboere nooit werklik grondig ondersoek is nie, sodat dit ook nooit in hulle ware gedaante voor die aandag van die kerk gekom het nie, maar meer in karikatuur." (Kitschoff 1972 : 61).

Hier lê seker die oorsprong van die verwydering tussen die Kaapse Kerk en die Voortrekkers wat verder as gevolg van die Voortrekkers se jarelange verlies aan kontak met die kerk in die Kaapkolonie die weg vir die latere uiteengaan van die Afrikaanse kerke sou baan.

2. Die naam van die kerk

Enige leser van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing sal weet dat daar in die verlede hewige polemieke gevoer is oor die bestaansreg van die drie Afrikaanse kerke. In hierdie polemieke het die verdedigers van die verskillende kerke dikwels die regmatigheid van hulle saak probeer bewys deur aan te toon dat "Gereformeerd" of "Hervormd" die korrekte benaming vir die kerk in Suid-Afrika sou wees. Dat hierdie twee benaminge geen belangrike invloed op die kerklike geskiedenis tot 1865 uitgeoefen het nie, staan vas. Daar sou wel later 'n twis rondom die kerknaam ontbrand. Maar dit sou eers in 1865 rondom die figuur van ds FL Cachet in Transvaal ontstaan, amper 30 jaar nadat die

Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het. Tog, ter wille van latere beredenering kan die volgende opgemerk word oor die naam van die kerk in Suid-Afrika, vir sover dit op hierdie publikasie van toepassing is.

In dié verband kan daarop gelet word dat 'n naam altyd ten doel het om mense asook dinge van mekaar te onderskei. So was dit van die begin af, ook in die Bybelse gedagtewêreld. Die eerste mens het nie 'n persoonsnaam nodig gehad nie. Hy was alleen en kon nie met andere verwar word nie. Daarom heet hy eenvoudig net mens. Eers toe die menslike geslag vermeerder het, het 'n behoefte aan 'n eienaam vir elkeen afsonderlik ontstaan om verwarring te voorkom. Die Christelike kerk het aanvanklik ook nie 'n eienaam gehad nie, want daar was maar net één kerk. Aan hierdie kerk is geen naam nie, maar net kwaliteite toegeken. So word die kerk die heilige, algemene Christelike kerk genoem.

Gedurende die Middeleeue het daar in die kerk oor geheel Europa 'n verval en ontaarding gekom. Die pousdom het al hoe sterker daarna gestreef om die hele wêreld en ook die burgerlike owerhede te oorheers. Die geloof is verloën en in die geestelike lewe het verval ingetree. As verset teen hierdie verwording en verwêreldliking van die kerk het die Kerkhervorming van die sestiende eeu plaasgevind. Onder leiding van manne soos Luther, Zwingli, Calvyn, Beza, Knox, Bullinger en andere, is die dwaalleer wat die kerk gedurende die Middeleeue binnegekom het op grond van die Skrif teengestaan en uitgewerk. Onder die vaandel van "Protestante", 'n woord wat teruggryp na die Ryksdag van Speyer 1529 waar die nie-Roomse vorste 'n protes indien, is teruggegryp na die regte prediking van die Woord van God en die bediening van die sakramente volgens die instelling van Christus. Die vervalle en ontaarde kerk is gesuiwer en skoongemaak. Hierdie optrede staan in die geskiedenis as die "Hervorming" of "Reformasie" bekend; name wat weer wil aandui dat die kerk hervorm of gereformeer is. (Bakhuizen van den Brink 1967 : 11).

As daar dan van 'n hervormde of gereformeerde kerk gepraat is, was die woorde nie as eiename bedoel nie. Hierdie wisselterme wou alleen sê dat die godsdiens van die kerk gereformeer is, en in sy geheel hervorm is, dat dit van die Roomse en pouslike dwaalleer gesuiwer is.

Die gereformeerde Protestantisme as 'n aanduiding van die volgelinge van Calvyn in onderskeiding met die Lutherane, het

vanaf die tweede helfte van die sestiende eeu sy weg na verskeie oorde gevind en homself onder baie volke gevestig. Dit het versprei oor die grootste gedeelte van veral Wes-Europa en vind ook 'n vaste staanplek in Nederland, vanwaar dit met die volksplanting deur Jan van Riebeeck na Suid-Afrika kom.

Die kerk wat só op Nederlandse bodem georden is, het vir byna twee eeue geen vaste naam gehad nie. So gebruik die acta van die Sinode in 1571 die naam: "De Nederlandsche Kercken die onder't Cruys sitten." Die acta van die Nasionale Sinode van Middelburg in Nederland noem die eerste kerkordening in 1581: "Kerkordeninghe inden generalen Synode der Nederlandtsche Kerken." In die acta van die Sinode van Dordrecht lees ons: "Kerken Ordeninghe gesteldt in de Nationaale Sinode der Gereformeerde Kerken te zamen beroepen ... binnen Dordrecht in de Jaaren 1618 en 1619." In die "Redelijke Godsdienst" derde deel, bladsy 394 van Willem í Brakel, gebore 1635, verskyn: "Grafschrift ter gedachtenis van den eerwaarden heer ds Wilhelmus í Brakel in zijn lewen getrouw uitdeler der verborgenheden Gods,in de Hervormde gemeente van Jesus Christus te Rotterdam." Op die volgende bladsy lees ons weer van ds A Brakel as dienaar in die Gereformeerde Gemeente te Rotterdam. Hier word dieselfde gemeente Hervormd en Gereformeerd genoem.

Ook van verskillende skrywers uit dié tyd sien ons dat die name Hervormd en Gereformeerd naas mekaar gebruik word. So maak die historikus PC Hoofd, gebore 16 Maart 1581, in sy werk "Nederlandsche Historie" van beide benamings gebruik.

Hierdie situasie in Nederland, waar die kerk en sy leer, "Hervormd" of "Gereformeerd" genoem word, eindig eers rondom die tyd van die Franse Rewolusie. Die leuse van Vryheid, Gelykheid en Broederskap as die natuurlike reg van elke mens om te dink, te praat en te stem soos hy wil, het sowel in die kerk as in die staat sy invloed laat geld. So is daar verdraagsaamheid teenoor afwykende godsdienstige beskouings gepropageer. Gevolglik is al die groepe en sektes wat hulleself as kerke beskou het, maar deur die Nederlandse kerk en die owerheid gedurende die sewentiende eeu as sektes beskou is, voortaan as kerke erken. Nou was daar nie meer net een kerk nie en as gevolg van die veelheid van kerke moes elkeen van daardie kerke ook eiename kry om hulleself teenoor die ander af te baken. Die eienaam wat

die ou historiese Nederlandse kerk met sy hervormde godsdiens of gereformeerde religie aangeneem het, was Hervormd.

In 1816 het koning Willem I van Nederland 'n nuwe kerkorde laat opstel en daarin is die naam van die kerk in Nederland amptelik as Hervormd vasgestel. (Vergelyk Hanekom 1951 : 50). Hoewel Hervormd en Gereformeerd taalkundig dieselfde beteken, kan 'n mens aanvaar dat Hervormd as suiwer Nederlandse woord algaande verkies sou word bo die vernederlandse Franse woord gereformeerd, afgelei van *l'Eglise réformée* – die naam van die Calvinistiese kerk in Frankryk.

Op die voetspore van Nederland kan ons die naam van die kerk in Suid-Afrika volg. Net soos in die Nederland vind ons in ons eie vaderland dat die kerk wisselend gereformeerd en hervormd genoem word. In 'n formuliergebed wat deur Jan van Riebeeck op 30 Desember 1651, voor sy vertrek uit Holland saam met sy manskappe gebid word, kom die naam Gereformeerd voor. Maar in die dagverhaal van Jan van Riebeeck onder dagtekeninge 8 April 1652 lees ons weer: (Wolmarans bladsy 17).

> "Magt Uwe ware hervormde Godsdienst onder de brutale inwoners vandit land bekend worden."

Wanneer daar op 23 Augustus 1665 vir die eerste maal lede van die kerkraad in Suid-Afrika bevestig word, moet die bevestigde broeders erken dat die belydenis van die Gereformeerde Kerk met God se Woord ooreenstem.

Die oudste gedrukte preek in ons land, gehou op 16 Januarie 1743 en na aanleiding van Jesaja 45:1–8 deur ds. Wilhelm van Guidt, verskyn met die toestemming of "approbatie" omdat die preek bevind is om nie in stryd te wees met die leer van die "Hervormde Kerk" nie. (Dreyer bladsy 23).

Soos dit in Nederland gesteld was, so ook in Suid-Afrika. Teen die einde van die agtiende eeu en in die begin van die negentiende eeu is die naam "Hervormd" die oorheersende. So sien ons dat gedurende Desember 1803 die Evangeliese Lutherse Gemeente 'n memorie rig aan "JW Jansens, Goewerneur en Generaal en Chef, benewens Raaden van Politie aan die Kaap de Goede Hoop" oor kerklike aangeleenthede waarin gevra word vir vasstelling oor hulle regte as Lutherse gemeente, net soos by die Hervormde gemeente in gebruik. In hierdie memorie word gekla

dat die Lutherse gemeente nie dieselfde regte as die Hervormde gemeente het nie, verwysend na "eene op den 23 January 1781 in den Raad van Politie goedgekeurde overeenkomst met den Eerw Kerkenraad der Hervormde gemeente alhier treffende." (Dreyer 1936 :4).

So noem ook die kerkraad van die gemeente van Kaapstad homself in 'n memorie aan Kommissaris De Mist op 9 April 1804, "Hervormd". Hierdie memorie begin soos volg: (Dreyer 1963 : 4).

> "Den kerkenraad der Hervormde gemeente deser steede ..."

en dit eindig ook:

> "Heyl en eerbied, den Kerken Raad der Hervormde gemeente deeser stede ..."

Geen wonder dan dat in antwoord op hierdie twee versoekskrifte, kommissaris JA de Mist in sy "Provisionele Kerken-orde voor de Betaafsch Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop", uitgevaardig op 25 Julie 1804, die kerk "Hervormd" noem nie. Artikel 20 lui: (Dreyer 1936 : 12).

> "Het Hervormd Kerk genoodschap bij verre het talrykste en ten platten Lande in dese Volksplanting het eenigste sijnde ..."

Dit kan net opgemerk word dat hierdie kerkordonnansie van De Mist die gevolg was van die memorie van die kerkraad van Kaapstad. Omdat die kerkraad homself "Hervormd" noem, gebruik De Mist hier ook die naam "Hervormd". Dit is nie so dat De Mist hier 'n nuwe naam vir die kerk kom gee of kom afdwing, soos sommige historici wil beweer nie. "Hervormd" is die naam wat die kerk homself gegee het en wat algemeen gebruik was.

Wanneer, op 2 November 1824, die eerste Algemene Kerkvergadering op Suid-Afrikaanse bodem bymekaarkom, ontwerp hy by daardie geleentheid die "Algemeen Reglement voor het Bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika." Die eerste amptelike naam wat die kerk dra, is dus "Nederduitsch Hervormd."

In 1842 egter, dit wil sê sowat ses jaar na die Groot Trek, word die naam Hervormd offisieel na "Gereformeerd" verander. In die notule van daardie Sinode lees ons: (Engelbecht 1965 : 37).

"Tot de overweging der wetten overgaande, word Artikel 14 aangenomen met uitlating van zoo wel als 'Synode', en 'Hervormde' verander in 'Gereformeerd'."

Die byna terloopse vermelding van dié verandering wys tog daarop dat dit hier nie gegaan het om 'n ingrypende saak waarvolgens dié twee woorde verskillende inhoude sou hê nie.

Dit val op dat in daardie jare daar geen vastigheid in die gebruik van die naam van die kerk was nie. Na die amptelike vasstelling van die naam in 1824 kry ons enkele gevalle waar kerkrade hulleself "Gereformeerd" noem. Net so ook na die naamsverandering in 1842 sien ons dat die Kaapse Kerk homself dikwels nog "Hervormd" noem. Op die doopseëls van die gemeente van Kaapstad bly die naam "Nederduitsch Hervormd" tot in 1871. Op die sertifikate wat by geloofsbelydenis uitgereik is, word die naam "Hervormde Kerk Kaapstad" tot in 1885 gedruk. In 'n Ringsbesluit van 13 Oktober 1846, in verband met 'n verslag van ds Krige word die Kaapse Kerk nog "Hervormd" genoem.

Selfs in die Ondertekeningsformulier wat nuwe predikante moes onderteken, is die Kaapse Kerk tot in 1873 nog "Hervormd" genoem.

Ook onder die Voortrekkers vind ons nie 'n eenvormige gebruik van die kerknaam nie. Aangesien die Groot Trek plaasvind terwyl die amptelike naam van die kerk "Hervormd" was en dit dus vanselfsprekend is dat die naam deur die Trekkers geken, geliefd en baie gebruik is, vind ons ook dat hulle dikwels die naam "Gereformeerd" en selfs ook ander name vir hulle kerk gebruik het. Eerwaarde Erasmus Smit gebruik byvoorbeeld graag die woord "Gereformeerd" as hy van die kerk praat. Tog skryf hy ook op 11 Junie 1837 van die "Hervormde Gereformeerde Nederduitsche Geloofbelydenis". Die gemeente van Pietermaritzburg maak van nie minder nie as twaalf verskillende name gebruik, onder andere, Duitsch Gereformeerde Gemeente, De Hollandse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Calvinistiese Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk. (Besselaar 1927). Daar bestaan géén eenvormigheid in die gebruik van die kerknaam nie.

Aangesien beide benamings Hervormd én Gereformeerd, sowel in die Kaapse Kerk as deur die Voortrekkers deurmekaar sonder onderskeid gebruik is, wys dit na net een saak: Die naam

van die kerk was nie 'n probleem nie. As die Voortrekkers hulle kerk "Hervormd" of "Gereformeerd" noem, verwys hulle nie na twee verskillende kerke nie, maar na dieselfde kerk wat hulle deur hulle Protestantse erfenis van Nederland ontvang het. Dit was maar twee name wat vir presies dieselfde saak gebruik is.

Literatuurverwysings

Acta Synodi. Kaapse Kerk-Argief, S1/1.

Bakhuizen van den Brink, JN 1967. *Handboek der Kerkgeschiedinis,* Derde Deel. Den Haag. Bert Bakker, Daamen N.V.

Besselaar, P 1927. *Die Afrikaner 11 Maart 1927.*

Dreyer, A 1936. *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1804–1836.* Kaapstad. Nasionale Pers.

Dreyer Joh. *Hervormd as Kerknaam gehandhaaf.* Pretoria, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Engelbrecht, SP 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria. HAUM, JH de Bussy.

Engelbrecht, SP 1965. *Album vir die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika.* Pretoria. HAUM.

Hanekom, TN 1951. *Dié Liberale Rigting in Suid-Afrika, Deel 1.* Stellenbosch. CSV.

Jooste, JP 1946. *Die verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap.* Bloemfontein. Sacum.

Kitschoff, MC 1972. *Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen, Kaapse Predikant uit die negentiende eeu.* Groningen. VRB Offsetdrukkerij.

Kleynhans, EPJ 1956. *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanje, 1652–1795.* Potchefstroom. Gepubliseerde Proefskrif.

Rutgers, FL 1889. *Acta van de Nederlandse Synoden der Sestiende eeu.* Den Haag. Kemink.

Scholtz, GD 1970. *Die ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel II, 1806–1854.* Johannesburg. Voortrekkerpers.

Spoelstra, B 1963. *Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760–1899.* Kaapstad. Nasionale Boekhandel BPk.

Wolmarans, ADW. *Historiese Feiten, Deel II.* Pretoria. Wallachs Bpt.

Hoofstuk 2

Die Voortrekkers

1. Inleidende opmerkings

Dit is vandag vanselfsprekend dat ons die terme "Voortrekkers" en "Groot Trek" gebruik om diegene aan te dui wat die Kaapkolonie in 'n groot beweging gedurende 1836–1838 verlaat het. Hierdie begrippe tref ons egter eers teen die einde van die sestigerjare van die vorige eeu aan om die trek uit die Kaapkolonie aan te dui. Tydens die trek self is terme soos "reizigers", "Uitgewekenen", "landverhuizers" en veral "Emigrante" en "Emigrasie" baie meer aan die orde van die dag. (Van Jaarsveld 1974 : 4).

In hierdie publikasie word naas tydgenootlike begrippe veral van "Voortrekkers" en "Groot Trek" gebruik gemaak.

2. Geografiese aanduiding en hoofoorsake van die Groot Trek

Die groep mense wat as die Voortrekkers bekend staan, moet baie duidelik onderskei word van die "trekboer-beweging" wat veral teen die middel van die twintigerjare van die negentiende eeu 'n aanvang geneem het. Die trekboere was veeboere wat periodiek die gebied ten noorde van die Oranjerivier besoek het, hoofsaaklik omdat hulle weiveld en water vir hulle groeiende veestapel gesoek het. Verder het die langdurige droogtes in die Noorde van die Kaapkolonie gedurende die twintiger- en dertigerjare baie trekboere noordwaarts gelok. Omdat dit vir hulle moeilik was om heen en weer te verhuis, het van die trekboere hulle op groot skaal tot by die Modderrivier begin vestig. Hierdie mense het bloot om stoflike redes die binneland ingetrek. Staatkundig en kerklik het hulle steeds die oë suidwaarts vir hulp en versorging op die Britse regering gerig. Hulle was oor die algemeen getroue

onderdane van die Britse owerheid aan die Kaap, ook "lojaliste" genoem, wat alleen buite die Kolonie gewoon het omdat hulle "door nood gedreven bestaan voor hul vamieljes (moes) vinden". Op 3 Augustus 1842 het hulle leier, Machiel Oberholster en 192 mede-ondertekenaars 'n versoekskrif aan die Kaapse owerheid gerig waarin hulle vra "om ons nimmer anders te willen aanmerken als Britsche onderdanen die nimmer de Kolooni hebbe verlaten enige muiterij tegen Haare Maajesteits Goverment te ondernemen."

Die Voortrekkers daarenteen was daardie groep Afrikaanssprekende grensboere wat vanuit die Britse Kaapkolonie na aangrensende gebiede in die noorde en noordooste getrek het, "sonder die bedoeling om ooit terug te keer."

Dit was 'n doelgerigte groep mense wat om definitiewe redes en met 'n vaste voorneme om hulle vryheid elders te gaan soek, die Kaapkolonie verlaat het. In teenstelling met die trekboere het die Voortrekkers 'n bewuste afwerping van die Britse onderdaanskap ten doel gehad en wou hulle buite die grense van die Britse gebied 'n nuwe volksplanting of nedersetting met 'n eie regering in 'n eie staat stig.

Dit moet duidelik gestel word dat die meerderheid Afrikaners in die Kaapkolonie nie tydens die Trek uit die Kolonie getrek het nie. Dit was hoofsaaklik boere van die Oos- en Noordoosgrens van die Kaapkolonie wat deur besondere omstandighede Voortrekkers geword het. Die mense het hulle in 'n krisis bevind en voor 'n onsekere toekoms gestaan. "'n Keuse tussen voortbestaan en ondergang moes, volgens hulle insigte, gedoen word." (Van Jaarsveld en Scholtz 1966 : 38–39). Voortbestaan het beteken om onder Britse gesag weg te kom.

Die omstandighede wat tot die emigrasie van die Afrikaner uit die grensdistrikte aanleiding gegee het, is veral deur CFJ Muller grondig ontleed. (Muller 1969 en 1974). Vir die doeleindes van hierdie publikasie word nie verder hierop uitgebrei nie. Tog moet vermeld word dat dit veral die ingryping van die Britse owerhede in die Afrikanerboer se lewensbestaan en lewensbeskouing was, wat tot die ontwikkeling van genoemde geestesgesteldheid bygedra het. Onder die invloed en druk van die destydse Europese humanistiese en liberale politiek en sosiale denkbeelde het die Britse beleidmakers die diversiteit van die Kaapkolonie se veel-

volkige samelewing geïgnoreer. Ten spyte van die etnologiese, godsdienstige, kulturele, maatskaplike en beskawingverskille het hulle dieselfde verhoudingsbeleid op die Kaapkolonie afgedwing as wat vir die ontwikkelde Wes-Europese beskawing praktiese politiek was. Daardeur is mense- en volkereverhoudings ernstig versteur en het 'n vertrouenskrises tussen Afrikanergrensboer en die Britse owerheid ontwikkel.

Die ingrypende veranderinge in die Kaapkolonie is veral bewerkstellig deur die emansipasie van die gekleurdes, die grondige hersiening van die paswette, die slawebeskermingswette, die afkondiging van Engels as amptelike taal, die beëindiging van die semi-verteenwoordigende plaaslike bestuursliggame en die proklamasie van Ordonnansie 49 en 50 van 1829, waar die blanke heer gelykgestel word met sy gekleurde kneg en na 1834 met sy slaaf. Sulke wetgewing het die blanke grensboer as 'n vertrapping van sy regte en tradisies beskou. Dit het die grensboer diep gegrief dat beslissings wat hom intiem geraak het, veral ten opsigte van die Nie-Blanke, geneem is sonder om hom te raadpleeg. Omdat die sosiale struktuur van die grensboere deur gelykstellingswette ondermyn is, het heftige reaksies gevolg. Gelykstelling tussen blanke diensheer en gekleurde werknemer is as 'n vernedering beskou. Die geloof het posgevat dat onder die Britse regering die reg alleenlik vir die Nie-Blanke bestaan en dat daar teen die Blankes gediskrimineer word.

Hiermee saam het die ellendige ekonomiese lewenstoestand wat bogenoemde wetgewing veroorsaak het tot gegriefdheid en ontevredenheid van die Afrikaner bygedra en het dit uiteindelik tot wantroue aanleiding gegee. "Daar was wantroue in die regering wat toelaat dat hulle verlore vee in die besit van Xhosa-stropers en ander rowers bly; wantroue in die regering se verdraagsame en onrealistiese houding teenoor die grensstamme. Daar was wantroue in die regering se bereidwilligheid en vermoë om hulle te beskerm of hulle besittings te waarborg, wat onvoldoende troepe vir hulle verdediging gestel het, wat hul kruitvoorraad in gevaarlike tye beperk het en wat blykbaar onverskillig gestaan het teenoor die ruïnering en uitwissing van die blanke grenspionier. Daar was wantroue in 'n regering wat hulle huishoudelike dissipline oor werknemers ondermyn en dit oorgedra het aan moeilik bereikbare magistrate, in die morele kode van 'n regering wat hulle met slawekompensasiegelde "gekul" het, in 'n

regering wie se plaaslike amptenare onvoldoende en of onbevoeg of onmagtig of onwillig was om hulle belange te behartig en die grensadministrasie in chaos laat verval het. Daar was wantroue in 'n regering wat hulle in 'n toestand van onsekerheid, onveiligheid, onrus en vrees gedompel het en hulle weerloos teenoor hulle fisieke en ideologiese vyande gelaat het." (Duvenhage 1981 : 19).

Gaandeweg het die verbittering en wantroue oorgegaan in afkeer, verset en weersin in die Britse bewindhebbers. Daarby het die ellende wat die Sesde Grensoorlog veroorsaak het, asook die onregverdige blaam van die kant van die owerheid dat die grensboere die invalle sou veroorsaak het, die gemoedere verbitter. "Such then are the feelings of the Colonists; . . . a bitter hatred of the English, nationally and individually, has arisen and now exists generally throughout the settlement . . ." Uit hulle gemeenskaplike herinneringe aan die herhaalde invalle en gebrek aan beskerming het 'n vrees ontwikkel dat dit in die toekoms weer sal gebeur. Daarom wou die grensboere trek en 'n eie staat stig met 'n eie regering, waar sodanige toestande geskep sou word wat die griewe sou ophef en 'n samelewingsorde sou skep waarin die ondraaglike bedreiging van die bestaan, die onsekerheid en vrees vir die toekoms opgehef sou word en veiligheid, vrede en rus sou heers. Die doel was om van wetteloosheid ontslae te raak en 'n vaste orde te skep wat die land vir die nageslag sou verseker.

Segsmanne soos Piet Retief wat duidelik die redes van die Voortrekkers vir hulle verhuising aangedui het, toon aan dat die Voortrekkers weggetrek het om verlossing te soek uit die toestand van ergernis en kommer wat op die lange duur ondraaglik geword het. Vanuit Natal het die eerste Voortrekkervolksraad na dieselfde sake verwys toe hulle die redes vir hulle trek opgenoem het. (*De Zuid Afrikaan:* 1839 – 11 – 29).

> "Uit oorzaak van dagelijksche verwaarlosing en verachting van hunne Regten en voorregten, ondergane beledigingen, vernedering en bespotting in eer en reputatie, verkragting van regt van eiendom en leven genoodzaakt zyn geworden hun dierbaar Vaderland en vele hartelijke geliefde betrekkingen achter te laten."

Samevattend kan gestel word dat daar 'n same- en wisselwerking van die verskillende stoflike en geestelike beweegredes was wat

die Afrikaner-grensboer tot die besef gebring het dat sy bestaan ondraaglik geword het. Daarom het hulle getrek met die goedbegrepe en deurdagte doel, naamlik om die identiteit van 'n aparte volksgroep, te wete die "Hollandse Afrikaner" te handhaaf en te bestendig en 'n vrye en staatkundige onafhanklike staat in te rig en uit te bou waarin hulle volgens eie tradisie en onder eie wette kon leef.

Die gevolge van die Brits-koloniale owerhede se politiek wat 'n nuwe samelewingspatroon in die Kaapkolonie wou vestig, het 'n groot verwydering tussen die Britse owerheid en die Afrikaner teweeggebring. Hierdie verwydering het ook na die kerk deurgewerk en is vererger deur die optrede en invloed van die sendelinge van die "London Missionary Society". Omdat die Kaapse Kerk die Britse owerhede gesteun het, ook in hulle pogings om die Trek te stuit (Muller 1974 : 25), en omdat die predikante die wegtrekkende lidmate nie wou vergesel nie, het die Voortrekkers en hulle nasate tot aan die einde van die eeu, die nasionale betroubaarheid van die "Bovenlanders" in twyfel getrek. (Du Plessis 1898 : 191). Omdat die "gelykstellingsbeleid" van die Britse owerhede gesteun en aangehelp is deur die sendelinge van die "London Missionary Society" en omdat die Engelse sendelinge 'n afkeer gehad het in alles wat "Dutch" was, het dit by die Voortrekkers 'n weersin in die genootskaplike sending gevestig, wat soms in 'n teësin vir die hele sendingsaak ontwikkel het. (Gerdener 1934 : 9–10). Van die genootskaplike sending het hulle alleen maar "de alle jammerlijkste ervaringen" gehad.

Waar die Afrikaner aan die begin van die negentiende eeu nog alle sendelinge as sodanig goedgesind was, het die grensboere en die Voortrekkers teen 1850 nog net die Duitse sendelinge vertrou. Die Voortrekkers het duidelik teen die liberale en humanistiese sendinggenootskappe gediskrimineer uit vrees dat dié sendinggenootskappe hulle onafhanklikheid sou verongeluk. Ook teen die beleid van gelykstelling het die Voortrekkers sterk standpunt ingeneem. Uit selfbehoud het hulle reeds in hulle eerste wetgewing wal gegooi, nie net teen die "sendelinggenootskap van Engeland" nie, maar ook teen die beleid van gelykstelling van Wit en Nie-Blank. In Natal, die Oorvaalse en die Transoranjegebied, waar die Voortrekkers die geleentheid gekry het om hulle eie staatsinrigting tot stand te bring, het hulle gereël dat op sosiale, politieke en ook kerklik-godsdienstige vlak geen gelykstelling of

integrasie sou plaasvind nie. In die nuwe vaderland en sy staatsinrigting het die Voortrekkers dit so bepaal dat alleen die burger van die land burgerregte gehad het, want hulle wou ten alle koste voorkom dat dieselfde situasie in hulle vaderland sou ontstaan wat deur Ordonnansie 49 en 50 van 1829 in die Kaapkolonie geskep is.

3. Die karakter van die Voortrekkers

Met die nagaan van historiese bronne is dit opvallend om op te merk hoe 'n wye reeks van opinies daar bestaan oor die kwaliteit en karakter van die Voortrekkers. Aan die een kant staan die Engelse sendelinge wat eensydig net die belange van die Nie-Blanke kon raaksien. Daar staan ook die ander Engelse beriggewers wat die Afrikaner-grensboer en Voortrekker gemeet het aan die norme van wat in Engeland as beskaafd en wellewend beskou is. Hier lê die begin van 'n vertekende beeld van die Afrikaner-grensboer en die Afrikaner as sodanig wat 'n rol speel in die geskiedenis van Suid-Afrika en die Afrikaner. Dr. John Phillip, bekende sendeling van die "London Missionary Society", teken die Afrikaner-grensboer as 'n "born savage" wat "all the time (is) thinking how he may enrich himself by getting possession of their (die Nie-Blankes se) children and cattle ..." (Phillip: 32). Sy skoonseun, John Fairbairn, redakteur van die "Commercial Advertiser", het die Voortrekkers beskryf as 'n groep mense wat geen vaderlandsliefde of bindinge ken nie en dat die Trek "in love with adventure for its own sake" was. Volgens die "Advertiser" was die Groot Trek 'n "vlug" omdat die meeste Trekkers onkundige mense was wat 'n afkeer gehad het van kerke, howe, skole en belasting. Retief was 'n "madman" en die ander leiers onbevoeg om enigiets "formidable and permanent" in die binneland te kon bereik. Verder sou die landsverhuisers mense gewees het met 'n "rude nature" en 'n "uncontrolled self-will" wat slegs gehou het van "grazing and hunting, and mud huts ...", opstandelinge teen 'n wettige regering wat die Kaapkolonie verlaat het ter wille van 'n "lekker lewe" en 'n grondhonger – mense wat smag na "all enjoyment and no labour", na "land unlimited and without price." (*Commercial Advertiser:* 1837). Sekere Swart geskiedskrywers beskryf die Afrikaner wat deelgeneem het aan die Groot Trek as "swakkelinge wat uit vrees vir die Xhosa na die Sesde

Oosgrensoorlog, noordwaarts padgegee het", en as aggressiewe, agterlike, feodale invallers wat met sendelinge se hulp onregverdige voordele uit twiste tussen stamme behaal het. (Muller 1974 : 37).

Miskien uit reaksie téén hierdie beeld van die Voortrekkers word hulle weer van Afrikanerkant eensydig geteken as 'n stoere pioniersgeslag, onverskrokke, dapper mense wat gelei deur 'n diepe godsdienssin en hoë ideale die binnelande van Suidelike Afrika bewoonbaar gemaak het en die Christelike beskawing daar gevestig het.

Wanneer die historiese werklikheid nagegaan word, dan blyk dit dat die Voortrekkers voortreflike eienskappe sowel as swakhede, foute en gebreke geopenbaar het. As gevolg van hulle lewensomstandighede, waar elke man op sy eie plaas, redelik ver uitmekaar, sy gesin moes versorg, sy familie en besittings teen rowers en ongediertes moes beskerm, was elkeen sy eie leidsman en het almal min of meer 'n gelyksoortige lewenservaring en lewenswysheid besit en was die Voortrekkers in eie oë gelykwaardige indiwidue.

Hierdie gelykheidsgevoel het 'n gees van indiwidualisme en selfstandigheid ontwikkel wat ongevraagde inmenging moeilik kon duld en het soms op noodlottige tweespalt en twis uitgeloop, soos tydens die Trek en soms daarna gebeur het. Verder was dit duidelik dat die Trekkerboer intellektueel swak ontwikkel was. Omdat hulle wyd verspreid en ver van die bestaande dorpies gewoon het, was daar van georganiseerde onderwys feitlik geen sprake nie. Dit ook omdat van die kant van die owerheid feitlik niks gedoen is om skole op die platteland te vestig nie. Die gevolg was dat die meeste grensboere maar self vir die onderwys van hulle kinders voorsiening moes maak. Uit die aard van die saak het dit beteken dat onderwys beperk was tot die aanleer van die vermoë om te kan lees en skrywe en om 'n bietjie rekenkunde te doen. Hoewel die deursnee Trekkerkind wel deur sy ouers opgevoed is om in die Afrikanergemeenskap in te pas, was die formele onderwys wat hy ontvang het, maar elementêr. (Pelser 1950 : 30).

Aan die ander kant het juis sy isolasie die Afrikaner geleer om so veel as moontlik selfversorgend te wees. Geleer deur die lewe, in staat om feitlik alles wat hy nodig gehad het om te kan leef self te produseer of te maak, tuis in die natuur, was die Afrikaner

toegerus vir die ontbering, swaarkry en teenspoed wat dikwels kenmerke van 'n pioniersbestaan was. Hoewel nie "ontwikkeld" in die Europese sin van die woord nie, was die Afrikaner aangepas by sy tyd en omgewing en kon hy al die eise wat aan hom gestel is, die hoof bied.

Wat egter opval is dat nieteenstaande hulle afgesonderheid op afgeleë plase en gebrek aan formele onderwys en ontwikkelingsgeleenthede, die Voortrekkers op geestelike gebied nie agterlik geraak het nie. Alhoewel reeds in 1743 die vrees deur kommissaris-generaal van Imhoff uitgespreek is dat die inwoners van Suid-Afrika, as gevolg van die uitgestrektheid van die land, van die godsdiens gaan vervreem, gebeur net die teenoorgestelde. Die Bybel word die mees gelese boek in die wilde en ongetemde wêreld sonder skole en biblioteke. (Wolmarans : 192). Elke huisgesin het 'n Bybel besit en daaruit gelees. So vind ons uit 'n vroeë reisverhaal dié godsdienstige patroon op 'n afgeleë plaas: (Molsbergen 1932 : 4)

> "Die dagtaak is elke oggend net na sonsopgang met die sing van 'n psalm en die lees van 'n hoofstuk uit die Bybel begin, waar al die kinders, slawe en Hottentotte teenwoordig moes wees. In die aande het die gesin weer vergader . . . wanneer die huisvaders 'n godsdienstige oordenking uit een van sy preekboeke voorgelees het. Elke Sondagoggend is 'n plegtige godsdiensoefening gehou waar 'n besondere lang preek voorgelees is. Op Sondagmiddag het die huisvader die kinders gekatkiseer."

Dit moes die vanselfsprekende gevolg hê dat die Woord van God 'n sterk rigtinggewende en beïnvloedende faktor sou wees in die lewe van menige Afrikaanse boer. Omdat ander publikasies nie beskikbaar was nie, was die Bybel in baie huise, naas ander geestelike lektuur van die "oude schrijvers" die enigste boek en daarom het dit 'n soort "handboek" vir die Afrikaner geword en op elke lewensterrein sy gesag gehad. (Benewens die Bybel is verskeie boeke van skriftuurlike en stigtelike aard en ook liederebundels en gebedeboeke deur die boeregesin gebruik. Bekende skrywers wie se werke gelees is, is onder andere Wilhelmus í Brakel, Bernardus Smijtegeld, Coenraad Mel en A Hellenbroek). Die Bybel was "beskawingsfaktor nommer een" vir nuutgebore geslagte. Vanuit die sentrale posisie wat die Bybel beklee het, was dit vanselfsprekend dat die kinders geleer moes word om die

Bybel self te kon lees. Juis hierdie impuls het voorkom dat die Afrikaner in sy isolasie 'n analfabeet geword het. Op die Bybel aangewys, het dit die Afrikaner se leesboek geword en deur die verklaring van die Bybel deur die "oude schrijvers" is sy denke en verstaan van die Bybel gevorm. Omdat veral in die "oude schrijvers" die verbond van God met sy volk so 'n belangrike rol speel, was dit vanselfsprekend dat die Ou Testament sorgvuldig gelees is. Daarin het die Afrikaner 'n opvallende parallel tussen hulleself en die ou verbondsvolk gesien. Dit was nie so vreemd nie omdat die Afrikaners se godsdienstige opvattings deur die Calvinisme bepaal was, veral as na die volgende tipering van J Lindeboom gekyk word: (Lindeboom 1946 : 87).

> "Meer dan andere reformatorische groepen voelde het Calvinisme zich Verwant aan de gedachten wereld van het Oude Testament . . . En wat dan in dat Oude Testament die geloovigen, die snakten naar band, systeem, organisatie vooral moet hebben geboeid, was de uitbeelding van Israel als één gesloten door wet en gehoorsaamheid ontvinde groep, sterk door haar vertrouwen aan Gods geopenbaarde wil."

Tog interessant dat 'n beskrywing van die sestiende-eeuse Nederlandse Calviniste vir 'n groot deel net so op die negentiende-eeuse Afrikaanse Calvinistiese grensboer toegepas kon word.

Gevorm in sy denke deur die skrif én beïnvloed deur die geskrifte van die ou skrywers, was dit ook verstaanbaar dat die Afrikaner, wat terselfdertyd met die werklikheid waarin hy geleef het, rekening gehou het, 'n ander visie ten opsigte van die omringende Nie-Blankedom ontwikkel het as sy Engelse tydgenote wie se denke grotendeels deur filosofieë van Wes-Europa bepaal is. Soos JN Wolmarans dit stel: (Wolmarans : 192).

> "Homself beskouende as 'n moderner openbaringsdraende Israel het die Afrikanerboer wat worstel met natuur en heidendom, in die Ou Testament gelees dat Israel in sy stryd 'n uitdruklike bevel van nie-vermenging ontvang het. As Israel hom nie afsonder nie, sal hy verbaster, sal die ware geloof in gedrang kom en sal hy gestraf word. Die parallellie was vir die Afrikaner onmiddellik duidelik: hy moes nie vermeng nie en moes as blanke groep homself isoleer ter wille van die geloof. En dit het sy siening in die praktyk geword en daarom het hy nooit in die heidense massas verdwyn nie."

Dit moet gemeld word dat die godsdiensbewuste Afrikaner vroeg reeds 'n verskil tussen die Nie-Blanke heiden en die blanke Christen gemaak het. Reeds in 1678 is 'n plakkaat uitgevaardig (sien Kaapse plakaatboek I, bladsy 151) wat onsedelikheid tussen Blank en Nie-Blank aan bande wou lê. Dit het onsedelikheid tussen Blank en Nie-Blank veroordeel as 'n "schantvlek van de Nederlandse en andere Christen natien" en daarom bepaal dat persone wat hulle hieraan skuldig maak, gestraf sou word. Dit is duidelik dat die vernaamste doel van hierdie plakkaat was om onsedelikheid teen te gaan, omdat so iets teen die beginsel van die Christelike godsdiens was. Dit is egter ook duidelik dat daar bekommernis geheers het oor die feit dat mense wat tot die Christendom behoort het, onsedelik verkeer het met mense wat heidene was. Nêrens in die plakaat word na mense van 'n ander rasseherkoms verwys nie. Die heidene met wie belyers van die Christendom nie onsedelik mog verkeer nie, was egter Nie-Blankes. Hierdie feit waarop aanvanklik nie gelet is nie, het egter spoedig die hoofsaak geword. Vir die Afrikaner wat getrou aan die beginsel van sy godsdiens wou bly, het dit 'n gruwel en 'n sonde geword om sy bloed met die van 'n Nie-Blanke te meng. Voorts is die indrukke wat die Afrikaner van die Nie-Blanke gekry het, aan die harde lewe ontleen en daarop was sy houding gebaseer. Hy het die Nie-Blanke as 'n onbeskaafde wese leer ken wat geen godsdienstige waardes geken het nie en wat vir lewe en eiendom nie die minste eerbied gehad het nie. (GD Scholtz, a.w., Deel II, bladsy 213). So is die benaming "Christen" en "heiden" as sinoniem vir Blank en Nie-Blank gebruik. Daarom het die Blanke vroeg tussen hom en die Nie-Blanke 'n skeidslyn getrek wat dwarsoor al die terreine van die lewe geloop het. By die Afrikaner het die diepe besef ontstaan dat indien hulle met die heidene sou meng, dit onvermydelik tot die verdwyning van hulle geloof en volk sou lei. Geen wonder nie dat die Britse beleid van gelykstelling ernstige besware onder die grensboere ontlok het en as 'n belangrike rede vir die Groot Trek aangevoer is.

Juis vanweë sy vaste geloof en aanvaarding van die Skrif het die Afrikaner verder aan sy waardering vir die familie en huisgesin vasgehou. Daarom was die patriargale familiebeskouing, soos dit in die Bybel na vore kom en aan die Afrikaner oorgelewer is, die patroon waarvolgens hy geleef het. Die Vader was hoof en leier van die gesin en het as sodanig 'n byna absolute gesagsposisie bo

sy huisgenote gehad. As hoof moes hy geëer en gehoorsaam word. Ouerlike gesag was finaal en kinderlike gehoorsaamheid vanselfsprekend. Die resultate was 'n hegte gesinsverband en egbreuk, verpligte huwelike, te vroeggebore babas en onsedelikheid was skaars. 'n Streng maar aanvaarde dissipline en 'n gesonde gesagstruktuur aan die Bybel ontleen, het 'n welgeordende huisgesin onder die Voortrekkers tot gevolg gehad.

In sy omgang met die Bybel het hy ook geleer dat hy hulpeloos en nietig voor God staan. "Teenoor sy medemens het hy geleef as 'n selfstandige koning ... maar teenoor God was hy klein en diep afhanklik ... (Spoelstra 1963 : 25). Aan God is alles en almal onderworpe, mens en natuur en voor Hom moet almal buig.

Die grensboer het hierdie volslae afhanklikheid van God daagliks beleef in die gang van die natuur, die beskerming en bewerking van sy plaas, in die voorspoed en teëspoed van sy gesin. As dit droog is en sy graan vergaan, as plae sy ekonomiese bestaan bedreig, dan het hy daarin die hand van God gesien waardeur God die mens tot groter toewyding en verootmoediging wil bring. Hy was 'n Godvresende mens wat alles in en rondom sy lewe vanuit God se besluite verklaar het. "Daar is vas geglo dat God eenvoudig die beste weet en daarom moes die mens dit nie lydelik nie, maar positief aanvaar." Daarom moes hierdie volkome afhanklike mens hom aan God en sy wil en besluite nederig onderwerp en hom voor God se alsiende oog verantwoordelik gedra en aan Hom gehoorsaam wees. In sy godsdienstige lewe, sedelike lewe, arbeid en gedrag sou die Voortrekker daarom poog om God en sy wet te gehoorsaam.

Uit bronne blyk die grensboer se ordeliewendheid en beginselvastheid duidelik, sowel as die feit dat hulle godsdienstig en gelowig was en hulle lewe in die huislike kring sowel as in die openbaar van 'n hoë sedelike gehalte was. Hiervan getuig ook sir Benjamin D'Urban, goewerneur van die Kaapkolonie vanaf 1834, in sy skrywe aan lord Glenelg wanneer hy die Voortrekkers beskryf as "brave, patient, industrious, orderly and religious people, as incalcuble loss to the colony." (*Government House Despatch Book:* 1837–7-29). Ook die gemeente van Uitenhage verklaar in sy verslag van 1839 aan die Ring van Graaff-Reinet dat hulle getrouste kerk- en nagmaalgangers onder die mense was wat gedurende die Groot Trek die gemeente verlaat het.

Daar kan gestel word dat, nieteenstaande die foute en gebreke

wat die Voortrekkers gehad het, en al is hulle veral ook deur destydse Engelse koerante as swerwers en weglopers uitgeskel, die oorweldigende getuienis uit die geskiedenisnavorsing toon dat nederige, hardwerkende en gelowgie mense die stigters van die noordelike Boere-republieke geword het.

Literatuurverwysings

Declaratie en Protest van den Emigranten. De-Zuid Afrikaan.

Du Plessis, CNJ 1898. *Uit de geschiedenis van de Zuid Afrikaanse Republiek en van die Afrikaanders.*Pretoria – Amsterdam. JH de Bussy.

Duvenhage, GDJ 1981. *Van die Tarka na die Transgariep.*Pretoria-Kaapstad-Johannesburg. Academica.

Gerdener, GBA 1934. *Ons kerk in die Transgariep; Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Natal, Vrystaat en Transvaal.*Kaapstad. Nasionale Pers.

23/11 D'Urban aan Glenelg, 29–7-1837.

GH Despatch Book.

Wolmarans, JN. *Die Invloed van die Godsdiens op die vorming van die Afrikaanse karakter. Hervormde Teologiese Studies,* Jg 25, (3 en 4).

Lindeboom, J 1946. *De Confessionele ontwikkeling der Reformatic in de Nederlanden.* Den Haag.Marthinus Nijhof 's Gravenhage.

Molsbergen, G. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche Tijd 1652–1806, Deel IV.*Lindschoten Vereniging, 1916–1932.

Muller, CFJ 1969. *Die Britse Owerheid en die Groot Trek.*Pretoria en Kaapstad: Academica.

Muller, CFJ 1974. *Die oorsprong van die Groot Trek.*Kaapstad: Tafelberg.

Pelser, AN 1950. *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, Wordingsjare.*Kaapstad – Amsterdam. AA Balkema.

Phillip, J 1828. *Researches in South Africa I.*London. Duncan.

Scholtz, GD 1970. *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel II, 1806–1852.*Johannesburg: Voortrekkerpers.

Spoelstra, B 1963. *Die "Doppers" in Suid Afrika, 1760–1899.*Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Van Jaarsveld, FA 1974. *Geskiedkundige Verkenninge.*Pretoria: Voortrekkerpers.

Van Jaarsveld, FA en Scholtz, Gd 1966. *Die Republiek van Suid Afrika – Agtergrond, Ontstaan en Toekoms.*Johannesburg: Voortrekkerpers.

South African Commercial Advertiser: 4–5-1836; 11–2-1837; 2–8-1837; 5–8-1837; 14–10-1837; 4–11-1837.

Hoofstuk 3

Die emigrasie

1. Die eerste inrigting en organisasie van die Voortrekker-"Maatschappij"

By die Voortrekkers self was daar geen twyfel nie dat hulle onmiddellik na hulle vertrek uit die Kaapkolonie opgehou het om Engelse onderdane te wees en dat hulle 'n vrye en onafhanklike volk geword het wat die volste reg gehad het om 'n eie staat te vorm. So het die Natalse Volksraad self in 1841 verklaar: (Voortrekker-argiefstukke R85/41).

> "Wij hebben aanstonds, na wij Haare Majesteits grondgebied in Zuid-Afrika Verlaaten hebben onze onafhanklikheid gepubliceerd en hebben van dien tyd af tot nu als een onafhanklikelijke volk gehandel, ons zelf bestierd na onze eigene wetten en bygevolgd opgehouden Britiesche onderdanen te zijn."

Die Voortrekkers het deur uit die Kolonie weg te trek, op 'n vreedsame maar tog baie duidelike wyse te kenne gegee dat hulle hul van imperiale Engeland en alles wat dit beteken het, losgemaak het. As 'n groep mense wat in baie gevalle deur familiebande nou aan mekaar verbind was, gedra deur sterk gemeenskaplike ideale en bewus van hulle eiesoortigheid, het die Voortrekkers hulleself as 'n selfstandige volk verstaan. Hierdie grotendeels homogene "maatschappij" soos hulle hulleself genoem het, het vanweë die gemeenskaplike gevare wat hulle voortbestaan bedreig het, betreklik vanselfsprekend besef dat hulle 'n eie volk is. Hoewel daar partyskappe, groepvorming en faksies was wat sowel eendragtige optrede as 'n gelykmatige nasionale ontwikkeling gerem het, het die verdeeldheid nie verhinder dat daar spoedig, reeds in Desember 1836 aan die Trek 'n georganiseerde grondslag gegee is nie. Op 2 Desember 1836

word 'n "Burgerraad" bestaande uit Christiaan Liebenberg, Pieter Greyling, Stefaans Janse van Vuuren, Daniël Kruger en Gerhardus Bronkhorst, met Gerrit Maritz as president en Hendrik Potgieter as "leier-kommandant" verkies, wat aan die Groot Trek 'n georganiseerde vorm gee.

Teen April 1837 het die behoefte ontstaan dat nuwe bestuursreëlings so spoedig moontlik getref moes word, want naas die trekke van Maritz en Potgieter het onder andere ook die trekke van Uys en Retief hulle nou in die omgewing van Thaba 'Nchu bevind. Dit het gebeur op 'n vergadering wat gehou is op Maandag 17 April 1837 in Maritz se laer. Op daardie vergadering is Piet Retief tot goewerneur en hoofkommandant verkies en Maritz tot magistraat en president. By hierdie geleentheid word 'n nuwe bestuursliggaam deur die Trekkers gekies wat as die *Raad van Politie* bekend sou staan. Op twee na is al die bestuurslede van 2 Desember 1836 weer verkies. Potgieter se plek is egter deur Retief ingeneem, terwyl Daniël Kruger deur M Oosthuizen vervang is. Hoewel daar verskillende Trekgeselskappe was, elk met sy eie leier, moet die verkiesing van 'n eie regering gesien word as die aanduiding dat die Voortrekkers die gemeenskaplike nie op die agtergrond gestoot het nie.

Met die totstandkoming van hierdie tweede bestuur of regering van die Voortrekkers word die Groot Trek op 'n vaste grondslag geplaas wat eers wesenlik sou verander met die totstandkoming van die Republiek Natalia. Hierdie vergadering van 17 April 1837 is dus 'n baie belangrike datum in die Suid-Afrikaanse staatkundige geskiedenis. Hier word binne vier maande vir die tweede keer deur die emigrante besluit en begragtig dat hulle 'n vrye, onafhanklike volk is met eie regeringsinstansies wat los staan van die Kaapse koloniale bewind. Hierdie onafhanklike volk het nog aan die begin gestaan van hulle strewe om óók 'n eie vaderland te bekom. Dit was egter die een groot doelwit van die Voortrekkers wat hulle nie uit die oog verloor het nie. Die strewe om 'n eie vaderland te verkry, sou van die Voortrekkers groot offers eis.

2. Die houding van die Kaapse Kerk teenoor die Voortrekkers

Die feitlike gegewens wat tot beskikking is, dui onteenseglik daarop dat die Kaapse Kerk onsimpatiek teenoor die Voortrek-

kers, hulle ideale en strewe gestaan het. *Die Herderlijken Brief* van 1837 het baie duidelik die algemene standpunt van die Kaapse Kerk onder woorde gebring; gevolglik was geen predikant van die Kaapse Kerk bereid om die Voortrekkers te vergesel nie, nie tydens die Trek nie en ook nie vir 'n baie lang tyd daarna nie. In September 1843 het die eerste Kaapse predikant in Natal aangekom. Dit was dr A Faure wat na die anneksasie van Natal deur Brittanje, in opdrag van die goewerneur van die Kaap, kerklike toestande aldaar kom ondersoek het en die Voortrekkers toe nog probeer oorreed het om die anneksasie deur Engeland te aanvaar. (Sien Hoofstuk v). Die eerste Afrikaanssprekende predikant wat vanuit die Kaapse Kerk 'n beroep na Natal aanvaar het, was dr HE Faure wat teen die einde van 1852 na Pietermaritzburg gekom het. In die Oranje-Vrystaat was die eerste predikant ds Andrew Murray jr., wat in 1849 in Bloemfontein aangestel is deur sir H Smith nadat die gebied ook deur Engeland geannekseer is. 'n Engelse blad het in 1851, met verwysing na Transvaal, sy verbasing uitgespreek dat die Kaapse Kerk so lank hulle "brethren and countrymen" verwaarloos het (*The Friend of the Orange River Sovereignty, 17–2-1851*) nieteenstaande "de moeite die zij genomen hebben om eenen Leeraar te krijgen". (So het die Engelse burgers aangestip in hulle geskenk van 'n Statebybel aan Jacobus Uys in 1837). Die Kaapse Kerk was ook ongeneë om die sakramente te laat bedien aan die Trekkers wat as gevolg van hulle herderlose toestand periodiek na hulle ou gemeentes teruggekeer het en op die gebruik van sakramente aanspraak gemaak het. Die Kaapse Kerk wou selfs nie die predikante wat die Voortrekkers wou besoek, toelaat om tydens hulle reise die sakramente aan die Voortrekkers te bedien nie. Tydens die ringsittings van Graaff-Reinet in die jare 1838 tot 1840 is heelwat aandag aan die saak gegee. Die Ring van Graaff-Reinet het in die tyd van die Groot Trek uit die volgende gemeentes bestaan: Graaff-Reinet, Uitenhage, Cradock, Beaufort (Wes), Somerset (Oos), Colesberg, Balfour, Glen-Lynden en Albanie. Dat juis hierdie ring aan die probleem van die Groot Trek aandag sou moes gee, is logies, omdat die gemeentes in die ring die swaarste gely het deur die wegtrek en gevolglike verlies van lidmate.

Met betrekking tot die Groot Trek is tydens die Ringsvergadering van Graaff-Reinet in 1838 die volgende vrae deur die

Kerkraad van Colesberg vir bespreking voorgelê: (Notule, Ring van Graaff-Reinet 1838 : 8).

> "1 Hoe men handelen moet met diegenen die de Colonie verlaten hebben, en boven een jaar buiten die grenzen woonachtig zijn geweest, indien de zoodanige terugkeeren en de voorregten der Kerk eischen zouden?
> 2 Hoe men handelen moet met diegene die alhier tot Ledematen aangenomen zijn geworden nog aan de Hervormde Kerk gehecht zijn, die door armoede en andere oorzaken zijn genoodzaakt buiten de lemieten der gemeente te zwerven of te wonen?"

Na 'n lang bespreking het die ringsvergadering egter nie 'n algemene reël neergelê nie, maar tot die volgende besluit gekom: (Notule, Ring van Graaff-Reinet: 1838 : 9).

> "Dat de Ringsvergadering zich beswaard vindt wegens de bijzondere en ongehoorde omstandigheden waarin de bewoners van de gewesten aan de Noorde zijde der Oranje Rivier en buiten de grenzen der volksplanting gelegen, zich bevinden om een algemeene regel voor te schrijven, waarnaar men behoort te handelen in ieder geval welk zoude kunnen gebeuren, maar dat de Vergadering ieder Kerkenraad recommandeert om in elk bijzonder geval van dien aard waarop bedoel wordt, te handelen zoo veel als mogenlik met de grootste voorzigtigheid en tevens met Christelijke toegevendheid overeenkomstig met de bestaande wetten en gebruiken der Kerk."

Blykbaar nie tevrede oor die ring se houding nie, het ds Reid van Colesberg die volgende jaar weer dieselfde vraag voor die ring gelê, maar die ringsvergadering het nie meer gedoen as om die besluit van 1838, opnuut te bekragtig nie. Die rede waarom ds Reid dieselfde saak weer voor die ring lê, moet waarskynlik daarin gesoek word dat die besluit van die ring ingehou het dat aan die Voortrekkers by hulle periodieke terugkeer na die ringsgemeentes al die kerklike voorregte gegun moes word. Dit het nie met ds Reid se eie opvatting ooreengekom nie, maar as enkeling het hy nie kans gesien om anders op te tree nie.

Belangrik en tog enigsins merkwaardig was die besluit van die Ring van Graaff-Reinet in 1840 om twee van sy predikante wat verlof gevra het van die Kaapse goewerneur om die Voortrekkers te gaan bearbei, te belet om die sakramente aan hulle te bedien.

Op 20 November 1840 vra ds Reid toestemming en goedkeuring van die ringsvergadering om 'n "gedeelte van de Uitgetrokkene thans woonachtig langs Riet – Zand – Kaffer Revieren" te besoek. Die vergadering het sy toestemming verleen, maar met die duidelike verstandhouding dat die doel van die besoek sou wees "om alleenlik het Evangelie onder hul te verkondigen." (Notule, Ring van Graaff-Reinet 1840 : 238).

Op dieselfde vergadering van die ring het 'n soortgelyke versoek van ds Taylor van Cradock gedien. Ds Taylor het aan die vergadering 'n skriftelike toestemming van verlof voorgelê wat hy van die goewerneur ontvang het om drie maande lank afwesig te wees om die Voortrekkers te besoek, onder hulle te preek en die sakramente te bedien. Nodige toestemming is ook aan hom verleen, maar weer met die voorwaarde "dat hy aldaar de Heiligen Sacramenten niet zal uitdeelen nog lidmaten aannemen." (Notule, Ring van Graaff-reinet 1840 : 242).

Die uitdruklike voorbehoud van die ringsvergadering het dus die bediening van sakramente aan die Voortrekkers uitgesluit. Die argument word gebruik dat dit 'n vorm van sensuur was wat hier toegepas is. "Sydelingse sensuur", soos Dreyer dit noem (1929 : 27), was egter net moontlik as die Voortrekkers nog as volwaardige, hoewel dwalende lidmate, in die lig van die *Herderlijken Brief* van 1837, beskou is. Aan die ander kant kon die optrede van die Ring van Graaff-Reinet ook voortgekom het uit die besef dat die Voortrekkers, buite die grense van die Kolonie, nie meer lidmate van die Kaapse Kerk kon wees nie. Dit was dus problematies om die sakramente te bedien aan mense wat nie meer lid van die gemeente of die kerk was nie. Dan is die optrede nie meer "sydelingse sensuur" nie, maar veel eerder dat die predikante van die Kaapse Kerk geen *locus standi* onder die Voortrekkers gehad het nie.

Verskeie redes word genoem om hierdie houding van die Kaapse Kerk teenoor die Groot Trek te verklaar.

Die Kaapse Kerk was in die Kaapkolonie feitlik 'n staatskerk, gebonde aan die owerhede en daarom nie vry om te doen wat hy wou nie. As gesalarieerde amptenare van die owerheid het die predikante die staat by die lidmate verteenwoordig en moes hulle nie alleen die beleid van die owerheid onderskryf nie, maar ook help om die beleid te bevorder en uit te voer. Dit het ook gegeld ten opsigte van die Groot Trek, waar die kerk die houding van die

owerheid gehandhaaf het, naamlik "dat die koloniste wat oor die grense getrek het in opstand teen hulle wettige owerheid gekom het en dus nie die voordeel of beskerming van sy instellinge, hetsy siviel of kerklik, kon geniet nie" (Oberholster 1964 : 40), soos reeds in die optrede van ds Reid van Colesberg en ds John Taylor van Cradock geblyk het.

In *De Zuid-Afrikaan* van 22 Mei 1840 vra "Query" uit Colesberg die vraag: "Of de predikant de toediening van den Doop en die van het Heilig Avondmaal mag weigeren aan diegene die op het punt staan te emigreeren?" Daarop gee "De Leeraar van Colesberg" (ds T Reid) in die uitgawe van 5 Junie die volgende antwoord: "Het Goewernement heeft meer dan eens verklaard dat dezulken die over de grenzen der Kolonie gaan niet als Kolonisten moeten worden beschouwd, noch het voordeel of de becherming van deszelfs wetten hebben moeten." (Dreyer 1929 : 29).

Hier word ds Reid se argument duidelik: Die Voortrekkers aan die ander kant van die Oranje het hulle losgemaak van hulle staatkundige verbondenhede in die Kaapkolonie en hulle is nie meer Britse onderdane nie. Terwyl die Kaapse Kerk vanweë sy bande met die owerheid net burgers van die Kaapkolonie as lidmate kan hê, kan die Voortrekkers regtens nie meer op die voorregte van lidmaatskap aanspraak maak nie.

Wanneer sir George Napier, Britse goewerneur van die Kaap, onder andere die hulp van kommissarisse, publieke beamptes, predikante en "andere lieden van gezonde inzichten" inroep om met alle middels tot hulle beskikking "dezen razernij van Emigratie" teë te werk, reageer ds Taylor op 18 Maart 1838 met 'n preek waarin hy die Groot Trek op die vlug van Jona toepas. 'n Inwoner van Cradock het hom egter op sy verkeerde uitleg gewys: "... Onze Leeraar heeft het hier mis, want niemand van de gemeente hier is zoo onkundig, dat hij de hand des Heeren zoude willen ontvlugten. Zij willen alleenlijk maar trekken waar de heerchappij van Doctor Philip niet meer geëerbiedigt wordt." (Vergelyk *De Zuid Afrikaan:* 1–7-1838).

Hierdie noue verband van die kerk met die owerheid en sy beleid ten opsigte van die Voortrekkers is verskerp deur die feit dat die meerderheid predikante uit voeling was met die werklike toestand aan die grens. Hulle het nie besef hoeveel geweldige verliese die lidmate na liggaam en gees as gevolg van die Britse beleid gely het nie en het daarom weinig simpatie met die Groot

Trek gehad. Dr W Robertson, predikant van Swellendam en skriba van die sinode stel dat wanneer die motiewe onder "many of the poor people" ontleed word, hy oortuig is "that there exist among the majority but little ground of complaint against the Government and that they are led away by the most foolish reasons." (Dreyer 1929 : 6–8).

PB van der Watt argumenteer dat in gedagte gehou moet word dat die Groot Trek saamgeval het met die hoogtepunt van die kerk se stryd in die Sinode van 1837 om bevryding van staatsoorheersing en staatsbemoeiing. Die strewe na selfstandigheid en onafhanklikheid van die kerk kan dalk verongeluk word deur 'n dislojale houding teenoor die owerheid met betrekking tot die Groot Trek. (1973 : 14).

Dreyer noem sekere praktiese sake as moontlike redes vir die optrede van die predikante: (1929 : 1).

> "Hulle het die eerlike oortuiging gehuldig dat hoe ellendig die toestand van die mense op die grense ook was, dit vir hulle altyd nog beter was onder die Britse vlag as om hulle in die wildernis te begeef."

Verder word die argument genoem dat in gedagte gehou moet word dat daar nog altyd die verpligting was teenoor die lidmate wat agtergebly het en dat daar sogenaamd 'n "chroniese tekort aan predikante was," sodat dit begryplik sou wees dat die predikante geweier het om hulle gemeentes aan verwaarlosing prys te gee om die Voortrekkers op hulle swerftogte te vergesel met 'n aanvanklike onsekerheid oor 'n permanente en gevestigde tuiste. Hierdie argument is onjuis. In die jaar 1836 is daar drie Afrikaners as predikante gelegitimeer nadat hulle uit Nederland na Suid-Afrika teruggekom het. Hulle moes aldrie 'n ruk lank op beroep wag. Dit was HW Moorrees wat op 31–8-1835 gelegitimeer is, op 31–3-1836 "provisionally" deur die goewerneur aangestel is om tydelik op Tulbach werksaam te wees, maar eers in April 1839 'n vaste aanstelling op Riversdal kry; JJ Brink wat op 1–9-1835 gelegitimeer is, maar tot Mei 1839 moes wag toe hy aangestel is as leraar van die nuwe gemeente Bredasdorp en SP Heyns, gelegitimeer op 21 April 1836, tydelik aangestel om die dienste in Kaapstad waar te neem gedurende 'n ongesteldheid van dr A Faure, maar eers in 1839 'n vaste aanstelling in Kaapstad gekry het.

As ons let op die predikante wat na 1836 gelegitimeer is, sien ons dat van hulle lank moes wag op 'n werkkring. Ons noem die volgende: Dr A Roux: Hy is op 27–9-1838 gelegitimeer, maar kon eers in 1841 te Albanie leraar word. PB Borcherds: Hy is op 15 Julie 1839 gelegitimeer en op 1 Maart 1843 te Caledon as hulpprediker aangestel. PK Albertyn: Hoewel op 9–1-1840 gelegitimeer, moes hy tot 1–8-1844 wag voordat hy as predikant van Prins Albert aangestel is. WA Krige: Ook hy moes 'n geruime tyd op 'n gemeente wag. Gelegitimeer op 30–12-1841, is hy eers op 3–9-1844 as predikant in Victoria-Wes aangestel. JF Berrange: Hy is op 7–3-1843 gelegitimeer, maar eers op 26–10-1844 te Richmond bevestig. So was daar nog TJ van Riet en JF Reitz wat albei vir gemeentes moes wag, sowel as J Verhaag en G Reitz wat nooit eie gemeentes gekry het nie. Dit lyk dus nie of daar 'n predikante tekort in die Kaapse Kerk was in die jare toe die Voortrekkers nie 'n eie leraar kon kry nie. Die leraars van die Kaapse Sinode het miskien eerder in 'n gees en gesindheid van die Voortrekkers verskil. (Engelbecht 1957 : 115).

Alhoewel die meeste van bogenoemde argumente 'n bepaalde geldigheid het, word die primêre oorsaak van die houding van die Kaapse Kerk en die Britse owerheid nie aangeraak nie, naamlik dat die Groot Trek die Voortrekkers buite die struktuur van die kolonie en die kerk geplaas het. Daarteen het owerheid en kerk magteloos gestaan, behalwe om sanksies teen die Voortrekkers toe te pas in die hoop om sodoende òf die Voortrekkers òf diegene wat hulle nog sou volg, te ontmoedig. Nog die koloniale owerheid nòg die kerk wou graag hierdie mense verloor en daarom is gepoog om die Groot Trek te stuit. Dit het egter weinig gebaat. Die houding van die Kaapse Kerk, wat ook bepalend was vir die standpunt van die Ring van Graaff-Reinet, was die *Herderlijke Brief* van 1837, waarmee die Sinode as't ware 'n muur tussen die kerk in die Kaapkolonie en die Voortrekkers oprig.

Op 17 Oktober 1837 het 'n buitengewone sinodale vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika in Kaapstad byeengekom. Hierdie vergadering is deur 41 stemgeregtigde lede gevorm, met ds A Murray van Graaff-Reinet as praeses en dr William Robertson van Swellendam as skriba. Alhoewel hierdie vergadering wat na 1837 vervroeg is, hom hoofsaaklik met kerkregtelike probleme besig gehou het, is aan die einde van die vergadering, op 20 November 1837, deur ds TJ Herold 'n *Herder-*

lijken Brief wat hy in opdrag opgestel het, aan die vergadering voorgelê. In hierdie skrywe het die Sinode sy afkeuring van die Groot Trek uitgespreek. Hoewel enkele predikante hulle nie met die inhoud van die *Herderlijken Brief* kon vereenselwig nie, kon hulle die aanvaarding nie belet nie. Die betrokke deel lui soos volg:

> "Te regt bedroeft zich de Zynode over den tegewoordigen toestand van zoo vele Ledematen der Hervormde Kerk, die hunne haardsteden en altaren hebben verlaten, zonder eenen Moses en Aaron de woestijn introkken, en zonder belofte of aanwijzing thans een Canaan voor zich opzoeken. De Synode houdt die allen verantvoordelijk voor hun gedrag, en wil hen siechts bij deze gelegenheid herinnerd hebben aan hunne dure verplichting, die zij bij den doop hunne kinderen op zich namen, en aan de belijdenis, die zij selve vrijwillig aflegden, toen zij tot leden der kerk werden toegelaten. Zoo kan ook de Synode hare goedkeuring geenzins hechten aan het voornemen van velen, die deze Nomaden op't spoor wenschen te volgen, zoo lang zij zich niet owerreden kan, dat het een gebiedende wenk der Goddelijke Voorsienigheid is, – Zij herinnert hen het zeggen van den Heiland, die zij kruis niet opneemt en mij navolgt, kan mij discipel niet zijn. Zijn vermaant met allen ernst elk en eenen iegelijk, om onderworpen te zijn aan hen, die God over hen gesteld heeft als Zijne dienaars, en met allen aandrang te bidden, dat deze het wereldlijke zwaard met geregtigheid en bescheidenheid mogen dragen. Het is toch laakbaar, dat men de Overigheid verge, dat deze sich uitsluitend naar onzen zin belangen schikke . . . Blijft dan volstandig gelooven en betrachten wat de Godsdienst van Jesus in alle betrekkingen en toestand van hare belijders vordert. Hij, de Allerheerscher der wereld, gebruikt vorsten en natiën dan eens om volken en landen te zegenen, dan wederom ze te tuchtigen en te straffen. Veel wat ons hede kwaad toeschijnt, word ons dikwijls op morgen tot eenen zegen; wat ons tijdelijke schade veroorzaakt, een middel tot bevordering van ons eeuwig geluk. Voorts, Broeders en Zusters! betoont u in den burgerstaat als eerlijke, arbeidzame en nuttige leden der maatschappij als getrouwe en gehoorzame onderdanen. Zoo zult gij gewis de bescherming en toegenegenheid wegdragen van hen die u regeren. Zulks zal onder andere eene gunstige aanbeveling voor u zijn bij Hare Majesteit, onze Geliefde Koningin, wiens troonsbeklimming gij moogt toejuichen, . . ."

By nadere bestudering van die *Herderlijken Brief* is die volgende duidelik. Die Sinode het die Groot Trek as 'n dwaasheid beskou: 'n groot deel van sy lidmate het sonder 'n geestelike leier, 'n Moses en 'n Aäron die onbekende wildernis ingetrek.

Die Sinode beskou die wegtrekkende lidmate as rondtrekkers, as wegtrekkers, as nomadestamme wat as gevolg van die Trek hulle "doopbelofte" en die belofte wat afgelê is by hulle openbare belydenis, sal ontduik.

Die Sinode was van oortuiging dat hierdie lidmate weier om hulle kruis as onderdane van die Britse regering te dra en so die Heiland te volg, "Zij herinnert hen het zeggens van den Heiland, die zijn kruis niet opneemt en mij navolgt kan mijn discipel niet zijn."

Verder praat die Sinode van die wegtrekkende lidmate as mense wat liewer die troonbestyging van koningin Victoria moes toejuig en hulle hoop en verwagting op haar moes vestig, sonder om êrens in die *Herderlijken Brief* te vermeld dat die wegtrekkende lidmate tog as gevolg van die Britse beleid getrek het. Hierdie merkwaardige argument wat van die troonbestyging van koningin Victoria in 1837 soveel verwag, toon hoe die Sinode totaal uit voeling met die gedagtes, opvattings en ideale van die wegtrekkende Oosgrensboere was.

Die kerngedagte van die *Herderlijken Brief* is dat die Groot Trek uit 'n opstandige gees voortkom en as sodanig 'n vorm van opstand teen die wettige owerheid is. So word met 'n stilswyende beroep op Romeine 13, waar die onderwerping aan die owerheid geëis word, die hele Groot Trek afgekeur.

Die groot vraag is natuurlik of die Groot Trek 'n onttrekking was wat as 'n opstand gekwalifiseer kan word. Hierdie twee sake kan tog nie met mekaar gelyk gestel word nie. Indien dit waar sou wees, dan was Johannes Calvyn ook 'n opstandeling omdat hy sy vaderland verlaat het om as banneling in Genève te leef. Dan was die Hugenote, wat as gevolg van owerheidsmaatreëls uit Frankryk vlug, na die herroeping van die Edik van Nantes, ook mos opstandelinge. In sy briewe aan ds GWA van der Lingen waarin generaal AWJ Pretorius om predikante smeek om die Voortrekkers te kom bedien, maak hy juis van die voorbeeld van die Hugenote gebruik, om aan te toon dat die Voortrekkers nie maar net "verdoolde schaapen" is nie, maar soos die Franse vlugtelinge

in 'n ander gebied 'n gelowige volk wil bly en "ter Sijner eere leven". (Dreyer 1929 : 13). Dit is duidelik dat die Voortrekkers wat wegtrek uit die Kolonie wel in verset teen die owerheid en die owerheidsbeleid is, maar dat dit geensins as *'n opstand téén die owerheid* in die gees van Romeine 13 of in die sin van Artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* gekwalifiseer kan word nie. Inteendeel, Johannes Calvyn stel dat een van die maniere om 'n onderdrukkende owerheid te weerstaan, juis emigrasie, die onttrekking aan sy gesag is. Die grensboere was nie opstandelinge wat in verset teen die owerheid gekom het nie. Hulle wou juis die teenoorgestelde bereik, want in plaas van verset en opstand, wou hulle deur 'n wegtrek die "aanvaarde en geërfde Afrikanergeesteserfenis op godsdienstige, kulturele en staatkundige vlak bewaar en veilig stel." (Pont : 99).

Die *Herderlijken Brief* van 1837, waarin dit voorkom asof die kerk, in hulle ywer om die burgerlike owerheid ter wille te wees deur 'n owerheidsbeleid kerklik te sanksioneer, nadelige gevolge gehad het vir die verdere verhouding tussen die Kaapse Kerk en die Voortrekkers. Alhoewel die *Brief* nie in sy doel geslaag het om die Groot Trek te stuit nie, het dit die houding van die meeste Kaapse predikante teenoor die Trekkers bepaal. Want al sou 'n predikant die Groot Trek begryp het, sou vereenselwiging met die Trek vir hom kerklike ballingskap beteken het, omdat die Sinode hom amptelik daarteen uitgespreek het. Die *Herderlijken Brief* was vir die Kaapse predikante die onoorkomelike struikelblok wat tussen hulle en moontlike deelname aan die Groot Trek gestaan het.

As 'n mens verder in ag neem dat 'n herderlike skrywe van 'n sinode nie maar net 'n toevallige mening van 'n kerklike vergadering is nie, maar dat dit op dieselfde vlak staan as enige sinodale besluit, veronderstel dit gehoorsaamheid van alle lidmate, ampte en kerklike vergaderings. In dié lig gesien, is dit duidelik dat die *Herderlijken Brief* 'n gesaghebbende uitspraak binne kerlike verband was. Dit het die optrede van die ring en kerkraadsvergaderings van die Oosgrensgemeentes bepaal, toe hulle die grensboere wat weggetrek het, kerklike voorregte in die Kaapse gemeentes ontsê het en ook laat bepaal het dat die sakramente nie aan mense bedien kan word wat nie meer lidmate van die kerk is nie.

3. Godsdiensbeoefening tydens die Groot Trek

Op 5 Augustus 1837 skryf John Fairbairn, as redakteur van die *South African Commercial Advertiser*, verkleinerend van die emigrante en noem hulle onkundige mense wat uit die Kolonie wegvlug omdat hulle onder andere 'n afkeer het van kerke en verlang om 'n ongebonde en bandelose lewe te voer. As Fairbairn onder kerk en godsdiens die Metodisties-Deïstiese godsdiensbenadering van die "London Missionary Society" in gedagte gehad het, dan was hy reg in sy beoordeling. (Die sendingwerk van die LMS se hoofdoel was om die heidene goeie sedes, gewoontes en gedragslyne te leer. Omdat die sending op hierdie romantiese benadering aangepak is, het dit vir die sendeling dikwels meer gegaan oor sy eie saligheid, wat hy met sy sendingwerk probeer verdien het, as oor die inboorling. Die Rondgaande Hof van 1813 het dié stelling onderskryf en verder bygevoeg dat die sendelinge meer besorg was oor hulle eie geluk en welstand as wat hulle begerig was om die Hottentotte te beskaaf). Die Voortrekkers verklaar self dat die Trek 'n onttrekking was van hierdie soort godsdiens waarvan die sendeling van die "London Missionary Society" voorstanders was. Maar die Trek was geen vlug van kerk of God nie. (Hierdie gedagte word baie duidelik gestel deur 'n inwoner van Cradock in *De Zuid-Africaan* 1–7-1838 as hy skryf: "... niemand van de gemeente hier is zoo onkundig, dat hij de hand des Heeren zoude willen ontvlugten. Zij willen alleen maar trekken waar de heerschappij van Doctor Phillip niet meer geërbiedigt word." Hier verwys hy na die nadelige invloed van die LMS, waarvan dr J Phillip die spreekbuis was, op die Britse owerheid.

Daarom vind ons dat die Voortrekkers, tydens die Trek, wel deeglik hulle godsdiens beoefen en belewe het. Die Groot Trek is immers in 'n gees van afhanklikheid van die Almagtige en onderworpenheid aan die wil van God gesien. Hiervan getuig die verklaring van verskeie persone, onder andere die bekende Manifes van Piet Retief:

> "... but we go with a firm reliance on an all-seeing, just, merciful Being, whom it will be our endeavour to fear and humbly to obey.

So ook stel Jacobus en Pieter Uys en hulle Trekgeselskap hulle vertroue op "den Alwijzen Bestuurder van hemel en aarde ..."

Hierdie gees was so oorheersend dat dit selfs by die Engelse inwoners van Grahamstad weerklank gevind het. Hulle het in April 1837 aan die Uys-Trek, met hulle verbygaan by Grahamstad, 'n Statebybel as geskenk gegee met die volgende treffende inskripsie:

> "De angsvalligheid welke sij heden betoond hebben om te trachten een Prediker te verkrijgen, en hulle stiptelijke nakoming der heilige instellingen, zijn duidelike bewijzen dat in hunne wandeling om een ander land te zoeken, zij zich zullen laten geleiden door de Bevelen in dit Heilig Boek begrepen, en standvastiglik vaskleven aan deszelfs heilige wetten, de strenge Besluiten van den schepper van het heelal – Den God van alle Natieën en Volkeren."

Voor die aanvang van die Groot Trek was godsdiensbeoefening 'n permanente deel van die lewe op die afgeleë boereplase. Ver geleë van dorpe en kerke en die gereelde godsdiensoefening wat daar gehou is, was dit so dat die meeste grensboere al vir jare gewoond was om godsdienstig selfversorgend te wees. Die huisvader het deur middel van huisgodsdiens, katkisasie en leespreke sy gesin godsdienstig opgevoed. Tydens die Trek en selfs lank daarna was bogenoemde deel van die Afrikanervolk se lewenswyse. Daarom vind ons dat die Voortrekkers tydens die Groot Trek reëlmatig self huisgodsdiens gehou het.

In die laers is daar ook eredienste en sangoefening gehou, nieteenstaande die feit dat die Voortrekkers nie daarin kon slaag om 'n geordende predikant te kry om saam met hulle te trek nie. Hierdie dienste het meestal geskied onder leiding van Erasmus Smit, 'n oud-sendeling van die "London Missionary Society" en swaer van Gerrit Maritz, wat die Groot Trek meegemaak het. Eredienste is ook bygewoon by eerwaarde James Archbell, 'n Weslyaanse sendeling te Thaba'Nchu. Reeds die eerste Sondag nadat Maritz se trek suid van Blesberg uitgespan het, het die meeste Trekkers oorgery om aldaar 'n erediens by te woon. (Preller 1920 : 62).

4. Pogings tot "de daarstelling van 'n goede godsdienstige inrichting"

Dit is reeds aangetoon dat die Voortrekkers byna onmiddellik nadat hulle oor die Oranjerivier getrek het, reëlings getref het om

die verenigde Trekkergemeenskap te orden en 'n algemene, amptelike bestuur en vaste reëls en organisasie daar te stel. Op 2 Desember 1836 is die eerste bestuursreëling vir die verenigde Trek aanvaar deur die Trekgroepe van Maritz en Potgieter. Hieruit blyk duidelik dat dié emigrante nie maar 'n los groep swerwers of fortuinsoekers was nie, maar die kern van 'n volk op weg na 'n nuwe vaderland.

Dat die Trekkers dieselfde vir die kerk in gedagte gehad het, is baie beslis so. Hulle was immers daarvan oortuig "dat de openbare Godsdienst de eerste grondslag moet zijn waarop een Christelijke Maatschappij moet gegrondvest worden." Daarom besoek verskeie lede van die Potgietertrek Maritz op 16 November 1836, toe hy nog etlike dae se trek van Blesberg (Thaba'Nchu) af was en bespreek met hom onder andere die belangrikheid van "de daarstelling van een goede godsdienstige inrichting."

Daar sou egter heelwat water in die see loop voordat die kerklike sake formeel gereël kon word, hoofsaaklik omdat "een goede godsdienstige inrichting" en die inrigting van die kerk volgens die meeste Voortrekkers afhanklik was van "een bekwamen Leraar van de Gereformeerde Religie." In hulle soeke na 'n geordende leraar om hulle op die Trek te vergesel, het die Voortrekkers egter nie geslaag nie. Die enigste persoon wat enigsins vir die bediening van Woord en sakramente opgelei was en bereid was om saam te trek, was eerwaarde Erasmus Smit. Omdat hy slegs as sendeling opgelei was en daar vrae bestaan het oor sy bevoegdheid, is hy nie deur almal as bekwaam genoeg beskou nie. Tog het Smit later 'n moedige rol gespeel in die vestiging van die Voortrekkerkerk waarin hy as eerste predikant sou dien. Daarom kan ons nie praat van die inrigting en vestiging van die kerk onder die Voortrekkers sonder om van Erasmus Smit te praat nie.

5. Erasmus Smit

Erasmus Smit is op 2 Augustus 1778 in Amsterdam gebore. Na die dood van sy moeder plaas sy vader hom op ongeveer negejarige leeftyd in die sorg van die Aalmoesenierssweeshuis te Amsterdam. As jongman werk hy as kleremaker in dié weeshuis totdat 'n begeerte by hom ontstaan om sendeling te word. Nadat sy bekwaamheid en godsdienssin deur die Kommissie van die

"Nederlandsche Zendinggenootschap" (NZG) ondersoek is, is aan hom toestemming verleen om as sendeling opgelei te word. Van November 1801 tot September 1802 ontvang hy opleiding van die "Nederlandsche Zendinggenootschap" en word op 5–9-1802 toegelaat om as sendeling onder die Nie-Blankes in Suid-Afrika te kom werk, egter sonder die reg om sakramente te bedien.

In 1802 vertrek Smit saam met twee medesendelinge, Van Eeckhout en Roessteen, na Suid-Afrika. Hierdie reis het egter rampspoedig verloop want nadat hulle deur 'n storm van koers af gedryf is, land hulle uiteindelik in Suriname, geleë aan die noordkus van Suid-Amerika. Na hulle vertrek uit Suriname word die skip waarop hulle reis gekelder deur 'n Engelse skip en word hulle as krygsgevangenes in die Engelse kolonie Barbados afgelaai. Vandaar gaan hulle na Curacao. Hier wou Van Eeckhout en Roessteen met die toestemming van die plaaslike owerheid onder die Protestante en moontlik ook heidene arbei. Omdat Smit nie akkoord gegaan het met hulle planne nie, het die twee medesendelinge Smit in hulle korrespondensie by die direkteure van die NZG verdag gemaak en van afvalligheid beskuldig. Nieteenstaande die feit dat sy twee vriende in Curacao agterbly, vertrek Smit na New York en daarvandaan na Suid-Afrika waar hy uiteindelik op 16 Oktober 1804 arriveer.

Aan die Kaap het 'n nuwe skok op Erasmus Smit gewag. Uit briewe van die NZG wat in Kaapstad aan hom oorhandig is, blyk dit dat die NZG hom nie langer as hulle sendeling wou erken nie, alvorens die beskuldigings wat Van Eeckhout en Roessteen teen hom ingebring het, deeglik ondersoek is nie. Dit het dus daarop neergekom dat die NZG hom tydelik sy status as sendeling ontneem het.

In Maart 1805 vertrek Smit, sonder dat hy éérs toestemming ontvang van die NZG na Bethelsdorp om daar by die sendingstasie van die "London Missionary Society" (LMS) te gaan werk. Hy het gehoop om daar weer as sendeling volwaardige erkenning te ontvang. Hier arbei hy, hoofsaaklik as onderwyser, tot 1814. Terwyl hy hier werksaam was, is hy op 26 Junie 1813 met Susanna Catherina Maritz, 'n suster van Gerrit Maritz, die latere Voortrekkerleier, getroud.

Vroeg in 1814 ontvang Smit opdrag van die LMS om op Torenberg (Colesberg) 'n sendingstasie te gaan stig en onder die Boesmans aldaar sendingwerk te gaan doen. Na aanvanklike

redelike sukses het die Boesmansending egter misluk, hoofsaaklik as gevolg van taalprobleme en die nomadiese geaardheid van die Boesmans. 'n Belangrike gebeurtenis wat egter plaasvind op Torenberg is die ordening van Smit as sendeling van die LMS op 15 September 1816. Dit het hom die reg verleen om die sakramente aan Nie-Blankes, wat deur sendelinge bekeer is, te bedien maar nie aan lidmate van die Kaapse Kerk of enige ander kerkgenootskap of aan hulle kinders nie. In 1818 word die sendingstasie by Torenberg ontruim en stig Erasmus Smit 'n nuwe stasie op Kookfontein in die distrik Beaufort-Wes waar hy tot 1821 arbei.

Nadat hy op Kookfontein, in diens van die regering, ook geen sendingsukses kon behaal nie, tree hy in Januarie 1822 by die "Stellenbosche Medewerkende Sendinggenootskap" (SMSG) in diens. Volgens verslae van die SMSG was Smit se werk op Stellenbosch in die begin besonder geslaagd. As gevolg van 'n toenemende verswakking in die finansiële toestand van die SMSG was die genootskap verplig om hulle ooreenkoms met Smit in Maart 1829 te beëindig. Later die jaar bots Smit ook met die kerkraad van Stellenbosch omdat hy, na die stigting van die "Genootskap van Christelijke Menschlievendheid" begin het om Sondagaande, in huise op die dorp, vir bekeerde Nie-Blankes godsdiensoefeninge te hou, sonder dat hy eers die plaaslike kerkraad se toestemming verkry het. Hierdeur het hy Artikel 8 van die Algemeen Reglement van 1824 oortree, deurdat hy in 'n gevestigde gemeente, sonder die toesig van 'n erkende sendinggenootskap en sonder die plaaslike kerkraad se toestemming, godsdiensoefeninge hou. Eers nadat die kerkraad die aangeleentheid aan die Sinode gerapporteer het en Smit gedreig het dat hulle hom by die residentmagestraat van Stellenbosch sou aankla, het hy kop gegee.

Na sy uittrede as sendeling gaan hy voort om onderwys te gee in die slaweskool te Stellenbosch tot 14 Junie 1832 waarna hy verhuis, eers na Olifantshoek en dan na Graaff-Reinet. Omdat Smit nooit in Graaff-Reinet 'n vaste betrekking beklee het nie, het die gesin 'n armoedige bestaan gevoer. So haglik het hulle finansiële posisie verswak dat Smit in 1835 gedagvaar is omdat hy nie 'n rekening van 15/9 kon betaal nie. Dit is te midde van hierdie omstandighede waarin Erasmus Smit en sy gesin hulle bevind as die Groot Trek op dreef kom.

Een van die persone wat 'n groot rol gespeel het in die voorbereiding van die Trek was Gerrit Maritz, die swaer van Erasmus Smit. Vanweë Smit en sy gesin se noue kontak met Maritz, moes hulle goed bewus gewees het van hierdie voorbereidings. In 'n hoë mate ook afhanklik van Martiz vanweë sy haglike finansiële posisie is dit daarom nie vreemd dat Smit, sy vrou en jongste seun Salamon, die Trek van sy swaer in September 1835 vergesel nie.

As redes vir sy saamtrek skryf Smit in sy dagboek onder datum 20 Junie 1837 dat sekere voornemende Trekkers aan hom die belofte gemaak het dat hy hulle amptelike leraar sou word. Hy skryf:

> "... de een te Graafrinet en de ander in de Olifantshoek aan de leeraar beloofd hebben, dat hij, ofschoon oud en ziekelijk, hun vasgestelde leeraar zou zijn so lang hij nog dienst zou kunnen doen ..."

Wie die belofte gemaak het word nie vermeld nie.

Sy vrou skryf in haar dagboek dat hulle op trek gegaan het omdat daar in die Kolonie vir hulle geen hoop op 'n redelike bestaan was nie, aangesien haar man nêrens werk kon kry nie en hulle gevolglik finansieel gesukkel het. Verder skryf sy dat nog 'n rede waarom hulle getrek het veroorsaak is deur die feit dat die predikante van die Kaapse Kerk haar man verdruk het. Só skryf sy:

> "... ware mijn man niet verdrukt geweest en dan voornamelijk door zijn mede Leeraren te Stellenbosch, Uitenhage en Graafreinet zoude hij zekerlijk niet hebben besloten een zwerver te worden door de heete ingewanden van Zuid-Afrika."

Waarskynlik het Erasmus Smit gehoop dat hy vir die Voortrekkers as herder en leraar sou kon optree. By die Potgietertrek sowel as die Maritztrek was daar geen predikant nie. Dit mag dus wees dat Erasmus Smit gehoop het dat hy, as geordende sendeling, buite die koloniale grense waar die Kaapse Kerk geen jurisdiksie gehad het nie, die geestelike versorging van die Voortrekkers sou kon waarneem.

Vir Smit het daar egter 'n teleurstelling gewag. Vir baie Voortrekkers was hy nie geskik en bekwaam genoeg as predikant nie. Veral lede van die Potgietertrek het aan Archbell, die Weslyaanse

sendeling te Thaba'Nchu, voorkeur gegee. Ook Gerrit Maritz het geen besondere agting vir sy swaer gehad nie. Verskeie faktore kon hiervoor verantwoordelik gewees het. Hy was ampter 59 jaar oud en volgens sy eie getuienis "oud en ziekelijk". Daarby was hy ook nie 'n man met 'n baie innemende persoonlikheid nie, want hy is dikwels daarvan beskuldig dat hy hooghartig is en moeilik met ander saamwerk. Hy het ook 'n lang verbintenis met die LMS gehad, die sendinggenootskap wat die Afrikaanse grensboer baie keer in 'n swak lig geplaas en belaster het. Sy inseëning tot sendeling in Nederland en sy ordening as sendeling van die LMS het hom slegs die reg verleen om sakramente aan bekeerde heidene te bedien. Verder was hy ook nooit lidmaat van die Kaapse Kerk, naamlik die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika nie.

Soos reeds vermeld het verskeie lede van die Potgietertrek Martiz reeds op sy trek na Thaba'Nchu besoek en laat blyk dat hulle begerig was dat die Voortrekkers se godsdienstige en burgerlike sake behoorlik gereël moes word. Op 2 Desember 1836 is die eerste bestuursreëlings vir die verenigde Trek op 'n gesamentlike byeenkoms van die Trekgroepe van Maritz en Potgieter aanvaar. Hoewel in hierdie reëlings voorsiening vir huwelikskommissarisse gemaak is en Erasmus Smit die huwelik kerklik kon orden na ondersoek deur hierdie kommissarisse, was daar verder geen formele reëling van kerklike sake nie. Smit word ook nie betrek by die eerste positiewe stap wat die Voortrekkers neem tot die organisasie van die kerk, naamlik die verkiesing van 'n kerkraad nie. Op 'n algemene vergadering gehou op 8 Februarie 1837, waartydens die buit verdeel is wat van die Matabele afgeneem is, word ook 'n kerkraad gekies bestaande uit Johannes Stephanus Maritz as ouderling en Sarel Cilliers en Christiaan Viljoen as diakens. Smit se aanmerking hieroor was:

> "Ik hoorde maar op welke wijze; want dit is ongehoord dat 'n leeraar daarin niet is gekend."

Tog verrig Smit in hierdie tyd waardevolle arbeid onder die Voortrekkers. Hy probeer met nougesetheid sy selfopgelegde taak as predikant uitleef. Hy het homself ook as "de leeraar" bestempel en die mense "mijn gemeente" genoem. Wanneer die omstandighede dit toegelaat het, het hy op Sondae eredienste gehou en saans openbare aandgodsdiens.

Ook het hy begrafnisdienste waargeneem en huwelike kerklik bevestig. Aanvanklik het Smit geweier om die sakramente aan die Voortrekkers te bedien. Aan die ouers wat graag wou hê dat hy die doop aan hulle kinders moes bedien, het hy geantwoord "dat (hulle) nog moest wachten, totdat die gemeente (hom) als hun gevraagde leeraar had doen vaststellen . . ."

Toe dit Maartmaand word en daar nog geen besluit geneem is ten opsigte van Smit se "vaststellen" nie, en nadat verskeie Voortrekkers hom weer versoek het om hulle kinders te doop, het hy op 17 Maart 1837 die eerste Voortrekkerkind, naamlik Adriana Petronelle Potgieter gedoop. Op hierdie dag lê hy ook 'n doopregister vir die laer van Gerrit Maritz aan wat hy beskryf as "Doop Register van die Gereformeerde Kerk Reizende door Z.O. Arica." In hierdie stryd het Smit egter nooit die nagmaal bedien nie. (Vergelyk De Jongh 1977 vir 'n volledige biografie).

6. Die organisering en inrigting van die Kerk

Met die aankoms van die Retieftrek kry die kerklike sake egter 'n positiewe wending. Na die tweede groot volksvergadering by Thaba'Nchu op 17 April 1837 waar Retief tot goewerneur gekies is en na aanleiding van sekere besluite van die vergadering, skryf Erasmus Smit in sy dagboek: (Preller 1920 : 93).

> "... de Kerk zal nu Zondag aanstaande ook worden vastgesteld."

Hierdie vasstelling van die kerk was vir Smit sinoniem met sy ordening tot predikant van die Voortrekkers.

Op Sondag 23 April 1837, die eerste Sondag na die herorganisasie van die Voortrekkerbestuur, sou die ordening van Smit, op grond van 'n wenk aan hom deur Retief – deur homself plaasvind. Nadat hy 'n "inwydingspredikatie" na aanleiding van Johannes 21 gelees het, het hy begin om die ordeningsformulier te lees, homself te orden en tot predikant van die Voortrekkers te bevestig. Toe dit gebeur, het daar 'n beroering onder die toehoorders ontstaan, sodat die bevestiging deur 'n "groote onstichtelikheid" nie verder kon plaasvind nie. Uit sekere getuienis (*The Grahamstown Journal*) en latere verwikkelinge wil dit voorkom asof Piet Retief te veel op sy eie opgetree het en dat dit die rede was waarom die ordening nie suksesvol verloop het nie. Op die

vergadering van 17 April is waarskynlik net gesê dat sekere kerklike reëlings getref sou moes word, en dat Retief die vergadering of die kerkraad nie uitdruklik oor die geval Smit geraadpleeg het nie, maar op eie houtjie daartoe oorgegaan het om Smit aan te stel. Retief kon hom in die verband laat lei het deur die gebruik in die Kaapkolonie waar die goewerneur sonder raadpleging van die plaaslike kerkraad predikante aangestel het.

Maar Retief het die noodsaaklikheid van 'n geordende predikant en 'n formele kerklike reëling onder die Voortrekkergemeenskap besef. "Die kerk het ten grondslag van die hele wese van die Afrikaner gelê en dit moes hom diep gekrenk het dat, weens die gebrek aan 'n behoorlike reëling, die kerk nie doeltreffend kan funksioneer nie." (Oberholster 1954 : 31). Daarom het hy onmiddellik weer werk van die saak gemaak en kon hy Smit nog dieselfde aand besoek en meedeel "dat de Zaak weer gevonden is, en dat Zijn Ed. de leraar tot zijnen bevestiging voor deze reizende gemeente zal voorstellen." (Smit Dagboek : 17—4-1837).

Hiermee gaan Retief egter versigtig te werk en word die kwessie van Smit op twee volksvergaderings bespreek. Op 13 en 18 Mei 1837 is twee groot volksvergaderings oor die trekrigting, waaroor daar nou ernstige verskille ontstaan het, gehou. Op hierdie vergaderings is ook kerklike aangeleenthede bespreek, want Erasmus Smit meld in verband met die vergadering van 13 Mei dat daar beraadslaag sal word " . . . over de vasstelling van de leraar voor onze reizende Gereformeerde Kerkgemeente in de Woestijn". (Smit Dagboek : 13—5-1837).

Hoogs waarskynlik is by hierdie geleentheid deur 'n meerderheid van stemme besluit dat Smit as Voortrekkerpredikant aangestel moes word. Verder het Retief deur diplomaties op te tree met die teenstanders van Smit tot 'n kompromie geraak. Erasmus Smit is tot "eerste predikant van die Voortrekkers" erken en 'n kollektelys vir sy traktement is geopen en daar is ooreengekom oor sy ordening en bevestiging. Aan die ander kant is Smit se "teeparty" toegelaat om 'n tweede kollektelys te open om 'n tweede predikant te beroep.

Op 21 Mei 1837 het Erasmus Smit homself na prediking uit Johannes 14:16, sonder enige verdere voorvalle geordien en bevestig as die eerste predikant van die Voortrekkers. Die feit dat Smit self die formulier lees, is nie vreemd as ons dit beskou teen die agtergrond van die omstandhede waaronder dit plaasgevind

het nie. Die Voortrekkers was in alle opsigte op hulleself aangewys, ook met betrekking tot die kerk. Die Kaapse Kerk het die Groot Trek veroordeel en duidelik geen simpatie met die Trekkers gehad nie – 'n feit waarvan hulle deeglik bewus was. Dat hulle dus nie kon wag vir hulp van daardie kant af nie, spreek vanself en daarom neem hulle self die inisiatief ook ten opsigte van die bevestiging van Smit.

Op 6 Junie het 'n belangrike openbare vergadering by Retief se staanplek plaasgevind. Op hierdie dag is 'n konsepwet, wat later as die Nege-artikels bekend sou staan, behandel en goedgekeur. Artikel I van hierdie nege "resolusies" het die konstituering van die Trekkers tot 'n "maatschappij" ten doel gehad (Maatschappij beteken staat of republiek). Tot hierdie "maatschappij" behoort elke Trekker as hy hom aan die laer-owerheid wil onderwerp deur die nodige eed af te lê. Dit het gelui: (Smit Dagboek : 16–6-1837).

> "dat wij gerefformeerde leedematen zijn begeren dat een ieder, geenen uitgezondert, zal moeten afwyken van allen den sendelingsgenootschap van Engelant en verder daarvoor opentlyk bedanken."

Met hierdie eerste artikel het die opstellers van die resolusies waarskynlik probeer om groter kerklike eenheid onder die Voortrekkers te bewerk, want Potgieter, J J Uys en Sarel Celliers het steeds eerwaarde Archbell teenoor ds Smit ondersteun.

By dieselfde geleentheid is daar verskillende eedformuliere opgestel; een vir die goewerneur, die president-regter, vir lede van die raad, vir die vrederegters, vir die volk en vir die predikant. Die eed van die predikant het soos volg gelui: (Smit Dagboek 16–6-1837).

> "Ik Ondergeteekende aangestelde Predikant door de Wel. Ed. Heer P. Retief in dit algemeen Vereenigde Leger der Gereformeerde Gemeente, zweer voor God Almagtig, dat ik met de Volkschaar den We. Ed. Hr. P. Retief gekozen heb tot onzen Gouverneur en Opperbevelhebber, en om zijn Edele en deze Resolutie, bestaande uit nege artikelen en in alle in der tyd te maken wetten te eerbiedigen en te gehoorzamen."

Die dag na die eedaflegging het Smit vir Retief op iets gewys wat na sy mening 'n belangrike tekortkoming in die goewerneurseed was, naamlik dat daarin nie gemeld is dat hy 'n belydende

lidmaat van die "Gereformeerde Nederduitse kerk" moes wees nie. Die saak sou tydens die volgende erediens reggestel word.

Op Sondag 11 Junie 1837 het ds Smit na die erediens die gemeente meegedeel dat hy dit nodig geag het dat die goewerneur in die kerk beëdig moes word met die doel om "ook onder ons (die allen lidmaten der onderscheidene dorpen binne die Kolonie waren) de Hervormde Gereformeerde Geloofbelydenis, tegen inbreuk en vervalsing, naar het voorbeeld Onzer vrome voorvaderen te helpen voortplanten, en als 'n schat der waarheid bij ons te bewaren." Daarna het Piet Retief die volgende eed afgelê: (Smit Dagboek : 11–6-1837).

> "Ik Pieter Retief, door die volkstem wettig gekozen ... zwere tans ... dat ek ... de Christelike Geloofbelijdenis, naar de inhoud van artikel 36, met de aankleving van dezelve, de katechismus en de Liturgieeen, der Nederduidse Gereformeerde Kerk zal protekteren en beschermen, en dat ik in mijn Goevernement geen Beampte zal toelaten in de Kerklike Burgerlike Regering, als die lidmaten sijn der voormelde Gereformeerde Kerk..."

Verskeie kerksake het nou ook met verloop van tyd aandag geniet. Met betrekking tot die bevestiging van huwelike stel Retief 'n meer ordelike reëling daar, naamlik dat die gebooie van voornemende egpare van nou af drie maal in die kerk afgekondig moes word en nie soos voorheen sommer op 'n gewone vergadering nie. Dit het ook dringend noodsaaklik geword dat kerkraadslede aangewys moes word, want die eerste Voortrekkerkerkraad, wat op 8 Februarie 1837 gekies is, het nooit gefunksioneer nie. Om hulle aangewys te kry, is vyf persone as ouderlinge en vyf as diakens genomineer. Daarna het die goewerneur die nominansies goedgekeur en lootjies getrek om twee ouderlinge en twee diakens aangewys te kry. Francois Retief en Carel van der Merwe is op dié wyse tot ouderlinge verkies en Christiaan Liebenberg en Roedolf Dreyer as diakens.

Op 10 Desember 1837 word die eerste amptelike kerkraadsvergadering van die Voortrekkerkerk gehou. Op versoek van die kerkraad het Retief, in sy amp as goewerneur, die vergadering as kommissaris-politiek bygewoon. Op hierdie vergadering word onder andere besluit dat 'n maandelikse kerkraadsvergadering

elke eerste Sondag van die maand gehou sal word, en dat die Voortrekkers die Kaapse Kerkwet van 1824, vir sover dit toepaslik is, as kerklike wet sal aanvaar.

7. Betekenis van hierdie inrigting en bestuur van die kerk

Met die formele vasstelling en inrigting van die kerk onder die Voortrekkers het daar orde in die kerklike aangeleenthede gekom. Die kerk van die Trekkers, net soos hulle bestuur, was nou op 'n meer georganiseerde, verenigde basis. Dit het veral die bediening van die sakramente, die "aanneming" van lidmate en die bevestiging van huwelike deur Erasmus Smit gewettig.

'n Interessante en baie belangrike saak wat na vore tree, is dat die Voortrekkers hulle kerk onafhanklik en selfstandig inrig – gegrond op die Voortrekkerideaal van 'n vrye kerk in die onafhanklike "maatschappij" – los van die Kaapse Kerk wat onder Britse gesag staan. Dat die Voortrekkers hulle vertrek uit die Kolonie nie beskou het as 'n kerklike skeuring nie, spreek eintlik vanself want hulle het voortdurend gepoog om predikante uit die Kaapse Kerk te verkry en so implisiet gestel dat hulle van mening was dat hulle kerk dieselfde geloofs- en belydenisinhoud het, hoewel dit 'n eie organisatoriese struktuur, los van die Kaapse Kerk gehad het. Ook die byvoegsel tot die ampseed van die goewerneur dui daarop dat die Voortrekkers nie 'n ander geloofsinhoud vir hulle kerk wou hê as dié van die kerk waarvan hulle in die Kolonie lidmate was nie. Die wyse waarop hulle hulle kerk organiseer, laat egter geen twyfel dat hulle hulleself as 'n onafhanklike en selfstandige Kerk wat organies uit die Kaapse Kerk gekom het, beskou het nie. Of dit 'n oorspronklike gedagte van die Voortrekkers was om ook op kerklike gebied organisatoriesonafhanklik te wou wees, is baie moeilik om te bepaal. Die negatiewe en onsimpatieke houding van die Kaapse Kerk het beslis 'n rol in dié verband gespeel. Aan die ander kant is dit waarskynlik dat Piet Reitef die belangrikheid ingesien het van 'n "onafhanklike" kerk om só heeltemal die Kaaps-Britse invloed en gesag te probeer ontkom; veral as ons let op hoe Retief baie moeite doen om Smit "vasgestel" te kry en die kerk in te rig. Daarby moet 'n mens onthou dat die verbondenheid van die kerk en owerheid by die Trekkers enigsins vanselfsprekend was omdat dieselfde mense wat die owerheid uitmaak, ook die kerk was – vir

sover mens in hierdie omstandighede van "die kerk" kon praat. Terselfdertyd was dit volkome in lyn met die organisatoriese verbondenheid van kerk en owerheid waaraan hulle vanaf die vroegste tye gewoond was.

Hier kan dus nie sprake van 'n skeuring wees nie, want 'n skeuring of 'n afskeiding impliseer altyd 'n leerverskil. Hier was nooit 'n leerverskil aan die orde nie, maar slegs die skepping van 'n organisatories-selfstandige kerklike struktuur. Dit was ook noodsaaklik want die Voortrekkers kon, in die lig van die bepalings van die Kaapse Kerkwet, Artikels 9 en 10 wat verwys na die "Hervormde Kerk in deze volksplanting" én die *Herderlijken Brief* van 1837, soos ook uitgevoer deur die Ring van Graaff-Reinet, nie meer lidamte van die Kaapse Kerk wees nie. In die skepping van 'n selfstandige kerklike organisasie reël die Voortrekkers die verhouding tussen die kerk en die owerheid soos hulle dit verstaan. Oorheersend in hierdie reëling is dat die owerheid gesien word as beskermer en onderhouer van die kerk.

Piet Retief stel na sy verkiesing tot goewerneur, Erasmus Smit as herder en leraar van die Voortrekkers aan, terwyl Smit nooit lidmaat of predikant van die Kaapse Kerk was of kon gewees het nie. Ook dien Retief, uit hoofde van sy amp as goewerneur, as kommissaris-politiek op die kerkraad. Smit self lê die eed van getrouheid af aan Retief, die goewerneur en staatshoof van die Voortrekkers. Smit kon verder op gesag van die goewerneur huwelike voltrek. Uit hierdie enkele sake blyk dit duidelik dat die kerkinrigting op hierdie stadium geen organisatoriese band met die Kaapse Sinode gehad het nie. (Vergelyk Spoelstra 1963 : 91 en De Jongh 1977 : 169).

'n Tweede belangrike saak wat na vore tree is dat die Voortrekkers in belangrike opsigte 'n ander verhouding tussen owerheid en kerk huldig en in praktyk bring as die verhouding wat in die Kaapkolonie bestaan het. In die Kolonie was die amptelike verhouding tussen owerheid en kerk nog gereël deur De Mist se ordonnansie wat onder andere vasgelê het dat geen uitsluitlike burgerlike regte of voorregte aan bepaalde geloofsbelydenis verbind word nie. (Artikel 3). Verder het dit bepaal dat geen kerk bo 'n ander kerk bevoordeel sou word nie. (Artikel 1). Die implikasie van die aanvullende eed wat Retief aflê, bring egter mee dat by die Voortrekkers die teenoorgestelde gebeur. Die owerheid is, om dit so te stel, gesien as die politieke verskyningsvorm, en die kerk

as die godsdienstige verskyningsvorm van dieselfde volk. Aan die owerheid word verder 'n oorhoofse gesag toegeken, wat beteken dat die owerheid bepaalde opdragte ten opsigte van die kerklike-godsdienstige lewensterrein moes nakom. In dié lig gesien was dit vanselfsprekend dat daar 'n onafhanklike kerk in die onafhanklike "Voortrekkermaatschappij" moes wees. Daarom is dit ook vanselfsprekend dat die regeringshoof amptelik beloof het om hierdie kerk, organisatories en inhoudelik te beskerm en te bevorder en onder andere toe te sien dat slegs lidmate van die kerk in die Voortrekkersamelewing openbare betrekkings beklee. Erasmus Smit het hierdie verbintenis tussen owerheid en kerk geregverdig op grond daarvan dat al die Voortrekkers lidmate van dieselfde kerk was. Hierdie noue samehang van kerk en owerheid was ook nie so vreemd nie. In 1560 verklaar die Raad van Tweehonderd van Genève in die kerkorde van Genève, Artikel 168 : (Pont 1981 : 45).

> "Want alhoewel die owerheid en die regering wat God aan ons gegee het, en die geestelike regering wat Hy in sy kerk verorden het, *by mekaar hoort en sake is wat nie van mekaar geskei kan word nie*, is hulle tog nie met mekaar vermeng nie. Hy wat alle gesag het en aan wie ons, vanweë ons pligsgevoel ons moet onderwerp, het die twee sake van mekaar onderskei."

Die interessante is verder dat hoewel die Voortrekkers die Kaapse Kerkwet van 1824, vir sover toepaslik, as kerklike orde aanvaar het, daar géén sprake was van 'n kerklike organisasie verder as op gemeentelike en kerkraadvlak nie. Dit was in 1837 by die Blesbergvergadering ook nie wenslik nie, want die Groot Trek het nog aan die begin gestaan van die soektog na die eie vaderland. Tog is dit opvallend dat vir dié Voortrekkers gemeente en kerk dieselfde is. Vorentoe sou méér gemeentes organies voortvloei uit die één gemeente wat nou in die lewe geroep is. Die 1837-vergadering, die verkiesing van 'n eie kerkraad, die ordening en bevestiging van Erasmus Smit as predikant, die reëling van die verhouding met die Trek-owerheid dui alles net op een saak: die ordening van 'n eie organisatoriese selfstandige Voortrekkerkerk. Net soos in 1837 slegs die grondslag gelê is van die toekomstige Voortrekkerrepubliek, so is hier die noodsaaklikste grondslae gelê van die eie Voortrekkerkerk. Later sou die kerk groei en gedy. Hier by

Blesberg staan, na die mens gesproke, die wieg van die onafhanklike Voortrekkerkerk.

Literatuurverwysings

De Jongh, PS 1977. *Die Lewe van Erasmus Smit.*Pretoria: HAUM.

Dreyer, A 1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.*Kaapstad: De Drukpers-Maatschappij Van de Sandt en De Villiers.

Engelbrecht, SP 1957. *Nogmaals GD Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. Hervormde Teologiese Studies,* Jg 13, (3 en 4).

Kaapse Kerkargief R3/2. Notules van die Ring van Graaff-Reinet.

Oberholster, JJ 1964. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. Uitgegee deur die NG Kerk in die OVS ter herdenking aan die honderdjarige feesviering van die kerk in sinodale verband, 1864—1964. In samewerking met MCE van Schoor.*

Pont, AD. *Die Herderlijken Brief van die Sinode van 1837.Hervormde Teologiese Studies,* Jg 34.

Pont, AD 1981. *Die Historiese Agtergrond van ons Kerklike Reg.*Pretoria: HAUM.

Preller, GS 1920. *Voortrekkermense II, Dagboek: Erasmus Smit.*Kaapstad: De Nasionale Pers.

Spoelstra, B 1963. *Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760—1899.*Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

The Grahamstown Journal: 13—7-1838. Vergelyk die artikel: *The Emigrant Farmers.*

Hoofstuk 4

Die groei van die kerk in Natal, die Vrystaat en uitbreiding na Transvaal, 1838–1842

1. Staatkundige oorsig

Terwyl Retief sy mense die Drakensberg af, Natal in, gelei het, het Hendrik Potgieter die Matabelevolk onder Silkaats verslaan en Transvaal en die Noord-Vrystaat vir bewoning deur die Voortrekkers beveilig. Retief het egter met sy besoek aan Dingaan vir hom en sy volgelinge 'n toesegging van grond van Dingaan gekry onder sekere voorwaardes. Dit is bekend hoe Retief op 6 Februarie 1838 in Dingaan se hoofstad vermoor is en hoe die moorde op die Voortrekkers by Bloukrans en Boesmansrivier daarop gevolg het. Na die moord op Retief wou Uys Dingaan gaan straf en Potgieter se hulp is ingeroep. Die drama van Italeni is bekend. Potgieter, nooit besonder geheg aan Natal nie, het noudat verwytend met die vinger na hom gewys is as verantwoordelik vir Uys se dood en die neerlaag by Italeni, weer koersgevat na die hoogland wes van die Drakensberge. Kort voor die Slag van Bloedrivier is Potchefstroom deur hom aangelê. Dié gemeenskap is deur 'n raad, die Raad van Potgieter, bestuur. Weens 'n gebrek aan voldoende gegewens is daar van die werksaamheid van hierdie Raad so goed as niks bekend nie.

Na Retief se dood moes daar in Natal nuwe bestuursreëlings getref word. Dit gebeur tussen 17 Febraurie en 28 Maart 1838 as 'n "Volksraad" tot stand kom, bestaande uit 24 lede wat amptelik bekend staan as die "Raad van Representanten van het volk". Ook is 'n grondwet opgestel wat " Regulatien en Instructien, voor de Raad van Representanten van het volk, aan Port Natal en omliggende land" genoem is. JN Boshoff, wat voorheen vrederegter en eerste klerk van die Siviele Kommissaris op Graaff-Reinet was, het waarskynlik 'n belangrike rol gespeel in die opstel van die stuk. Dit was teen 4 Junie 1838 gereed. Hierdie "Regulatien en

Instructien het met betrekking tot die kerk twee belangrike artikels gehad, naamlik Artikels 13 en 15. Dit het gelui : (*De Zuid Afrikaan:* 21–6-1839).

> "De Raad zal ook 'n wakend oog over die Godsdiens en Scholen moeten houden, en alles aanwenden tot bevordering der zelve",
>
> "De Raad zal ook vlytig moeten nakomen dat in deze Maatschappy de Hollandse Gereformeerde Kerk ten alle tyde geprotekteerd zal worden, en erkend blijven van de hoofdkerk derzelven."

Volgens PS de Jongh het die inhoud van hierdie twee artikels daarop neergekom dat die band tussen kerk en owerheid in die Voortrekkerstaat eerder versterk as verswak is. (De Jongh 1977 : 156). Heeltemal tereg ook, want hier is meer uitdruklik as tevore op skrif gestel dat die owerheid 'n wakende oog oor die godsdiens sou hou en alles sal aanwend om dit te bevorder. Ook sou die "Hollandsche Gereformeerde Kerk" te alle tye deur die Volksraad beskerm word en hoofkerk bly.

Die grondwet het nie vir 'n staatshoof voorsiening gemaak nie, omdat die Trekkers bewus was dat so 'n pos die weg sou kon baan vir die uitoefening van outokratiese gesag. Daar sou wel 'n president wees om as voorsitter van die "Raad van Representanten" op te tree. Waarskynlik het Retief se outokratiese optrede as goewerneur die Voortrekkers verlei om 'n Volksraad sonder uitvoerende amptenare te kies. Dié konsentrasie van wetgewende én uitvoerende gesag in een liggaam sou later in Natal veral die uitvoerende funksie verlam.

Hierdie Volksraad van Natal het die ganse Voortrekkergemeenskap as 'n eenheid beskou; ook die grondgebied ten weste van die Drakensbergse, sowel suid as noord van die Vaalrivier. Dit wil sê ook die gebied wat deur Potgieter en sy Raad regeer is, is as deel van die Republiek van Natalia gereken. Alhoewel hulle seker kon, omdat baie van die Trekekrs in Natal 'n aandeel gehad het in die onderwerping en verdrywing van die Matabeles, het die Volksraad van Natal egter nie in die gebied ten noorde van die Vaalrivier ingemeng nie. Potgieter is in vrede gelaat om sy volgelinge te regeer met die bystand van sy eie Raad.

Twee maande na die Slag van Bloedrivier, ongeveer in Februarie 1839, het Andries Pretorius na Potgieter in Transvaal gegaan om die onenigheid uit die weg te probeer ruim wat sedert Italeni

tussen Potgieter en die Natalse Voortrekkers bestaan het, en om so Potgieter se samewerking met die Natallers te verkry. Hoewel Pretorius met sy besoek daarin geslaag het om die kwade gevoelens wat Potgieter teen die Trekkers van Natal gehad het, te demp, en selfs van Potgieter 'n belofte van samewerking verkry het, het die verhouding tussen Potgieter en die Natalse Volksraad in die daaropvolgende maande nie eintlik verbeter nie. Waarskynlik was dit nie soseer kwade gevoelens wat Potgieter weerhou het om met Natal saam te werk nie, eerder 'n vrees dat so 'n stap die hele Voortrekkerrepubliek kan benadeel en hulle onafhanklikheid in gevaar stel, indien Brittanje Natal sou annekseer. As in gedagte gehou word dat majoor Charters in Desember 1838 Port Natal beset het en beslag gelê het op die militêre voorrade van die Voortrekkers aldaar, kon daar rede vir so 'n vrees gewees het.

Op 11 November het die Natalse Volksraad besluit om die publiek 'n versoekskrif te laat teken om te vra dat Potgieter hom met Natal moet verenig. Kort hierna het die Britse troepe in Desember Port Natal ook verlaat. Hierdie verenigingsbeweging het sukses gehad, want op 3 September 1840 was daar in Pietermaritzburg 'n brief van Casper Kruger, die voorsitter van Potgieter se Raad, waarin die Potchefstromers laat blyk het dat hulle onder "billijke schikkingen" met Natal sal verenig. Die Natalse Volksraad het hierop 'n deputasie, bestaande uit Andries Pretorius en GR van Rooyen, na Potchefstroom gestuur om oor vereniging te onderhandel. Op 16 Oktober 1840 is 'n akte van vereniging onderteken waarin bepaal is dat daar van die datum af nie meer twee "Maatschappije" onder die emigrante sou wees nie, maar slegs een. Verder is in die ooreenkoms bepaal dat Pietermaritzburg die hoofstad van die "verenigde Burgerij" sal wees en dat die Volksraad daar sitting sal neem. Die mense aan die westekant van die Drakensbergse, dit wil sê die Potgietergroep, sou die reg hê om twaalf lede van die Volksraad te kies waarvan minstens drie elke keer die sitting op Pietermaritzburg sou moes bywoon. AWJ Pretorius sou as "hoofbestuurder" optree "voor de gehele Volksplanting in het Distrekt Natalia" en AH Potgieter sou die "Bestuurder van het distrekt Potchefstroom" wees, terwyl albei "hunnen instruksie by de Volksraat moeten ontvangen". (*Akte van Vereneging:* 16–10-1840).

In Februarie 1841 het Hendrik Potgieter en Casper Kruger in Pietermaritzburg aangekom om die sitting van die Volksraad by

te woon. Ten tye van hierdie sitting is besluit dat die twaalf Volksraadlede van "Agter – Drakensberg", 'n Adjunk-Raad te Potchefstroom sou vorm, sodat alle sake wat die gebied raak, eers daar deur die Adjunk-Raad behandel sou word. Hulle besluite sou dan van tyd tot tyd aan die Volksraad in Pietermaritzburg vir goedkeuring voorgelê word. Daar is egter beklemtoon dat "'t volstreckt moet worden verstaan dat de gem. adjunck Raad niet zal worden beschoud als een Separaat Lichhaam maar wel als een gedeelte van deeze raad sitting houdende in Commithe."

2. Kerk en owerheid

Die Voortrekkerkerk het aanvanklik geen meerdere vergadering naas die kerkraadsvergadering in hulle kerklike struktuur gehad nie. Die feit is dat die Trekgroepe "gemeentes op reis" was na hulle eindbestemming in Natal, Vrystaat en Transvaal, waar hulle eers later, na behoorlike vestiging in en bewoning van die gebied, aandag aan die skepping van meerdere vergaderings sou kon gee. Dit het egter nie meegebring dat kerklike aangeleenthede wat deur meerdere vergaderings behartig moet word, negeer is nie. In hierdie stadium is dit egter nie die kerk nie, maar wél die Volksraad wat die leiding neem en die verantwoordelikheid aanvaar om die kerk in sy wordingsjare 'n vaste fondament te gee en in breë kerklike aangeleenthede by te staan. Dit is belangrik om daarop te let dat die Volksraad hom feitlik die bevoeghede van 'n sinodale vergadering toedien. Waarskynlik het die Volksraad hom in hierdie praktyk laat lei deur die Kaapse voorbeeld, waaraan die Voortrekkers buitendien gewoond was. Daarby was dit so dat die lidmate van die kerk en die burgers van die staat vir alle praktiese redes dieselfde mense was. Daarby kom dat die Voortrekkers, soos ook in 1837 geblyk het, van hulle owerheid verwag het om die kerk te beskerm en te bevorder.

So moes Piet Retief in sy ampseed op grond van Artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* belowe dat hy die kerk sal "protekteerd en bevorderen." Dieselfde word aan die Volksraad voorgeskryf in die "Regulatien en Instructien" van 1838. Dit was dus vanselfsprekend dat die nuutverkose Volksraad in Natal aan die kerklike en godsdienstige belange van die Voortrekkers aandag sou gee.

3. Die handelinge van die Volksraad in sy soeke na predikante

Die eerste saak waaraan die Volksraad aandag gegee het, was om weer na die posisie van Erasmus Smit as predikant te kyk. Sommige mense het nog steeds Smit se aanstelling as Voortrekkerpredikant bevraagteken en het geweier om sy dienste by te woon of dat hy hulle kinders doop. Die volksraad het begin om sy aanstellingsbrief as predikant van die "Gereformeerde en reizende gemeente voor Natal" aan te vra. Nadat Smit dit aan hulle getoon het, het die Volksraad sy aanstelling bekragtig en ook besluit dat alle huwelike voortaan deur die predikant bevestig moes word.

Nadat Erasmus Smit op Pietermaritzburg aangekom het, het hy sy predikantswerk voortgesit. Hy het daagliks in die laer godsdienstige byeenkomste gehou en elke Sondag twee maal gepreek. Soos tevore het hy kategeseonderrig gegee, sakramente bedien en huwelike voltrek. By spesiale geleenthede het hy ook dienste gehou. Op versoek van die Volksraad het hy ook vir die uittrekkende kommando's afskeidsdienste gehou.

Die Volksraad het aan die landdros van Pietermaritzburg opdrag gegee om as kommissaris-politiek alle kerkraadsvergaderings by te woon en 'n wakende oog oor die kerk se finansies te hou. Landdros Zietsman het op 28 Januarie 1840 die kerkraadsvergadering bygewoon, waartydens die volgende kerkraadslede met sy goedkeuring verkies is: T Steenkamp en R Dreyer as ouderlinge en AA Smit, J van Vuuren en H van den Berg as diakens. (*Brieweboek van Landdros:* 11–1-1840).

Soos tydens die Trek het Erasmus Smit ook op Pietermartizburg teenkanting in sy dienswerk ondervind. Hy was op hierdie stadium reeds 62 jaar oud en nog siekliker as tevore. Namate die mense meer verspreid begin woon het, het dit vir Smit al moeiliker geword om sy pligte as predikant na te kom. Die latente ontevredenheid wat daar altyd by 'n deel van die Voortrekkers was oor Erasmus Smit se aanstelling en dienswerk, het in Natal skerper na vore gekom, ook vanweë Smit se onvermoë om sy dienswerk tot bevrediging van almal te doen. Smit se teenstanders wou 'n behoorlik-opgeleide predikant beroep om die Voortrekkerkerk te bedien. Daarom het die Volksraad nou geoordeel dat 'n ander leraar nodig was. Gevolglik het hulle 'n "memorie"

aan 'n viertal predikante, naamlik A Faure, T Herold, G van der Lingen en P Faure, gerig waarin die predikante gevra word om namens die "Representanten van den Trekraad" 'n predikant vir die Voortrekkers te beroep.

Ds Abraham Faure het namens die bogenoemde predikante geantwoord. Hy het gemeld dat hulle "om zeer vele redenen bedroefd" was oor die feit dat die Voortrekkers die Kolonie verlaat het, maar hulle was tog verheug om te verneem dat hulle hul godsdienssin behou het en kerkvas was; reeds begin het om 'n kerk te bou en van voorneme was om 'n "leraar onzer Gereformeerde Kerk te willen beroepen". Rondom die beroep was daar egter ook "Swarigheden" verbonde en daarom moes hy eers antwoorde kry op die volgende vrae: Hoeveel lidmate is daar wat in die Kaapkolonie aangeneem is en wat aan die gemeente Pietermaritzburg behoort? Hoeveel persone is daar wat nog nie aangeneem is nie, maar begerig is om lidmate te word? Hoeveel ongedoopte kinders is daar? Hoe groot is die sieletal van die gemeente? Wat sal met ds Smit gebeur as 'n Kaapse predikant die beroep aanvaar? Wat sal die traktement wees en hoe sal dit uitbetaal word? (A Dreyer 1929 : 18).

Na aanleiding van hierdie skrywe van ds A Faure, waaruit die Voortrekkers afgelei het dat die viertal Kaapse predikante nie ywerig was om vir hulle 'n predikant te probeer vind nie, het die Volksraad op voorstel van Sarel Cilliers op 3 Januarie 1840 besluit om die Amerikaanse sendeling, Daniël Lindley "als predikant onder ons aan te stellen" op voorwaarde dat hy voor die volgende Volksraadvergadering sy dokumente toon en "dat hy onze grondstelling van de gerevormeerde kerk aanneemt". Op dieselfde dag is ds Lindley voorwaardelik as predikant aangestel en het die Volksraad direk daarna op voorstel van raadslid KP Landman "uit naam van de gemeente" Johs AM Landman Sr, Ands Pets de Jager sr as ouderlinge en Fredk Johs de Jager sr, Johan HK Bredenbag sr, Lewies Forie en Evert Potgieter as diakens aangestel. (Breytenbach : 27).

Erasmus Smit was egter nog die amptelike leraar van die Voortrekkers. Lindley se voorwaardelike aanstelling was "voor de geene die hem verkiest". Die verstandhouding was dat hy as predikant sou arbei totdat die Trekkers 'n predikant vir die "Reformed Dutch Church" uit die Kaapkolonie sou kry. Op 7 Maart 1840 het die Volksraad daarom vir ds PK Albertyn, wat kort

tevore sy studie in Nederland voltooi het, beroep. Ds PK Albertyn is op 9–1-1840 as predikant gelegitimeer. Hy is eers op 1–8-1844 as predikant van Prins-Albert aangestel. Nieteenstaande 'n skrale kans om 'n beroep aan die Kaap te kry, het hy tog die beroep van die Voortrekkers bedank.

Nadat ds Albertyn uiteindelik na ongeveer ses maande se getalm, die beroep bedank het en Erasmus Smit vir die Trekkergemeenskap al hoe minder aanvaarbaar geword het, het die Volksraad vir Lindley gevra om as vaste leraar 'n beroep na al die Voortrekkers aan te neem. Nadat hy sy ordeningsdokumente voorgelê het, is hy op 16 Januarie 1841 amptelik aangestel. Terselfdertyd is ds Smit beveel om sy ordeningsdokumente aan die Volksraad te oorhandig. Dit kon hy nie doen nie omdat hierdie dokumente, volgens hom, tydens die Trek soek geraak het. Daarop het die Volksraad besluit dat hy eers die dokumente aan hulle moes voorlê voordat hy weer die sakramente sou mag bedien omdat dit andersins tot onenigheid in die kerk sou lei.

Prinsipieel tree die Volksraad hier verkeerd op, want dit was immers die Volksraad wat nogtans sy ordening en bevestiging op 15 September 1838 bekragtig het alhoewel hulle bewus was van die wyse waarop Smit georden is. As ons in ag neem dat die ontevredenheid met Smit toegeneem het en dat Lindley nou as predikant beskikbaar was, wil dit voorkom of die Volksraad van Smit as predikant ontslae wou raak.

Op 9 Februarie 1841 is ds Lindley formeel as die leraar van die Voortrekkergemeentes aangestel. Dié aanstelling sou op 1 April 1841 van krag word, want van daardie datum af word hy vir sy werksaamhede vergoed. Hy het dadelik die aanstelling aavaar, hoewel hy eers in Junie 1842 die "American Board of Commisioners for Foreign Missions" se toestemming ontvang het. Op 9 Februarie is ook besluit dat Smit sy emeritaat moet aanvaar. As pensioengeld sou hy 600 riksdaalders per jaar vir die res van sy lewe ontvang. Hy sou nog in sy huis mog preek vir diegene wat na hom wou luister, maar hy mag nie sakramente bedien het nie.

Dit is opvallend dat die Volksraad vir Smit feitlik afsit, want as emeritus sou hy tog naas preekbevoegdheid ook die reg om sakramente te bedien, moes gehad het. Dit is duidelik dat die Volksraad hier 'n patronaatsreg, op die voetspoor van die 1824 Kerkwet en die Kaapse gebruike, soos die goewerneur in die Kaapse Kerk uitoefen. 'n Verdere opvallende en belangrike saak is

dat die Volksraad in al sy bogenoemde werksaamhede nie die Kaapse Sinode of een van sy kommissies in enige kerklike aangeleentheid geraadpleeg het nie. Dat die Volksraad hier volkome onafhanklik van die Kaapse Kerk optree, bewys dat daar by hulle geen twyfel bestaan het dat hulle 'n onafhanklike owerheid was wat ten opsigte van 'n onafhanklike kerk opgetree het nie.

4. Daniël Lindley – 'n kort lewenskets, 1801–1841

Daniël Lindley is op 24 Augustus 1801 te Ten Mile Creek, Western Pennylvania, gebore. As jongman behaal hy in 1824, na 'n vierjarige kursus, sy BA-graad en twee jaar later sy MA-graad aan die Universiteit van Ohio.

Terwyl hy met sy graadstudie besig was, het hy tot bekering gekom en besluit om in die Presbiteriaanse Kerk vir predikant te studeer. In Junie 1831 het hy sy teologiese studies aan die Union Theological Seminary te Virginia voltooi. In Oktober 1831 word hy tot die evangeliebediening toegelaat, waarna hy Presbiteriaanse predikant in die Rocky River gemeente in Noord Carolina geword het. By sy gemeentelede was hy gewild as gevolg van sy sterk persoonlikheid, sy doelgerigtheid, ywer en deeglike voorbereide preke.

Op 'n dag het hy 'n uitgawe van die *Missionary Herald* onder oë gekry. Daarin het hy 'n dringende oproep van die "American Board of Commisioners for Foreign Missions" (ABCFM) gelees, gerig aan gevestigde predikante waarin hulle gevra word om as predikante te bedank en as sendelinge na die nie-Christelike wêreld te gaan. Hy het gehoor gegee aan dié opdrag en op 4 April 1834 sy eervolle ontslag as predikant van die gemeente gekry, waarna hy as sendeling na Suid-Afrika vertrek het.

By sy aankoms in Suid-Afrika het hy en medesendelinge, Venable en Wilson, deur bemiddeling van eerwaarde Moffat van Kuruman, hulle onder die Matebele te Mosega gaan vestig. Van sendingwerk op Mosega het daar min tereg gekom, veral omdat Silkaats algaande 'n afsydige houding teenoor die sendelinge ingeem het. Hy wou ook nie toestemming aan Lindley-hulle verleen om aan die Matebele onderwys te gee nie.

Na die eerste strafekspedisie teen Silkaats, onder leiding van Potgieter en Martiz, verlaat die sendelinge Mosega en trek saam met die Boere terug na Thaba'Nchu. Nadat hulle 'n tyd lank op

die sendingstasie van eerwaarde James Archbell vertoef het, het hulle hul reis voortgesit na Grahamstad en vandaar verder oor land na Natal gegaan, waar hulle van voornemens was om onder die Zoeloes sendingwerk te gaan doen. Vir 'n geruime tyd sou hulle in Natal net met Zoeloes en met die enkele Engelse van Port Natal in aanraking kom. By geleentheid van Piet Retief se besoek aan Port Natal in 1837 het hy ook met Lindley kennis gemaak. Na die moord op Retief en die Voortrekkers het die Zoeloes ook 'n suksesvolle aanval op die Engelse van Port Natal gedoen. Dit het meegebring dat die sendelinge Natal per skip verlaat het om vir bykans 'n volle jaar in Oos-Kaapland te vertoef. In Junie 1839 is Lindley eers weer terug Natal toe.

In die begin van 1840 het ds Lindley 'n skool vir die Voortrekkerkinders in een van die paallaers digby Umlazi geopen. Mev Lindley het haar man met sy werk bygestaan. Deur middel van sy skool het Lindley en sy eggenote 'n belangrike bydrae gelewer tot die onderwys van die Voortrekkerkind in Natal, terwyl hyself ook 'n dieper insig gekry het in die taal, karakter en lewenswyse van die volk vir wie hy spoedig as predikant moes gaan dien.

Lindley se belangstelling en bekwaamheid ten opsigte van die onderwys en opvoeding dateer uit sy studentejare toe hy vir drie jaar onderwys gegee het om geld te verdien om so sy teologiese studies te voltooi. Daarby het Lindley in 'n kerklike klimaat groot geword, waar 'n hoë premie op die kategese geplaas is. Soos alles wat hy gedoen het, het Lindley die onderwys met groot erns bejeën, dit veral vanweë die streng ortodoks-Calvinistiese teologiese opleiding wat hy ontvang het. Daardie teologiese inslag is ook in sy prediking gereflekteer, hoewel, volgens sy biograaf, sy prediking "eminently practical" was en hy sterk klem gelê het op die noodsaak dat die gelowige sy geloof sal uitlééf nadat hy hom bekeer het. Juis met hierdie aksent in sy prediking kon Lindley aansluiting vind by die Voortrekkers wie se godsdienstig-teologiese denke grotendeels bepaal is deur die "oude schrijvers", die manne van die Nederlandse nadere-Reformatie.

In die loop van Januarie en Februarie 1840 is daar twee keer deur die Volksraad voorwaardelike beroepe op Lindley uitgebring. Omdat die dokumente waarin sy status as geordende leraar sou blyk, nie onmiddellik voorhande was nie kon hy die beroepe nie aanvaar nie. Intussen was hy egter as onderwyser, katkisasiemeester en tydelike predikant in die paallaer van Port Natal

werksaam. Op 6 Augustus het hy die eed as burger van die "Volksraad der ZA Emigranten van de Maatschappij te Port Natal en den omtrek" afgelê.

Op 16 Januarie is "de eerwaarde heer Daniël Lindley beproef geworden" nadat uit sy dokumenle vasgestel is dat hy 'n geordende predikant van die Presbiteriaanse Kerk was en is hy aangestel as die tweede predikant van die Voortrekkergemeenskap. Gewoonlik word van Lindley gepraat as die eerste geordende predikant van die Voortrekkers. Hierdie eer kom Erasmus Smit egter toe want, al was hy 'n sendeling en al was sy ordening vreemd, het dit tog gesag gehad omdat sy ordening deur die Voortrekkerowerheid aanvaar en gesanksioneer is. Daarom is Lindley die tweede predikant van die Voortrekkers. Tydens dié geleentheid op 16 Januarie word Winburg naas Pietermaritzburg en Potchefstroom deur die Voortrekkerowerheid offisieel as 'n gemeente verklaar.

5. Lindley en die Voortrekkers

Die Voortrekkergemeenskap waarvoor Lindley nou as predikant verantwoordelik was, was geweldig uitgebrei. Oos van die Drakensberge het dit die hele Republiek van Natalia tussen die Tugela en Umzimvuburiviere ingesluit. Wes van die berg het dit die hele Potchefstroom – Winburggebied noord van die Vetrivier beslaan; 'n gebied waarin tussen 8000–12000 (Lindley het dit op 20000 geskat) mense woonagtig was.

In die organiese totstandkoming van die kerk in die gebied sou hy 'n belangrike rol speel. Dit is egter foutief om te beweer dat daar eers met Lindley se aanstelling begin is met die organisasie van die kerk onder die Voortrekkers. Vanaf 1837 was daar onder die Voortrekkers 'n gemeentelike organisasie met ouderlinge en diakens sowel as 'n predikant in werking. Die Volksraad van Natal, die Potgieter-Raad sowel as die Adjunkraad van Potchefstroom het voor Lindley ook reeds vir die godsdienstige belange van die Trekkers gesorg. Behalwe vir die aanstelling van kerkraadslede het die Volksraad in Natal reeds in 1839 besluit om 'n kerkgebou ter nakoming van hulle Gelofte op te rig. Nog voor die vereniging van die Potgieter-Raad met die Natalse Volksraad het laasgenoemde Dawid Francois Jacobs as ouderling en katkisasiemeester vir die gebied wes van die Drakensberge aangestel. Hy

het toe waarskynlik in die Winburgse wêreld gewoon. Op 1 November 1841 is uit Potchefstroom 'n kollektelys uitgestuur om 'n kerk op Potchefstroom gebou te kry. Dit word gerig aan:

> "Waarde Broeders Landgenoten en mede Lee(de)maten der Hervormde Kerken, beneven alle Christelijken Kerken van Zuid-Afrika."

Hierdie lys is onderteken deur krygsoffisiere, landdros en heemrade en deur PJ van Staden as kerkraad. Oor die aanstelling van laasgenoemde is daar geen gegewens bekend nie. Ons moet aaneem dat hy deur die Raad van Potgieter aangestel is om die geestelike versorging van die Potchefstroom-mense waar te neem.

Dit is ook foutief om te beweer dat Lindley die stigter of grondlêer van die Kaapse "Nederduitse Gereformeerde Kerk" ten noorde van die Oranjerivier was. (Scholtz 1956 : 27,48,51). Lindley was nooit lidmaat van die Kaapse Kerk nie en het ook geen opdrag van die Kerk tot so 'n stigting gehad nie. Sy arbeid onder die Voortrekkers geskied volkome onafhanklik van die Kaapse Sinode en onder die gesag van die Volksraad van die Voortrekkers. Die selfstandigheid en eiesoortigheid wat die optrede van die Voortrekkers op kerklike gebied gekenmerk het, word deur hierdie optrede andermaal onderstreep. JJ Oberholster en AD Pont is daarom korrek as hulle konkludeer dat daar 'n "Kerk" los van die Kaapse sinodale verband in die Voortrekkerrepubliek ontstaan het.

Op grond van bogenoemde moet gestel word dat ds Lindley se roem nie berus op die feit dat hy die "stigter" van die Voortrekkergemeentes was of die grondlêer van die (Kaapse) Kerk noord van die Oranje nie, maar omdat hy die eerste deeglik-opgeleide en doelgerig-werkende predikant was wat die Voortrekkerkerk bedien het. En op dié gebied het hy reuse-werk verrig.

Ds Lindley is op 25 Januarie 1841 amptelik van sy aanstelling in kennis gestel. Spoedig daarna het hy te Pietermaritzburg die kerkraadslede, wat op 18 Januarie deur die Volksraad aangestel is, in hulle onderskeie ampte bevestig. Alhoewel hy op Pietermaritzburg gewoon het, het Lindley ook Weenen, Port Natal en die Winburg-Potchefstroom gebied bearbei. Hy het na homself verwys as die "emigrants' pastor" en van sy arbeidsveld gesê: (Rex 1971 : 131).

> "My gemeente het die hele gebied van Natal, die Oranje-Vrystaat en

Transvaal beslaan. Ek het verskillende lang reise na die binneland onderneem en het vir sommige van my gemeentelede eredienste gehou tot aan die 25ste graad suiderbreedte. Ek was die enigste predikant vir die hele uitgestrekte gebied wat ek genoem het en ek dink ek was verantwoordelik vir die geestelike versorging van nie minder nie as twintigduisend lidmate."

Op 25 en 26 Maart 1842 het Lindley sy eerste besoek aan Potchefstroom gebring. Tydens dié geleentheid is die kerkraadslede wat op 18 Januarie 1842 deur die Volksraad aangestel is, bevestig. Nagmaal en doop is ook bedien en geleentheid is gegee vir die aflegging van geloofsbelydenis, terwyl Lindley ook 'n lidmaatregister aangelê het.

Lindley sou die Transvaal weer 'n keer in Mei en Junie 1844 besoek. Tydens die geleentheid sou hy sover gaan as die Magaliesberge en moontlik ook die oostelike buitewyke van Marico besoek. Die pleknaam "Lindleyspoort", enkele myle noord-oos van Swartruggens, herinner ons aan sy besoek van 1844.

Ook vir die kerk in die Vrystaat was Lindley van besondere betekenis. Op 31 Maart 1842 het hy te "Wenburg" (Winburg) die eerste doop- en lidmaatregister aangelê. Ooreenkomstig die doopregister moes Lindley op sy drie besoeke aan die gebied in 1842, 1844 en 1845, 1303 kinders gedoop het. Verder het hy 583 lidmate belydenis van geloof laat aflê en 97 pare in die huwelik bevestig.

Teen die einde van 1842 het die Voortrekkerkerk uit vyf gemeentes bestaan, naamlik Port Natal, Pietermaritzburg, Weenen, Winburg en Potchefstroom met ds D Lindley as enigste predikant, wat op Pietermaritzburg gewoon het vanwaar hy ook die hele gebied bearbei het. Die vroegste gegewens waaroor ons beskik, dateer uit 1843 en deel ons die volgende mee: (*De Honigby:* Januarie 1844).

"Dat de Volksraad, uit hoofde van de uitgestrektheid des lands, waarover de Emigranten verspreid waren, de bevolking in vijf gemeenten heeft verdeeld; zijnde drie ten oosten, één ten westen en éénen ten noorden van den Draakberg. In elke gemeenten zijn kerkeraden aangesteld en bevestigd. Zij hebben onder zich slechts eenen leeraar, den Wel-Erw Heer Daniel Lindley, die zijn verblyf heeft te Pietermaritzburg, de eenige plaats alwaar als nog een kerkgebouw is gesticht, en die, nu en dan, de overige gemeenten bezoekt.

(1) De gemeente Natal (Durban)

Ouderlingen in dezelve waren: A de Jager; en S Landman; en Diakenen: L Fourie en Fr de Jager. Negen en sewentig kinderen hadden en, sedert de oprigting der gemeente, den doop ontvangen. Sterkspruit maakt de grenssheiding uit tussen de parochie van Natal en Pietermaritzburg.

(2) De gemeente Pietermaritzburg

De Kerkraad van deze gemeente bestaat uit den Wel Eerw Daniel Lindley, – de Ouderlingen: Th Steenkamp, CA Cilliers, EF Potgieter, Bernard S Rudolph; en de Diakenen: GR van Rooyen, P Pretorius, MZ JH Bruwer, H Lemmer, G Naude, J Boshoff. Aldaar werden en gedoopt in het jaar 1841: 284 kinderen; in 1842: 244 kinderen; en in 1843: 148 kinderen. . . . De grensscheiding tussen de parochie van deze plaats en Weenen, is Mooye Rivier.

(3) De gemeente Weenen

Weenen, 138 mijlen van Natal gelegen . . . Alhier zijn Ouderlingen: P Cronje en Abr Spies en Diakenen: NJ Smit, F Joubert en Jan Davel. In die gemeente zijn een honderd kinderen gedoopt. 378 miljeu van Natal en 150 van Colesberg, is Winburg.

(4) De gemeente Winburg

Een zeer uitgebreide parochie, zich uitstrekkende van de Vet Rivier tot Rhenoster Rivier. Ouderlingen zijn er: M Smit, Abr Smit en Diakenen: FR Biljoen, J van der Westhuizen. In deze gemeente doopte de Wel Eerw Heer Lindley, gedurende zijn bezoek in 1842, 362 kinderen. 460 miljeu van Natal ligt Potchefspruit.

(5) De gemeente Potchefstroom

Deze gemeente neemt in bevolking sterk toe. Vele menschen wonen ruim 532 miljeu afstands van natal en 660 van Colesberg. Ouderlingen: F Wolmarans, P van Staden; Diakenen: P Strydom, P du Preez, Step Viljoen en Jacob Maree. 202 kinderen ontvingen in deze gemeente den doop, in een bezoekreis van den Wel Eerw Lindley in 1842."

Uit bostaande berig kan 'n mens aflei watter moeisame en opofferende werk Lindley moes doen as predikant van die Voortrekkers. Sy opoffering is egter waardeer en op sy reise is hy met gasvryheid oorlaai. Elke keer moes hy erken dat sy dienste veel beter bygewoon is as wat hy verwag het. As geestelike leidsman vir die Afrikaner in moeilike tye, toe daar geen ander predikant in Suid-Afrika was wat bereid was om onder die Voortrekkers te kom arbei nie, het hy deur sy diensvaardigheid gesorg dat sy naam "een naam (is) die lieflik klinkt in Afrikaner ooren." Aan Lindley kom die eer toe dat hy die grondslag van die Voortrekkerkerk na die vestiging van die Voortrekkerstaat heg en stewig gelê het. Op die fondamente wat hy gelê het, is die Afrikaanse kerke noord van die Kaapkolonie gebou. Dit was inderdaad grondliggende werk wat Lindley gedoen het en wat die toets van die tyd deurstaan het.

6. Kontak met Nederland

Op 26 Maart 1842 het 'n Nederlandse handelskip, die *Brazilië* in Port Natal aangekom. Die sending van die skip was die resultaat van die belangstelling wat 'n groepie mense in Nederland vir die Voortrekkers gehad het. Hier moet die naam van Jacob Swart genoem word, wat op grond van sy simpatie en belangstelling in die Voortrekkers, deur middel van 'n berig in die koerant *Het Algemeen Handelsblad*, die aandag van die publiek op die stigting van die Republiek Natalia gevestig het. 'n Amsterdamse koopman, GG Ohrig, het na gesprek met Swart besluit om die *Brazilië* toe te rus om so met die Voortrekkers in verbinding te tree en handelsbetrekkinge met hulle aan te knoop. JA Smellenkamp, 'n persoon wat later in Transvaal 'n rol sou speel, is as opperkoopman van die skip aangestel.

Die aankoms van die skip het groot vreugde onder die Voortrekkers veroorsaak. Verbinding met Nederland het die moontlikheid ingehou dat hulp verkry kon word op politieke, kultureelgeestelike en handelsgebied. Op politieke gebied het die hoop by die Voortrekkers ontstaan dat met Nederland 'n ooreenkoms gesluit kon word wat die bedreiging van die kant van Brittanje die hoof kon bied. Daarom het die Volksraad selfs so ver gegaan om "eene provisionele verdrag of overmaking van ons land en volk aan de Koning der Nederlanden" goed te keur waarin die

hoop uitgespreek word om "de bescherming van ZM den Koning der Nederlanden te bezitten". Smellenkamp wat nie die minste reg gehad het om namens die koning van Nederland te handel nie, het dit "aangenomen namens ZM den Koning der Nederlanden". Die Engelse regering in London was dan ook erg gesteur oor die gebeurtenis. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat die Engelse in Mei 1842 Port Natal herbeset het, omdat hulle bevrees kon wees dat hulle oppergesag in Suidoos-Afrika ondergrawe kon word.

Die kerkraad van Pietermaritzburg het ook 'n brief aan Swart geskryf waarin hulle, namens die kerk, hom bedank vir sy belangstelling in die Voortrekkers en waarin hulle die dringendheid en noodsaaklikheid om vir hulle leraars en onderwysers te bekom, beklemtoon: (Stuart 1854 : 163).

> "Vooral groot is het gebrek aan de nodige leeraars in twee bevolkte Districten, die daarvan ontbloot zijn, en dus verstoken zijn van de zegeningen en troost, die met regelmatige viering van den Sabbat en godsdienstig onderwijs, bijsonder op dien dag, altoos gepaard gaan, terwyl het zwaarmoedig vooruitzigt voor het aankomende geslacht zonder onderwijsers, zonder leiding, zonder voorbereiding tot die pligten, waartoe zij eenmaal door den Staat geroepen zullen worden, ook algemeene neerslagtigheid veroorzaakt, terwijl de vele aanzoeken, die wij deswegens in de kolonie aan de Kaap gedaan hebben, niet van dat gevolg zijn geweest, waarop wij Broeders van dezelfde moederkerk hadden mogen hopen, zoo als U Eerw uit de bijgaande missive, de onbeantwoord is gebleven, zelve zult kunnen zien."

Die kerkraad het ook geestelike lektuur en skryfbehoeftes aangevra.

Op Swart se inisiatief is in Amsterdam 'n kommissie gevorm wat bestaan het uit professor Rooyens, di Van Voorst, Bruinier en Broes (predikante van die Hervormde gemeente Amsterdam) en Swart self. Hierdie kommissie se doel was om in die geestelike behoeftes van die Voortrekkers te voorsien. Hulle het daarin geslaag om proponent PN Ham as predikant en L Martineau as onderwyser vir die Voortrekkers te kry. Pieter Nicolaas Ham, gebore in 1811, het aan Utrecht studeer en is in 1834 deur die Provinsiale Kerkbestuur van Gelderland tot die evangeliebediening toegelaat. As gevolg van 'n oormaat proponente in Neder-

land kon hy geen beroep kry nie. Nadat hy toestemming geweier is om te Port Natal aan wal te gaan, het hy met sy gesin in Delagoabaai, Lourenco Marques (Maputo), afgeklim in die hoop dat hy die Voortrekkers oor land sou kon bereik. Daar is sy vrou en kind aan koors oorlede. Hierna is hy per skip na Kaapland waar hy predikant van die Ned Geref Kerk geword het. Nie een van die twee sou egter ooit onder die Voortrekkers werk nie, want toe die *Brazilië* in Mei 1843 'n tweede keer by Port Natal aandoen, was die gebied reeds deur Engeland herbeset en die Britse owerheid het beveel dat niemand aan wal mag gaan nie. So het die poging om die Voortrekkers van nog 'n predikant te voorsien, wat Lindley in die groot en uitgestrekte gebied sou kon help, op mislukking uitgeloop.

Literatuurverwysings

Akte van Vereniging. Transvaalse Argief, Soutterversameling: Lêer 2, no 2.

Breytenbach, JH (red). *Die notule van die Natalse Volksraad, 3–1-1840, Artikel 5.* Suid-Afrikaanse Argiefstukke Natal no 1.

Brieweboek van Landdros: Natalse Argief. JP Zietzman – AWJ Pretorius, 11–1-1840, bladsy 2.

De Jongh, PS 1977. *Die Lewe van Erasmus Smit.* Pretoria: HAUM.

Dreyer, A 1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* Kaapstad: De Drukpers Maatschappij Van de Sandt en De Villiers.

Rex, H 1971. *Voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico) Pretoria.* Die Kerkraad, Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust.

Scholtz, GD 1956. *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842–1885.* Kaapstad en Pretoria: NG Kerkuitgewers.

Stuart, J 1854. *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in ZA.* Amsterdam. Tielkemijer.

Hoofstuk 5

Die anneksasie van Natal en die Transgariep

1. Inleiding

Ofskoon die Britse regering, hoofsaaklik vanweë finansiële oorwegings, nie begerig was om Natal kort na die Groot Trek te annekseer nie, was hulle egter ook nie bereid om die onafhanklikheid van die Voortrekkers te erken nie. Vandaar dat 'n reeks herhaalde versoeke deur die Natalse Volksraad om amptelike erkenning en samewerking deur sir George Napier, die Britse goewerneur aan die Kaap, afgewys is. Dit doen hy omdat die emigrante as "misguided and erring Brittish subjects" gesien is en omdat "the Queen cannot acknowledge a position of her own subjects as an independent Republic". (Bird : 644).

By die beantwoording van die vraag waarom die Britse regering so lank aanspraak kon maak op die onderdaanskap van die Voortrekkers, moet 'n mens in gedagte hou dat daar destyds nog op die ou feodale beginsel van die leenheerseed gestaan is wat bepaal het dat niemand sy vaderland mag afwerp nie (*nemo potest exuere patriam*) en dat niemand die ryk waarin hy woon, mag verlaat nie (*ne exeat regno*).

Aan hierdie onbesliste beleid kom daar op 2 Desember 1841 'n einde as Napier per proklamasie verklaar dat die Trekkers in Natal, Britse onderdane was en nie die reg het om op onafhanklikheid aanspraak te maak nie, dat hulle nie die reg daartoe sal kry nie, en dat hy die militêre besetting van Port Natal gaan hervat. Dit was veral die nie-blanke beleid van die Voortrekkers en die vrees dat vreemde moondhede die Britse oppergesag in Suidoos-Afrika kon ondergrawe, wat die deurslag vir Napier se proklamasie gee.

Gedurende Mei 1842 het Napier sy woorde in dade omskep deur kaptein TC Smith en 250 manskappe na Port Natal te stuur.

Die Reaksie van die Voortrekkers was om Natal te verdedig. Nadat AWJ Pretorius kaptein Smith by Congella teruggeslaan het, het hy Smith in sy kamp beleër. Onderwyl Smith en sy manskappe hardnekkig weerstand gebied het, het Dick King, 'n Engelse inwoner van Port Natal, te perd na Grahamstad gejaag om hulp te ontbied. Laat in Junie 1842 het 'n Britse ontsettingsmag onder Lt Kol AJ Cloete by Port Natal geland en die Boere se militêre weerstand beëindig. (Muller 1968 : 146).

Op 15 Julie 1842 het die Volksraad van Natal aan die Britse gesag oorgegee, maar met sy werksaamhede voortgegaan asof niks gebeur het nie. Eers in Desember 1842 het die Imperiale Regering toestemming tot anneksasie verleen, wat aan Napier die geleentheid bied om op 12 Mei 1843 Natal as 'n Britse kolonie te verklaar. Die Volksraad sou voorlopig nog bly funksioneer totdat Britse beheer en bestuur op 'n beter en stewiger grondslag geplaas kon word. Op hierdie basis het die Volksraad, onder toesig van 'n Britse Kommissaris regeer tot 4 Desember 1845 wanneer Luitenant-Goewerneur Martin West in Natal aankom en alle regeringsmagte oorneem.

Die Adjunkraad van Potchefstroom was egter nie teenwoordig toe die Natalse Raad op 15 Julie 1842 oorgegee het nie. Daarom het die Adjunkraad op 1 en 25 Oktober 1842 geskryf en sy misnoeë te kenne gegee om langer aan die Volksraad in Natal onderworpe te wees. Die toestand was egter nie vir hulle duidelik nie. Daarom het die vyf Potchefstromers, naamlik FG Wolmarans, PF Strydom, P du Preez, H van der Merwe en H van Staden in Augustus 1843 hulle as lede van die Volksraad laat insweer om saam met die Natallers die proklamasie van 12 Mei 1843 met die Britse Kommissaris in Natal, Henry Cloete, te bespreek. Vir bogenoemde persone het die vraag gegaan of die Winburg-Potchefstroomdistrik deur die proklamasie geraak sou word. Cloete het hulle verseker dat die Drakensberge die grens sou vorm en dat die gebied wes van die berg nie onder Britse gesag sou val nie. Hierdie versekering het die gevolg gehad dat die vyf verteenwoordigers van Winburg-Potchefstroom hulle aan die Volksraad onttrek het. Hierdie vyf persone het dan ook nie die dokument van oorgawe op 8 Augustus 1843 onderteken nie. (Liebenberg 1977 : 114). Potchefstroom het dus geen deel aan die onderwerping aan die Britse gesag gehad nie.

Die Potchefstroomse Adjunkraad het nou selfstandig opgetree

en is tot 'n Burgerraad omskep. Op 3 Oktober het Potgieter ook aan H Cloete kennis gegee dat die anneksasie van Natal nie deur hom en sy mense aanvaar is nie, en dat hulle nie daardeur gebind word nie. Hulle wil leef "als vreij geboren Burgers, want alle naasies zijn vrij en goed waar sy wil; en wil als vreij geboren hopen ook onafhnklijk en vrij ons eijgene saaken te bestieren en zullen trachten om met alle nasies in vrede te leeven en begeeren wat alle vrij te handelen in billikheid." (*Souter Versameling:* Pakket 4, no 19). Op 9 April 1844 het hierdie Burgerraad die Voortrekkerrepubliek opnuut gekonstitueer en in Potchefstroom 'n grondwet opgestel wat as die "Drie-en dertig Artikelen" bekend gestaan het. (JH Breytenbach : 3).

Onderwerping aan Britse gesag in Natal het nie beteken dat die Trekkers as lojale Britse onderdane in Natal bly woon het nie. Baie het in die jare 1842–1847 na die Vrystaat en Transvaal verhuis, omdat die gebiede nie inbegrepe was in die anneksasie van Natal in Mei 1843 nie. So het Andries Pretorius Natal ook in Januarie 1848 verlaat, nadat hy alle hoop opgegee het om onder die Britse regering 'n eerbare en rustige lewe te kon leef.

2. Die Voortrekkerkerk in 'n Engelse kolonie

Die Britse anneksasie sou nie net op politieke gebied nie, maar ook op kerklike gebied gevolge vir die Voortrekkerkerk meebring. Die grootskaalse verhuising van lidmate na die gebiede van Transvaal en die Vrystaat, vanweë die anneksasie, het tot gevolg gehad dat die gemeentes Wenen en Port Natal tot niet gegeaan het, sodat teen 1847 slegs die gemeente Pietermaritzburg oorgebly het. Wenen sou in 1859 weer herstig word en Port Natal (Durban) eers in 1914. So het die anneksasie van Natal meegebring dat die Voortrekkerkerk sy gemeentes in Natal verloor het, en as onafhanklike kerk slegs in die Transoranje en Oorvaalse gebied voortbestaan het.

Onmiddellik na die anneksasie was dit reeds duidelik dat die Britse goewerneur sy gesag gaan laat geld en die "ius patronatus" wat hy in die Kaapse Kerk uitgeoefen het, net so in Natal gaan uitoefen. Daarom word dit in Mei 1843 aan proponent Ham en sy gesin geweier om te Port Natal voet aan wal te sit. So het die hoop van die Voortrekkers om nog 'n predikant te bekom op 'n mislukking uitgeloop. Dit was egter nie sonder rede dat die Britse

owerheid geweier het om Ham toe te laat nie. In die eerste plek was die goewerneur bevrees dat kontak met "foreign Churches" die politieke onrus wat in Natal as gevolg van die anneksasie ontstaan het, kon vererger. Verder wou die Kaapse goewerneur, Napier, self 'n predikant na die Voortrekkers stuur "the moment he was assured by the commissioner of their perfect submission to HM 's authority and that they themselves desired it". (Dreyer 1929 : 40). Hy het hier 'n gulde geleentheid gesien om, terwyl hy tevredenheid op kerklike gebied kon skep, terselfdertyd in die persoon van die predikant iemand te hê om die roeringe en ontevredenheid rondom die anneksasie te kon bylê. Daarom sou die predikant 'n persoon moes wees wat sy politieke opvattings onderskryf.

Napier se keuse het op ds A Faure, predikant van Kaapstad en die aktuarius van die Kaapse Sinode geval. Faure self was die mening toegedaan dat die goewerneur se keuse nie deur die politieke oogmerke beïnvloed is nie. Faure het sy besoek aan Natal gesien as 'n antwoord op die groot aantal versoeke deur die Voortrekkers om 'n predikant en om aan die goewerneur verslag te doen oor die geestelike behoeftes van die emigrante in Natal.

Ds Faure was volgens getuienis 'n gelowige en agtenswaardige man, maar dit het ook duidelik geword dat hy vir die politieke, staatkundige en kulturele ideale van die Voortrekkers geen begrip gehad het nie. Hy is gebore uit 'n familie uit die Westelike Provinsie wat nog altyd in hoë aansien deur die Britse amptenare gehou is. Hy self was 'n Anglomaan wat dit as growwe pligsversuim beskou het as predikante nie gereeld in die openbaar vir die Kaapse en Londonse owerhede gebid het nie. Die Kaapse goewerneur, by wie hy hoog aangeskrewe was, is deur ds Faure altyd geag vanweë die verantwoordelike taak wat hom deur die Hoër Hand opgelê was. Sy "mede-kolonisten" wat aan die Groot Trek deelgeneem het en nou in Natal en die Transgariep en Transvaal woonagtig was, was vir hom arme, misleide landgenote: (Heyns 1950 : 79).

> "Hy het met hulle meegevoel gehad weens hulle geweldige ontberings . . . maar dit was vir hom pynlik dat hulle nie die implikasies van hulle optrede na sy mening duidelik genoeg ingesien het nie. Die Trek was 'n opstandige daad wat volgens die Skrif nie goedgepraat kon word nie."

Hoewel Faure, vanuit die Engels-koloniale standpunt gesien, 'n ideale figuur was om na Natal te stuur, het hy op die staatkundig-kulturele vlak sterk teenoor die Voortrekkers gestaan vanweë sy waardering vir die Britse-koloniale bewind in Suid-Afrika en die feit dat hy in die binnekringe van daardie struktuur beweeg het. Tog is hy met 'n ope gemoed deur die Trekkers ontvang. Alhoewel H Cloete, die Britse Kommissaris in Natal, voorgestel het dat Faure nie moes inmeng in Lindley se werksaamhede in Pietermaritzburg nie, is hy deur Lindley uitgenooi om daar te kom preek. Die kerkraad van Pietermaritzburg het hom 'n adres aangebied waarin hy hartlik welkom geheet is, bedank is vir sy koms en die hoop uitgespreek is dat sy verblyf in Natal "met een gezegenden uitslag moge worden bekroont". (Vergelyk Dreyer 1929 : 45–46). Sy besoek het egter nie positiewe resultate opgelewer nie, hoofsaaklik vanweë oordeelsfoute wat Faure gemaak het. Juis in hierdie tyd het 'n brief van proponent Ham uit Delagoabaai die Voortrekkers bereik waarin Ham die moontlikheid opper dat hy die Voortrekkers tog nog oor land sal kan bereik. Die nuus het groot vreugde uitgelok en die hoop laat opvlam dat die Trekkers tog hulp gaan ontvang in die persoon van 'n eie predikant uit Nederland. Ds Faure het egter koue water op die vreugde gegooi en duidelik gestel dat hy verset teen die Britse gesag as 'n versuim van Christelike plig beskou. Terselfdertyd het hy op Pietermartizburg in 'n godsdiensoefening vir die Britse koningin gebid. Uiteraard het dit groot onsteltenis in die gemeente veroorsaak. Die gevolg was dat baie van die Voortrekkers teen Faure gedraai het. Hy is al meer gesien as 'n "afgesant van die Britse regering, wat onder die skyn van godsdienstige belange, eintlik gestuur was om hulle om te praat om hulle aan die gesag van die Britse troon te onderwerp". (Moorrees 1937 : 41). Uit Wenen het die kerkraad in 'n skrywe, geteken deur

Ouderlinge P Cronje en O Spies, Faure laat weet dat hulle hom nie daar wil hê nie. As gevolg van die vyandigheid wat teen Faure ontstaan het, het Cloete besluit dat dit die beste sal wees as hy terugkeer Kaap toe. Op 10 Desember 1943 het ds Faure per skip Natal verlaat, skaars twee maande nadat hy in Natal aan wal gestap het.

Hierdie mislukte sending van Faure het vanselfsprekend 'n nadelige uitwerking gehad op die verhouding wat daar bestaan het tussen die Kaapse Kerk en die Voortrekkers. Omdat Faure die

afgesant was van die goewerneur aan wie hy ook verslag moes doen, het hy die toestande in Natal waargeneem uit die gesigspunt van Napier en nie objektief die gevoelens van die Voortrekkers in ag geneem nie. Faure het die Voortrekkers duidelik laat verstaan dat hy hulle verset teen die Britse gesag as 'n versuim van hulle Christelike plig sien en dat die Kaapse Kerk ook nie kan afsien van sy standpunt dat hulle opstandelinge was nie. Hierdie beskuldiging wat, uit die aard van die saak 'n groot indruk moes gemaak het,het niks bygedra tot Faure se doelwit om die Voortrekkers met die Britse bewind te versoen nie. Hy het eerder wantroue by die Trekkers teen predikante uit die Kaapse Kerk ingeboesem. Dit sou in latere jare, tussen 1846 en 1852, toe die Kaapse Kerk verskillende deputasies na die Voortrekkers gestuur het, hinderlik in die weg staan van enige sukses wat deputasies sou kon bereik.

Hier, met Faure se besoek, word dit duidelik dat in die wordingsgeskiedenis van die kerk buite die Kaapkolonie, politiek-staatkundige faktore 'n groter rol gespeel het as suiwer kerklik-godsdienstige motiewe. Dit is ook verstaanbaar want die kerk en wat dit inhou, was so 'n integrale deel van die Voortrekkers se lewe, dat hulle nooit daaraan gedink het om kerlik-godsdienstige aangeleenthede los van die politiek-staatkundige te sien nie. Dwarsdeur die negentiende eeu bly die kerk één van die belangrikste spilpunte waarom die lewe van die Afrikaner in sy vryheidstrewe gedraai het. Daarom kan die geskiedenis van die kerk ook nie losgemaak word van die politiek-staatkundig-kulturele geskiedenis van die Afrikaner in daardie periode nie.

Na die anneksasie is daar op kerklike vlak belangrike veranderings gemaak. Dit was, vanuit die gesigpunt van die Britse owerhede, ook belangrik want in Mei 1844 is Natal formeel tot 'n distrik van die Kaapkolonie geproklameer. Dit bring dus mee dat al die Kaase wette ook in Natal geldigheid gekry het. Die Britse goewerneur het in Natal dus nie alleen beheer oor die staatkundige aangeleenthede oorgeneem nie, maar ook oor die kerklike aangeleenthede. Natal was nou deel van die Kaapkolonie en die Voortrekkers kon nie meer staatmaak op die beskerming en versorging van die Volksraad nie. Lindley word nou deur die goewerneur op 6 Februarie 1846 as predikant van Pietermaritzburg her-aangestel. (In Mei en Junie 1844 sou Lindley nog 'n besoek aan Potchefstroom en die Magaliesbergse omgewing

bring en in 1845 ook nog 'n keer die Winburg-gemeente besoek, maar van toe af het sy gewaardeerde besoeke tot 'n einde gekom. In Desember 1846 het hy sy ontslag as predikant van Pietermaritzburg geneem en weer sy werk as sendeling onder die Zoeloes hervat. (Op 7 Junie 1844 het die kerkraad van Pietermaritzburg besluit om die Kaapse Kerkwet van 1842, soos dit kragtens Ord 7 – 1843 bestaan, ook as geldig vir die kerk in Natal, te aanvaar. In 'n skrywe aan die Sinodale Kommissie van die kerk in die Kaapkolonie gedurende 1846 het die kerkraad verder gevra om vereniging met die kerk in die Kaapkolonie. Dit word in 1850 'n werklikheid met die vorming van die Ring van Transgariep. So het die gemeente Pietermaritzburg hom formeel van die struktuur van die onafhanklike Voortrekkerkerk onttrek en in die Kaapse kerklike organisasie ingeskakel. Prof PB van der Watt is van mening dat hierdie kerkregtelike ontwikkeling wat in Natal plaasgevind het, geskied het omdat die kerk in Natal hom steeds bewus gevoel het van 'n noue relasie met die NG Kerk in die suide (Kaapkolonie). Dit is nie juis nie. Die kerk onder die Voortrekkers, ook in Natal, het kerkregtelik onafhanklik onder die Volksraad ontwikkel. (Sien vorige hoofstuk). Eers nadat Natal deur Brittanje geannekseer word, kom die kerkregtelike ontwikkeling in lyn met die van die Kaapse Kerk. Die rede is egter duidelik: Nie 'n noue relasie nie, maar die goewerneur wat met sy eksterritoriale mag beheer oor kerklike aangeleenthede uitoefen. So stel hy Lindley nou as predikant in Natal aan en sorg hy vir sy lewensonderhoud. Waarskynlik was dit 'n doelbewuste skuif van die goewerneur om Lindley as predikant van die Trekkers te behou en hulle op die manier te kalmeer en tot aanvaarding van die Britse vlag te lei. (Van der Watt 1977 : 43).

Die her-aanstelling van Lindley as predikant te Pietermaritzburg dui daarop dat die goewerneur nie 'n kontinuïteit wil behou met die voorafgaande periode nie, maar 'n nuwe, eie kerklike bestel wil vestig. Daarom moes Lindley nou, soos die Kaapse predikante, 'n staatsamptenaar word, besoldig deur die Britse owerheid. Dit gebeur, merkwaardig genoeg, sonder dat Lindley self lidmaat van die Kaapse Kerk word. Dit het ook beteken dat Lindley afgesny word van sy verbintenis met die ander gemeentes van die Voortrekkerkerk wes van die Drakensberge. Dat daar 'n totale verandering in die posisie van die Natalse gemeentes plaasgevind het, word onderstreep deur die feit dat hulle toetrede

tot die Kaapse kerklike struktuur as 'n vereniging gesien en gehanteer is. Dié gemeentes wat 'n onafhanklike bestaan gevoer het tot 1844, tree nou uit, uit die organisatoriese bestel van die Voortrekkerkerk en word deel van die Kaapse kerklike struktuur, soos ook blyk as hulle in 1850 deel van die Ring van Transgariep word. Die inlywing van die Natalse en ook die Vrystaatse gemeentes by die Kaapse kerklike organisasie het geskied kragtens 'n proklamasie van die Kaapse goewerneur, Sir Harry Smith, op 14 Maart 1849.

Daar kan terloops net daarop gewys word dat die inlywing, asook die skepping van die Ring van Transgariep op 4 September 1850 deur die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk, in stryd met die bepalings van die Kaapse Kerkwet, ord 7–1843 was. In 1862 het die Kaapse Hooggeregshof beslis dat die geografiese grense van dieKaapkolonie ook die fisiese grense van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk is.

Dit alles onderstreep die feit dat die Voortrekkerkerk 'n eie, selfstandige kerk was. As sy gemeentes in Natal en later in die Transoranje binne die grondgebied van Engelse kolonies kom, dan is dit elke keer nodig om die gemeentes ook te annekseer, in te lyf of te verenig om hulle deel te maak van die NG Kerk in die Kaapkolonie.

3. In die Transoranje

Die Afrikaners wat gedurende die veertigerjare van die vorige eeu die Vrystaat bewoon het, was op politieke gebied nie 'n eenvormige groep nie. Daar is reeds daarop gewys dat die aansienlike aantal trekboere, waarvan party al voor die Groot Trek, in die suidelike Transoranje gewoon het, hulleself steeds as Britse onderdane beskou het, en ook na aansluiting by die Kaapkolonie gestreef het.

As leier het hulle MA Oberholster gehad. Die Voortrekkers het noord van die Modderrivier en in die Winburgstreek gewoon. Anti-Engels in gesindheid het hulle onder leiding van Jan Mocke staatkundig met hulle geesgenote in Potchefstroom geskakel.

Die vestiging en uitbreiding van die Britse gesag in Natal het meegebring dat baie Afrikaners Natal stelselmatig begin verlaat het en verhuis het na die Winburg-Potchefstroom gebied. Onder

die laaste groep Trekkers uit Natal was ook AWJ Pretorius, die held van Bloedrivier. AWJ Pretorius se verblyf in Natal het in twee opsigte 'n diepgaande invloed op hom uitgeoefen. Hy het 'n toenmende renons in die Nie-Blanke en in die Britse owerheid ontwikkel. Soos in die Kaapkolonie het daar 'n toenemende bondgenootskap tussen die Bantoe en die Britse owerheid ontwikkel ten nadele van die Afrikanerboer. Ook het die Britse owerheid se beleid ten opsigte van plaastoekennings hom en baie ander boere gegrief. Van Pretorius se tien plase in Natal is agt hom ontneem. Nadat hy byna vyf jaar gepoog het om 'n beter bedeling in Natal daar te stel deur middel van oorlegpleging en proteste aan die Britse regering, waardeur hy niks kon regkry nie, besluit hy om te trek. Nog onderweg annekseer H Smith alweer 'n stuk Voortrekkergrond. Dit het hom absoluut teen die Engelse verbitter gemaak. In die lig moet ons ook sy houding verklaar teen die Kaapse Sinode en kerlike deputasies uit die Kaap. Bevrees dat hulle Britsgesind was, sou hy en wou hy met hulle niks te doen hê nie. (Vergelyk in die verband Liebenberg 1977: 249, 261, 290 vv). In 'n poging om beter lewenstoestande in Natal vir sy mense te verkry, het Pretorius selfs na Grahamstad afgereis om Pottinger, die Britse goewerneur op daardie stadium, te gaan spreek in verband met algemene klagtes. Nadat Pottinger egter geweier het om Pretorius, na al die moeite van die ver reis, te woord te staan, het Pretorius alle hoop laat vaar dat die lewe in Natal ooit die moeite werd sou wees.

Teen die einde van Januarie 1848 was 'n trek van sowat honderd waens, waaronder die van Pretorius, op pad weg uit Natal. Op 29 Januarie ontvang Pretorius 'n brief van Sir Harry Smith, die nuwe goewerneur van die Kaapkolonie, waarin Pretorius meegedeel word dat Smith op pad is Natal toe om persoonlik aan die probleme van die Boere aandag te gee. Hy versoek Pretorius om soveel moontlik van die wegtrekkende Natallers byeen te bring sodat Sir Harry hulle te woord kon staan. Smith het probeer om die Trekkers deur middel van beloftes, dat hy hulle probleme uit die weg sou ruim, na hulle plase in Natal te laat terugkeer. Onsuksesvol het Smith aan Pretorius 'n proklamasie getoon waarin hy die hele Transgariep ook tot Britse gebied sou verklaar. Volgens 'n verklaring deur drie ou Voortrekkers, GS Pretorius, MPW Pretorius en HP Pretorius het Sir H Smith vir Andries Pretorius tydens die geleentheid in 'n persoonlike gesprek ge-

waarsku met die "swaard des geestes". Dit sou inhou dat hy Britsgesinde predikante sou gebruik om die Voortrekkers met die Britse vlag te versoen as hulle (die Voortrekkers) nie onder Britse staatsgesag wou buig nie. (Engelbrecht : bladsy 13). Op 3 Februarie 1848, net na sy gesprek met Pretorius, het Smith die gebied noord van die Oranje en wes van die Drakensberge tot aan die Vaalrivier geannekseer onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit.

Sir Harry Smith het die situasie, so het dit geblyk, verkeerd beoordeel. Nie alleen het hy die Winburgers se onafhanklikheidsin onderskat nie, maar ook die Natallers se gegriefheid. Daarom het sy anneksasie van die Transoranje 'n storm van verontwaardiging in die Voortrekkergemeenskap veroorsaak. Pretorius het, na sy ontmoeting met Smith, weggery met nog 'n groter bitterheid in sy gemoed as voor Smith se koms. Die uitbreiding van Britse gesag oor die Vrystaat het hom laat besluit dat die Britse uitbreidingsdrang net met gewapende verset teengestaan kon word. Hy het gevolglik probeer om die hele Afrikanergemeenskap noord van die Vetrivier tot verset teen die uitbreiding van die Britse gesag aan te spoor.

Smith het die anneksasie gemotiveer en verduidelik deur middel van 'n Manifes wat hy op 29 Maart 1848 laat publiseer en so wyd as moontlik versprei het. Hy begin die manifes met 'n verduideliking dat sy proklamasies van die derde en tiende Februarie 1848 verkeerd voorgestel is deur "eenige boosaardige personen, geneigd tot snoodheid, ondeugd, en kwaadgezindheid." Die werklike redes waarom hy die gebied geannekseer het, is omdat die inwoners van die gebied hom gesoebat het en ook uit jammerhartigheid, want deur hulle verlating van die Britse gebied was hulle vir jare sonder 'n regering en "afgescheiden van bloedverwanten en vrienden, de gezellige omgang met wien strekte tot hun geluk, – van hunne leeraren, hunne kerken en gevolglijk ook hun God ..."

Verder wil hy ook daarop wys dat hulle besig is om in ongeloof te verval en 'n treurige lewe te leef:

> "Gij wijk af van uw geloof, zonder leeraars om mede te raadpleeg of in te vertrouwen; terwijl uwe broeders, uwe neven, uwe vrienden onder een regtvaardig en vrij Gouvernement gelukkig en tevreden zijn, wol en koorn afschepen, kostbare paarden, schapen en vee

verkoopen, en alle zegeningen genieten welke een goed geweten opleveren en beschaving en godsdienst daarstellen, 'sZondags naar de Kerk gaan met hunne fraaije spannen paarden en wagens, met hunne vergenoegde vrouwen en kinderen, terwijl uwe Zondagen doorgebracht worden in uwe ellendige hutten, niet in de goede huizen waarin gij opgevoed zijt, maar woest en onvergenoegd."

Dan volg 'n lang relaas van al die wonderlike voordele wat Britse gesag vir die bewoners van die Vrystaat sal inhou:

"Iedere penning van de inkomsten, voortspruitende uit de erfpacht van u geeischt, is tot u voordeel, tot uwe regeering, tot uwe scholen, tot uwe kerken, tot uwen God. Gij gaat's avonds naar bed, den almachtigen beschermer der wereld dankende: "Dit is mijn huis, mijne eigene onbetwiste woning, hier ben ik tehuis, hoe aangenaam! mijne vrouw zal worden beschermd, mijne kinderen opgevoed, mijne godsdienst gevestigd, markten zullen worden opgerigt tot mijn tijdelijk voordeel." Gij slaapt den slaap des geluks, want God is met u. Gij staat op in den morgen, en met Gods verheerlijkende uitstorting van dankbaarheid ziet gij, voordat gij uwen dagelijkschen arbeid begeeft, uwe vrouw en uwe kinderen om u heen zonder vrees of beving, zonder twijfel of onzekerheid. Opgewondenheid wordt door tevredenheid opgevolgd en ten eerstens fluistert de stem: "Wij zeggen onze oude vriende Kolonel Smith dank voor hetgeen hij gedaan heeft." Niet lang duurt het of de stem roept luidkeels uit: "Smith is onze Gouwerneur; hij is het ns aangespoord heeft ons zelven te regeren, onder zijne minzamen zorge; hij is het ons aangespoord heeft ons zelven te regeren, onder zijne minzamen zorge; wij danken hem als onze Gouwerneur."

Dan waarsku hy elkeen wat die anneksasie sal durf teenstaan:

"Uwe landen zullen u ontnomen worden, uwe huizen vernield, uwe kudden weggevaagd, uwe eigene harten zwartgeverwd door goddelooze ondankbaarheid; en uwe getrouwe, uwe edelmoedige vriend, die zich ten uwen behoeven heeft afgesloofd, veranderd in een vreker van het kwaad. Gij zult worden gelijk de Ismaelieten van ouds, "uwe hand zal tegen elk man zijn en elks manshand zalt tegen u zijn." "Wraak is de mijne", zegt de Heere; en in zijnen naam en tot nut van zijne schepselen zou ek hen tuchtigen, die ik zoo bemin en wien ik getracht heb te bewijzen dat ik zulks doe."

Die manifes word dan afgesluit met 'n gebed waarin Smith om vrede bid.

Pretorius se eie opsomming van die Manifes was kort, maar akkuraat: "Dit begin" het hy verklaar, "met goedhartigheid, dan volg 'n dreigement, en dit eindig met 'n gebed." (Aangehaal by Liebenberg 1977 : 291).

Alhoewel hierdie Manifes bygedra het tot 'n effense afname van die verset teen die Britse gesag in die Vrystaat, kon dit nie verhoed dat Boer en Brit mekaar met wapens ontmoet tydens die geveg van Boomplaats op 29 Augustus 1848 nie. In die geveg het die Voortrekkers, onder aanvoering van A W J Pretorius, die onderspit gedelf en moes hulle die gesag van die Engelse owerheid in die Transoranje aanvaar.

4. Kerklike deputasies in die Transoranje

Die uitbreidende Britse gesag in Suidelike Afrika het in die Kaapkolonie nie ongemerk verbygegaan nie en daarby was daar nog steeds 'n belangstelling in die wel en wee van die Voortrekkers. Ook in die Kaapse Kerk is daar aandag aan die Voortrekkers gegee, al was dit so dat daar in die kerk nie helderheid was oor die status van die Voortrekkers op kerklike vlak nie.

Tydens 'n vergadering van die Ring van Graaff-Reinet in Oktober 1844 het die herderloosheid van die Voortrekkers weer ter sprake gekom. Na bespreking van die saak is besluit om met die Trekleiers oor 'n moontlike besoek in korrespondensie te tree. Die Goewerneur se toestemming is ook gevra en verkry. Vanaf Rietrivier in die Suid-Vrystaat het die Trekboere gunstig gereageer. Kommandant MA Oberholster het so 'n besoek namens sy mense verwelkom. Kommandant JG Mocke het namens die Voortrekkers die besoek van die Kaapse predikante egter van die hand gewys. As redes het hy aangevoer dat ds Lindley as predikant onder hulle werk en dat hulle verder hoop om 'n predikant vanuit Nederland te bekom.

Na die ontvangs van hierdie briewe het die Ring op sy volgende vergadering besluit om wel 'n afvaardiging na die inwoners van die Rietrivier-omgewing te stuur. As kommissielede is gekies, di Colin Fraser en WA Krige en ouderling B Burger. As gevolg van die Sewende Grensoorlog is ds Fraser en ouderling

Burger verhinder om te gaan en het ds Krige die tog alleen aangepak. Onder die Trekboere is hy hartlik ontvang, het hy gereeld gepreek en is 94 kinders gedoop, wie se name in Colesberg se doopregister opgeneem is. Nagmaal is egter nie bedien nie, omdat die Ring in 1840–1841 besluit het dat die sakramente nie aan die Voortrekkers bedien sou word nie. Hierdie besluit is eers in 1848 herroep. Die mense van Modderrivier wou met hom niks te doen gehad het nie, want hulle wou geen predikant vanuit die Weste ontvang nie- "hij moet van het Oosten komen." (Opgeneem by Dreyer 1929 : 84).

Die afkeurende houding wat die Kaapse Sinode teenoor die Groot Trek geopenbaar het, die vroeëre besluite van die Ring van Graaff-Reinet en die optrede van ds Faure in Natal het waarskynlik die houding van Mocke en sy mense teenoor ds Krige veroorsaak. Die Voortrekkers in die Transoranjegebied moes seker bewus gewees het van die optrede van ds A Faure in Natal en was bevrees dat ds Krige met dieselfde boodskap van onderwerping aan die Britse kroon na hulle sou kom.

'n Belangrike gevolg van hierdie besoek van ds Krige was dat hy na aanleiding van sy besoek aan die Vrystaat 'n beskrywingspunt indien op die Sinodesitting van 1847 waarin hy pleit vir verdere aandag "by de geestelijke aangelegenheden van de Uitgewekenen aan de Rietrivier". Op grond hiervan het die Kaapse Kerk die volgende besluit geneem: (Vergelyk Dreyer 1929 : 87).

> "Dat namens de Synode eene Commissie worde benoemd om de uitgewekenen te bezoeken, met volle magt, om alle zoodanige maatregelen in vereeniging met hen te nemen, waardoor in hunne geestelijke behoeften op eene geregelde wijze kan worden voorzien."

Dit was 'n belangrike besluit om 'n kommissie met volmag te stuur, wat ook nagmaal kon bedien. Alhoewel die kommissie spesifiek gestuur sou word na die inwoners van die Suid-Vrystaat, kan uit die beredenering afgelei word dat die Voortrekkers ook daarby ingesluit was. So het ds Faure, wat vroeër bitter gekant was teen die Groot Trek en in 1843 die mislukte sending na die Voortrekkers in Natal onderneem het, nou die volgende standpunt gehandhaaf: (De Kerkbode XII : 373).

> "Hoe tog kan men aan hen zeggen, die door buiten de Regering des lands zijn dat zij verdeeldheid in dezelve of in de Kerk trachten

aanrichting. Zij hebben zich, wel is waar, onttrokken aan de Regering des lands, maar zij zoeken geen omverwerping."

Die aanvaarding van hierdie besluit na aanleiding van bogenoemde argument het beteken dat die Sinode sy standpunt, soos in die *Herderlijke Schrijfven* van 1837 uiteengesit is, en waar die Voortrekkers van "muitery teen wêreldlike regerings" beskuldig is, verwerp het.

Die rede waarom die Kaapse Kerk nou weer belangstelling in die Voortrekkers noord van die Oranje gehad het, hang waarskynlik saam met die proklamasie van sir Peregrine Maitland van Augustus 1845 waarin hy bekend gemaak het dat die trekkers noord van die Oranje- en Vaalrivier nie ontslaan was van hulle trou aan die Britse kroon nie. Hulle het Britse onderdane gebly, onderworpe aan Britse inmenging. Dit het vir die Kaapse Kerk skielik die moontlikheid laat oopgaan om die Voortrekkers weer as lidmate te beskou, al was hulle vanaf 1837 nie as sodanig gesien nie.

Op 22 Oktober 1847 het die Sinode 'n kommissie vir besoek aan die Transgariep benoem, bestaande uit di A Murray (Graaff-Reinet), PK Albertyn (Prins Albert) en ouderlinge Pienaar (Richmond) en De Wit (Victoria). Daar is ook besluit dat 'n hoeveelheid Bybels en traktate saamgeneem moet word vir verspreiding onder die "Uitgewekenen". Hierdie kommissie het, met uitsondering van ouderling De Wit wat nie meer kon saamgaan nie, gedurende Maart 1848 op sy sending vertrek.

In die Suid-Vrystaat, digby die huidige Fauresmith, op die plaas Groenkloof is op 11 en 12 Maart 1846 kerk gehou, die doop bedien en die gemeente Rietrivier gestig. By die geleentheid is ook kerkraadslede verkies sowel as 'n kommissie wat moes uitkyk en beplan vir 'n geskikte plek om 'n kerk te bou.

Op hulle verdere reis na die noorde van die Vrystaat kon die kommissie verwag dat hulle nie so goed ontvang sou word soos in die Rietrivierstreek nie. Hulle sending het plaasgevind slegs 'n maand nadat sir Harry Smith die gebied geannekseer het. 'n Daad wat groot ontevredenheid en openlike vyandigheid teen die Britse regering by die republikeinsgesinde Boere in die Winburg-omgewing noord van die Modder- en Vetrivier gewek het. Met ds A Faure se besoek aan Natal, wat namens die Britse goewerneur gekom het, in gedagte het die Vrystaatse Voortrekkers wat afkerig

was van alles wat Brits en Britsgesind was, die kommissie versigtig ontvang omdat hulle die moontlikheid voorsien het dat die motiewe van die kommissie se besoek nie suiwer kerklik was nie. Verder was daar die vrees vir die "swaard des geestes" waarmee Smith vir Pretorius nog in Februarie 1848 gedreig het. Geen wonder dat die kommissie die berig ontvang het, terwyl hulle op pad was na Winburg "dat die Emigranten die tegen de maatregelen van ons geëerbiedigd Goewerneur zijn, verklaard hadden, niet te zullen gedoogen dat zij hare reis verder voortzette, of ten minste niet toe te laten iets verder te verrichten ..." (Dreyer 1929 : 100).

Nieteenstaande hierdie atmosfeer van spanning het die deputasie Winburg besoek en alhoewel die opkomste hier swak was, is daar kerk gehou en ook kerkraadslede gekies, nadat dit geblyk het dat die bestaande kerkraadslede se dienstermyn verstreke was. Tot ouderlinge is T Theron en H Wessels verkies en as diakens J Pienaar, A Lourens, P Naude en A le Roux verkies. Vir die kommissie was dit "aangenaam ... te vernemen dat de gekozene broeders allen welgezind zijn jegens het Goewernement." (Dreyer 1929 : 100).

Vanaf Winburg het die afvaardiging Transvaal ook besoek waar kerklike arbeid verrig is, en waaraan in die volgende hoofstuk aandag gegee sal word.

Ondanks die politieke onrus wat in die Transoranje geheers het, het die kommissie tog waardevolle werk in die gebied gedoen. Ruim 800 kinders is gedoop, terwyl 27 pare in die huwelik bevestig is. Die nagmaal is egter nie bedien nie. Op pad terug kon ook reeds verneem word dat 'n geskikte plek vir 'n kerkgebou by Rietrivier gevind is en dat daar spoedig met die bou van 'n kerk begin sou word.

Een saak verdien egter nog die aandag rondom die sending van di Murray en Albertyn, naamlik: het hierdie kommissie hulle met politiek bemoei aldan nie terwyl hulle in die Transoranje werksaam was? Hierdie vraag is belangrik omdat van die ou Transvalers meermale beweer het dat hierdie deputasie mense op politieke gebied wou beïnvloed. Dit is ook nie maklik om hierop te antwoord nie, omdat min gegewens beskikbaar is waaruit 'n mens hieroor 'n antwoord moet uitmaak. Uit die enkele gegewens waaroor ons beskik is dit baie duidelik dat die lede van die deputasie beslis "Britsgesind" was. So het ds Murray onder

andere self verklaar dat hy ingenome was as hy bespeur het dat sommige "wish to fear God and honour the Queen". (Engelbrecht 1953 : 60). Daarby was die deputasie ingenome dat al die verkose kerkraadslede te Winburg "welgezind zijn jegens het Gouvernment". Daar word ook vermeld dat al die "respectabele menschen welgesind jegens het Gouvernement" is. Daar is egter geen getuienis dat die kommissielede openlik probeer het om die inwoners van die Transoranje met die Britse vlag te versoen nie. Na die kommissie se terugkoms in die kolonie, het daar 'n berig verskyn oor 'n brief wat H Smith aan Gert Kruger geskryf het waarin hy laasgenoemde bedank vir die hulp wat hy aan die deputasie te Potchefstroom verleen het. In hierdie brief, soos in die *SA Commercial Advertiser* van 2 September 1848 gepubliseer, verskyn die sin: "These gentlemen were sent by the Synod among you, for Christian and political purposes." (Dreyer 1929 : 110). Nadat die Sinodale Kommissie die saak onder Smith se aandag gebring het, is die verduideliking verskaf, naamlik dat daar 'n fout in die afskrif van die brief van Smith aan die koerant ingesluip het en dat die sin eintlik moes "These gentlemen were sent ... for Christian *and not* political purposes."

Dat hierdie berig seer sekerlik baie bygedra het tot die verdenking van die deputasie dat hulle hul met politiek bemoei het, is nie te betwyfel nie. Die eenvoudige verduideliking wat daarna verskaf is, sou ook nie veel help om die saak in 'n ander lig te stel nie. 'n Saak waarop gelet moet word is dat die kommissie aangestel is voor Smith se koms na die Kaap, en dat hulle opdrag in die notule van die Sinode aangeteken staan as suiwer kerklik-godsdienstig.

Op die vraag na die politieke bemoeienis van hierdie deputasie wil 'n mens samevattend die volgende stel: Die deputasie het op 'n baie ongeleë tyd plaasgevind, naamlik net na die anneksasie. Op grond van die vroeëre houding van die Kaapse Kerk, die sending van ds A Faure en die dreigement van H Smith in verband met die geestelike swaard, is hulle van politieke partydigheid verdink. Ongeag hulle eie politieke siening, wat pro-Brits was, het hulle hul amptelik met kerklike arbeid besig gehou.

Kort na die eerste deputasie het 'n tweede op las van die Sinodale Kommissie in Oktober 1848 noordwaarts vertrek. Dit het bestaan uit dr PE Faure van Wynberg en dr William Robertson van Swellendam. Die besluit tot so 'n spoedige tweede afvaardi-

ging is hoofsaaklik as gevolg van drie redes geneem: Die vorige deputasie het in 'n rapport aan die Sinodale Kommissie 'n dringende beroep gedoen dat daar so gou as moontlik weer 'n deputasie na die inwoners van die Transoranje gestuur moet word om die werk deur hulle gedoen op te volg, anders kan hulle besoek vrugteloos word. Ook het die nuut-gestigde gemeente Rietrivier versoek dat die lidmate daar so gou as moontlik weer besoek moet ontvang van predikante uit die Kaapse Kerk. Dit was egter veral die versoek van die goewerneur, Sir Harry Smith, wat gevoel het dat die teenwoordigheid en werksaamheid van twee sulke vername predikante kalmerend onder die inwoners kon werk, wat die deurslag gegee het. Uit die memorandum deur die koloniale sekretaris, John Montagu, is dit duidelik af te lei dat die aktuarius, ds A Faure, reeds voor die benoeming van die afvaardiging 'n onderhoud met Sir H Smith gehad het, en dat die afvaardiging nie uitsluitlik die gevolge was van die aanbevelings van di Murray en Albertyn en die versoek van die gemeente Rietrivier nie, maar dat dit aangestel is "... in accordance with the wishes of his Excellensy ..." (Dreyer 1929 : 135). Daarom het die goewerneur nie alleen die steun van sy regering in die soewereiniteit beloof nie, maar ook aangebied om die koste van die deputasie uit die staatskas te dra. Op versoek van dr PE Faure is ook 'n regeringswa aan die afvaardiging beskikbaar gestel. Die twee afgevaardigdes het aangebied dat die onkoste verbonde aan die reis deur hulleself betaal sou word en dat die regering die onkoste aan hulle by hulle terugkoms moes terugbetaal "apprehending it might injure the cause if the expenses were advanced by the government."

Dit is duidelik dat die Kaapse goewerneur gehoop het dat hierdie deputasie 'n bydrae sou lewer om die mense in die Vrystaat te oorreed om hulle politieke omstandighede te aanvaar en hulle nie meer teen die Britse bewind te verset nie. In die persoon van dr Robertson en Faure het hy immers getroue ondersteuners van die Britse bewind gehad. Dr Robertson was iemand wat die Groot Trek met woord en daad veroordeel het. Op 13 Maart 1836 het hy in 'n brief aan Fairbairn die Groot Trek 'n "foolish idea" genoem. Toe die goewerneur gedurende 1838 'n beroep gedoen het op die predikante, het hy dadelik per gedrukte brief sy gemeente teen die Groot Trek gewaarsku en die moorde op Retief en sy mense uitgelê as "Gods afkeuring van het gehele

plan". (Sien sy brief aan Fairbairn, aangehaal Dreyer 1929 : 6).

Dr Faure noem die protes van die Voortrekkers in die Transgariep – 'n protes wat uitloop op die geveg van Boomplaats – 'n "wicked rebellion" wat gelukkig deur die goewerneur onderdruk kon word. Die deputasie het dus met die ideale en strewe van die Voortrekkers geen simpatie gehad nie, en vanuit hierdie standpunt sou hulle hul bemoei met die politieke oortuigings van die inwoners van die Transgariep. So was hulle sending nie suiwer kerklik van aard nie. Uit 'n brief van dr Robertson, gedateer 23 November 1848 aan die goewermentsekretaris, meld hyself hoedat die deputasie by meer as een geleentheid die mense probeer oorreed het om die Britse gesag te aanvaar. (Dreyer 1929 : 141). As in gedagte gehou word dat hierdie raad en leiding gegee word kort na die geveg van Boomplaats, waarna verskeie persone swaar beboet is, andere geruïneer is en generaal AWJ Pretorius met 'n bedrag van 2000 pond op sy kop voëlvry verklaar is, moes dit baie mense teen die bors gestuit het. 'n Saak wat verder tot onrus en gegriefheid gelei het, was die feit dat die goewerneur, Sir Harry Smith, alle huwelike wat deur die landdros van Winburg gesluit is, nie erken het nie. Daarom is aan Robertson en Faure opdrag gegee om alle sodanige huwelike weer te bevestig. Dié optrede, wat daarop gemik was om die "onwettigheid" van die Voortrekkerrepubliek te beklemtoon én te onderstreep dat die Britse bewind géén kontinuïteit met die voorafgaande bewind wou hê nie, het baie misnoeë by die Voortrekkers veroorsaak. Die feit dat die twee Kaapse predikante aan hierdie krenkende besluit uitvoering gegee het, het nie bygedra tot die sukses van hulle sending nie. Dit alles het saamgehang met die algemene mening in die koloniale owerheidskringe en wat 'n man soos dr W Robertson ook volledig gedeel het, dat die Voortrekkers onbeskaafde agterlike mense was wat ongelukkig nie die inslag gehad het om die voordele van 'n Britse bewind te waardeer nie. Die noue verbondenheid van die deputasie aan die Britse owerhede het ook daaruit geblyk dat hulle in Bloemfontein by die Britse resident, majoor Warden, tuisgegaan het.

Nieteenstaande die politieke verdenking waaronder hierdie deputasie gestaan het, asook hulle bemoeienis met die politiek, het hulle tog belangrike werk op kerklike vlak gedoen. So word onder hulle voorsitterskap gedurende November 1848, die gemeentes van Smithfield en Bloemfontein gestig. Op hulle rond-

reis het hulle 113 godsdiensoefeninge op 12 verskillende plekke, onder andere in Transvaal, gehou. Nagmaal is elf keer bedien, 920 kinders is gedoop en 628 persone het belydenis van geloof afgelê. Geen wonder dat verskeie briewe vanuit die Vrystaat en Transvaal aan die twee predikante gestuur is om kerkrade sowel as indiwiduele persone se dank en waardering teenoor hulle te betuig nie.

Twee sake bly egter ten opsigte van hierdie deputasies opvallend. Die eerste is dat daar eers kerklike belangstelling in die Kaapse Kerk ontstaan nadat die Britse grondhonger in Suidelike Afrika weer 'n nuwe vaart ontwikkel het. Sodra die Britse gesagsgebied uitgebrei is, was daar wel predikante wat dan die gemeentes buite die Kolonie wou besoek. As staatsamptenare, aangestel en besoldig deur die Kaapse goewerneur, was dit wel te verstane dat die Kaapse predikante nie buite die Britse gesagsgebied wou optree nie. Die tweede saak was dat in die kerklike deputasies na die Voortrekkers sorg gedra is dat slegs predikante met uitgesproke Britse simpatieë gestuur is. Hoewel daar in die Kaapse Kerk ook manne was soos ds GWA van der Lingen, wat intens met die Voortrekkers meegeleef het, is die soort predikante nooit na die Voortrekkers gestuur nie. Hierdie oordeelsfout, asook die politieke propaganda wat die Kaapse predikante gemaak het, het die staatkundig-kulturele afstand tussen die predikante en Voortrekkers eerder vergroot as verklein.

Uit die aard van die saak was daar onder die Voortrekkers, wes van die Drakensberge, wat herderloos was vandat ds Daniël Lindley in 1846 sy bande met hulle verbreek het, waardering vir dié besoeke. Die kerklike diens wat hulle so ontvang het, was vir hulle van groot waarde. Tog het dit hulle nie verblind vir die feit dat hierdie predikante ook as gesante van die Britse bewind opgetree het nie.

5. Vorming van die Ring van Transgariep

In 'n proklamasie "Regulations of the future Government of the Sovereignty beyond the Orange River" op 14 Maart 1849, het Sir Harry Smith bepaal dat die "Dutch Reformed Churches within the District will be under the supervision of the Synod of that Church in the Colony". Met hierdie proklamasie het hy al die

gemeentes in die Vrystaat by die Kaapse Kerk ingelyf. In dieselfde proklamasie het Smith ds Andrew Murray jnr as predikant te Bloemfontein aangestel. Op 10 Januarie is ds Dirk van Velden deur die goewerneur as predikant van Winburg aangestel. In beide gevalle is hulle deur die Britse owerheid besoldig. Net soos in Natal, het die koms van die Britse vlag ook beteken dat die Winburggemeente van die Voortrekkerkerk uit die struktuur van die kerk weggeneem is. Formeel het die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk in opvolging van die proklamasie van 14 Maart 1849, op 2 September 1850 besluit dat die gemeente in die Soewereiniteit tesame met die gemeente in Natal die Ring van Transgariep sou uitmaak.

Van die oorspronklike Voortrekkerrepubliek het nog net die Oorvaalse as 'n onafhanklike gebied, buite die Britse gesagsfeer, oorgebly. Net so het van die onafhanklike Voortrekkerkerk nog net die Transvaalse gemeentes oorgebly. Die Natalse en Vrystaatse gemeentes is deur die goewerneur van die Kaapkolonie sonder enige vorm van raadpleging van die lidmate, by die Kaapse Kerk gevoeg. Die Ring van Transgariep was die kerk se manier om die gemeentes wat as gevolg van die Britse imperialistiese optrede in sy skoot geval het, kerklik in te skakel en deel van die Kaapse kerklike struktuur te maak.

Literatuurverwysings

Bird, John. *Annals of Natal, Volume I.* 1495–1845 Cape Town: T Maskew Millar (facs reprint 1965, Cape Town)

Breytenbach, JH. *Notule van die Volksraad van die Suid Afrikaanse Republiek, Deel I.* Suid Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no 1–6.

Dreyer, A 1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* Kaapstad: De Drukpers-Maatschappij Van de Sandt en De Villiers.

Engelbrecht, SP 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsche Hervormde kerk van Afrika.* Pretoria – Kaapstad: HAUM.

Heyns, HA 1950. *Die Kerklike werksaamhede van Abraham Faure. Argief Jaarboek vir SA Geskiedenis,* Jg 13, Deel I.

Liebenberg, BJ 1977. *Andries Pretorius in Natal.* Pretoria en Kaapstad: Academica.

Moorrees, A 1937. *Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid Afrika, 1652–1873.* Kaapstad. Nasionale Pers.

Muller, CFJ 1968. *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Pretoria en Kaapstad: Academica.

Van der Watt, PB 1977. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1834–1866.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hoofstuk 6

Die kerk in die oorvaalse

KITAL
Posbus 7193 Pretoria 0001
Tel.: (012) 322-5885

1. 'n Kerklike oorsig, 1848–1852

1.1 Inleiding

In die jaar 1848 met die anneksasie van die Vrystaat, was daar nog geen predikante in Transvaal werksaam nie. In Mei 1843, soos aangetoon, is proponent Ham deur die Engelse owerheid in Port Natal verbied om aan wal te stap. Alhoewel Potgieter in 1844 probeer het om buite die Kaapse Kerk 'n predikant uit Nederland te kry, het daar niks van gekom nie. In Desember 1846 het ds Lindley finaal na sy sendingwerk teruggekeer en het sy dienswerk in Transvaalse gemeentes tot 'n besliste einde gekom. Die Voortrekkers was dus weer herderloos.

Alhoewel daar nog slegs een gemeente oor was, naamlik Potchefstroom, ook Mooirivier genoem, was daar in die ander bewoonde dele van Transvaal alreeds wyke van die een gemeente, naamlik Magaliesberg, Ohrigstad en Zoutpansberg. Noord van Potchefstroom aan die suidelike hang van die Magaliesberge was daar al gevestigde inwoners. Die plaas *Hekpoort*, woonplek van kommandant Gert Kruger was die kerkplek van die gebied. Ook noord van die Magaliesberg het die bevolking aangegroei. Die gemeente Rustenburg sou in 1850 hier gevorm word. Teen Desember 1848 het die Marico-gebied, noordwes van Potchefstroom, reeds heelwat inwoners gehuisves. In Oos-Transvaal te Ohrigstad was daar ook 'n goedgevestigde wyk. Die dorp het ontstaan in die loop van 1845, nadat AH Potgieter met 'n redelike gevolg die Potchefstroom-gebied verlaat het en hulle daar gaan vestig het om ter wille van beter handelsbetrekkinge, naby Delagoabaai te wees. In dieselfde jaar het baie Voortrekkers wat Natal na die Britse anneksasie verlaat het, hulle hier kom vestig. Vanweë spanning tussen die Potgietermense en die nuwe intrekkers, het

Potgieter noordwaarts getrek en in 1847 Zoutpansbergdorp aangelê. Ook hier sou in 1852 'n gemeente tot stand kom. As gevolg van koors het die oorblywende inwoners van Ohrigstad die gebied verlaat en hulle in September 1849 meer na die suide te Lydenburg gevestig. Daar word die eerste gemeente in die oostelike Transvaal gestig. Hierdie omswerwinge van die inwoners en die stelselmatige verkenning en bewoning van die land het meegebring dat daar in 1848 nog geen kerkgebou in Transvaal was nie.

Soos in Natal is die noue band tussen kerk en owerheid steeds gehandhaaf en die owerhede het ook probeer, vir sover dit nodig en toepaslik was, om die godsdiens te beskerm en te bevorder. Daarom is gepoog om aan wetgewing en bestuur 'n godsdienstige grondslag te gee. So bepaal die "regulatien en Instructien voor den Volksraad van het volk aan Andries Orieg Stad en omliggende land" in Artikel 16 : (SA Argiefstukke, Transvaal no 1, EVR 2, Artikel 16).

> "De Raad zal ook vlytig moeten nakomen dat in deze Maatschappij de Hollandsche Gereformeerde Kerk ten alle tyden geprotecteerd zal worden en erkend blijven voor de hoofd Kerk derzelve."

Ook tydens 'n openbare vergadering van 22 en 23 September 1846 word bepaal dat die Bybel: (*Soutterversameling*, Pakket 1, No 6, Artikel 11).

> "altoos als de hoogste wet onder ons zal en moet worden erkent."

Verder is bepaal dat elke paartjie wat gaan trou twee riksdalers in 'n fonds moes stort wat vir kerklike doeleindes gebruik kon word en dat die landdroste op Potchefstroom, Winburg en Ohrigstad in hulle hoedanigheid as huwelikskommissarisse op genoemde dorpe elke Sondag 'n godsdiensoefening moes waarneem en "voor al niet nalatende die Tien Geboden des Heere de toehoorders by iedere gelegenheid voor te houden." (*Soutterversameling*, Pakket 1, No 6a, Artikel 20 en 21).

Dieselfde beginsel wat in Natal die verhoudinge in die Voortrekkerrepubliek gereël het, word ook in die Oorvaalse teruggevind. In Transvaal sou die feit dat die bevolking in verskillende groepe, geografies van mekaar geskei, gewoon het, meebring dat dit 'n hele tyd sou duur voordat Transvaal op staatkundige vlak 'n

eenheid sou vorm. Die jare 1848 tot 1852, wanneer die onafhanklikheid van die Oorvaalse deel van die ou Voortrekkerrepubliek deur Engeland erken is, was jare van woeling en dwarstrekkery op staatkundige gebied. Dit sou voortduur tot laat in die vyftigerjare van die vorige eeu.

1.2 Deputasies uit die Kaapse Kerk

In 1847 het die Kaapse Sinode besluit om 'n deputasie te stuur na die mense in die suidelike dele van die Vrystaat wat langs die Rietrivier en omstreke gewoon het. Hierdie kerklike afvaardiging het bestaan uit di A Murray sr, PK Albertyn en ouderlinge B Pienaar wat gedurende Maart en April 1848 nie alleen die Suid-Vrystaat besoek het nie, maar ook die noordelike dele van die Vrystaat wat pas deur sir Harry Smith geannekseer is. Terwyl hulle Winburg besoek het, het die kommissie ook besluit om na Potchefstroom te gaan. Hulle sou die eerste predikante uit die Kaapse Kerk wees om die grense van Transvaal oor te steek – twaalf jaar na die Groot Trek. Seker mede as gevolg hiervan, maar veral omdat hulle besoek kort na die anneksasie van die Vrystaat plaasgevind het, is hulle deur sommige Boereleiers met 'n mate van agterdog ontvang. Kommandant Louw Botha wat in die omstreke van die huidige Kroonstad gewoon het, en aan wie die deputasie 'n versoek gerig het om te reël vir "openbare godsdienst" te Potchefstroom, het hulle laat weet "dat hij de brief aan hem gerigt had ontvangen en met ongenoegen gelezen, en daar de Commissie hun authoriteiten niet scheen te erkennen, hij zich overtuigd hield dat de landdrost van Mooi Rivier niet zoude toelaten dat door de commissie iets aldaar zou gedaan worden, waarom hij ingesloten brief terugzond." (Dreyer 1929 : 101).

Nieteenstaande die feit dat niemand iets vir hulle koms gereël het nie, het die deputasie tog na Potchefstroom vertrek, waar hulle op 10 April aangekom het. Ook hier moes die afvaardiging ontdek "dat 'n groote vooringenomendheid tegen de Commissie by de inwoners bestond, zoo zelfs dat het aanvanklik scheen dat zij het doel van haar komst niet zou bereiken." (Dreyer 1929 : 102). Die gedagte dat die twee predikante deur sir Harry Smith gestuur was om die Afrikaners met die Britse owerheid te versoen, moes by baie opgekom het, want waarom sou predikante nou ewe skielik, na soveel jare, bereid wees om die Transvaalse Voortrek-

kers te besoek. Was dit nie dalk die begin van die geestelike swaard waarmee Smith die Boere 'n maand vantevore gedreig het nie? Daarom het generaal Andries Pretorius wat op besoek in Potchefstroom was, hulle ook met vyandigheid en agterdog bejeën. Hy het sterk wantrouig teenoor die motiewe van die twee predikante gestaan. Immers, op 6 Maart 1847 het hy reeds sy volksgenote in Natal teen Kaapse predikante gewaarsku: (Transvaalse Argief, SS1, R 74/41. Pretorius – Landgenoten 6–3-1847).

> "Soo gij een vrije volk blijven zoude ik U.E. stellig raaden van de tegenwoordige Leeraar hier (in Natal) of elders (in die Kaapkolonie) geen te nemen."

Daarom het hy geweier om sy invloed te gebruik om vir hulle toestemming by die landdros te verkry om kerkdienste te hou, met die verskoning dat hy ook net 'n besoeker op Potchefstroom was.

Dit was eers met die tussenkoms van kommandant Gert Kruger van Magaliesberg dat daar 'n verandering in die gesindheid teenoor di Murray en Albertyn gekom het. Nadat Kruger die landdros en heemrade versoek het om genoemde predikante toe te laat om kerkdienste te hou, is hulle verlof toegestaan en het hulle op 10,16,18 en 19 April eredienste gehou, waartydens 197 kinders gedoop is. Die dienste is bygewoon deur mense oor 'n groot gebied, naamlik Schoonspruit, Zuikerboschrand, Vaalrivier en veral uit Magaliesberg. Die kommissie het ook gemeld dat by hulle vertrek "de vooringenomenheid ... plaats had gemaakt voor eene hartelijke belangstellen in dezelve". Omdat slegs twee kerkraadslede die kerklike verrigtinge bygewoon het, het die kommissie dit egter raadsaam geag om hulle nie met die kerklike organisasie te bemoei nie en is daar geen kerkraadsvergaderings gehou nie. Dit was ook 'n korrekte optrede, omdat die Kaapse predikante besoekers in Transvaal was en geen werklike *locus standi* in die onafhanklike Voortrekkerkerk gehad het nie. Al was dit so dat daar geen predikant in die Transvaalse kerk was nie, het die ouderlinge in 'n kerkraadsvergadering byeen, die kerklike gesag in Transvaal verteenwoordig.

In die najaar van 1848 het die tweede deputasie uit die Kaapse Kerk, bestaande uit drr PE Faure en W Robertson, Transvaal bereik. Alhoewel hierdie afvaardiging hulle hul in die Vrystaat

met die politiek bemoei het en gepoog het om die mense aldaar met die Britse bewind te versoen, het hulle "voor haar overtrekken van de Vaalrivier, vastelijk besluiten, met de leden aldaar buiten Britsch gebied wonende, geen woord te wisselen, over hunne Politieke aangelegenheden." (Dreyer 1929 : 162). Dit het daartoe bygedra dat hulle in Transvaal goed ontvang is en op kerklike gebied positiewe werk kon verrig.

Op 17 en 24 Desember het hulle op Potchefstroom kerk gehou, waartydens 166 kinders gedoop is. Ook te Magaliesberg, op die plaas *Hekpoort* van kommandant Gert Kruger, het hulle tussen 21 en 23 Desember ses eredienste gehou, nagmaal bedien aan ongeveer 1000 mense, 109 jongmense belydenis van geloof laat aflê en 233 kinders gedoop. Die kerkraad was nie meer voltallig nie en daarom is kerkraadslede ook te Magaliesberg verkies. Die kerkraad het nou bestaan uit ouderlinge DF Jacobs, FG Wolmarans en PJ van Staden en diakens PF Strydom, SP Viljoen, CA Bothma, WJ Badenhorst, CJH Kruger en JF Schutte. Ouderling PJ van Staden en diakens Kruger en Schutte sou na die belange van Magaliesberg omsien. Tydens die kerkraadsvergadering, gehou op 24 Desember 1848 is die saak van kerkbou weer aangeroer. Waarskynlik sou in die verband weer begin word om te kollekteer, sodat 'n aanvang met bouwerk later gemaak kon word.

1.3 Die beroep van 'n predikant

Op 22 Desember 1848 is 'n dankbetuiging deur middel van 'n skrywe aan die lede van die tweede deputasie oorhandig deur die kerkrade van die wyk Magaliesberg, mede-onderteken deur verskillende invloedryke lidmate, onder andere AH Potgieter en AWJ Pretorius. Naas 'n dankbetuiging is in die skrywe die hoop uitgespreek dat die geestelike band met die kerk in die Kolonie hervat kon word en dat die Voortrekkers spoedig 'n eie predikant sou hê om onder hulle te werk. 'n Dankbetuiging met dieselfde stelling onder datum 25 Desember 1848, is ook van die kerkraad van Potchefstroom ontvang. In hoofsaak het hierdie skrywes die wens uitgespreek dat Transvaal, na byna twaalf jaar van herderloosheid, 'n inwonende predikant kan kry. Omdat die deputasie "in dezen hun weinig hoop konden geven, uit hoofde van het groot gebrek aan Leraars binnen de Kolonie, wees zij hun den weg na Holland, zij noemde hun de Synode van Holland tot wien

zich te wenden; zij raade hun welke stappen zij bij zichzelven te nemen hadden, ten einde eenen Leeraar te kunnen onderhouden." (Dreyer 1929 : 162–163). Die twaalf jaar van "herderloosheid" het natuurlik daarop gedui dat daar in Transvaal nog nooit 'n inwonende predikant was nie. Volkome herderloos was die voorafgaande twaalf jaar tog nie gewees nie, want soos reeds aangetoon het Lindley as predikant van die Voortrekkerkerk in 1842 en 1844 Potchefstroom vir godsdiensoefeninge besoek. Na die anneksasie van Natal en Lindley se aanstelling as predikant deur die Britse owerheid, het hy nie weer die Voortrekkergemeentes wes van die Drakensberge besoek nie.

Omdat dr Faure die Transvaalse Voortrekkers baie duidelik laat verstaan het dat hulle nie moes hoop om uit die Kaap 'n predikant te kry nie en aangesien hy aan hulle verduidelik het hoe om te werk te gaan om 'n predikant uit Nederland te beroep, het die Kerkraad van Potchefstroom op 10 Februarie 1849 op die plaas *Hekpoort* vergader, waartydens besluit is om 'n blanko beroepsbrief en die volgende skrywe na Nederland te stuur: (Aangehaal by Engelbrecht 1942 : 30–31).

> "Wij ondergeteekende Kerkeraden van de Hollandsche Emigranten in Zuid-Afrika alle woonachtig tenoorden vaalrivier, – dus buiten het Britsche Grond gebied, hiertoe gemachtigd door het gantsche volk – wenden wij ons tot uEd. meijne heeren Met de bééden om door uwe tussen Komst Eene Leeraar, onder ons, zoo arm en Verdrukt Volk te ontfangen! veel hebben wij geleden, Door de Verdrukkengen van een onrechtvaardig Gouvernement; maar niets van alle wedewaardig heeden, drukte ons zoo zwaar, dan de tot nu toe vergeefsche bééden om Een waardig leeraar Christie onder ons te zien koomen, veel hebben wij reeds gedaan om tot dit doel, te geraken, Maar de onbekendhijd hoe wij ons tot berijkeng Van dit doel volgens de bestaande, orden moeten Gedragen, was de oorsaak al ons pogen schipbreuk heeft gelleden in de droevige vervolging En afsnijding van alle hulp En onderrigting, Was oorsaak wij geen, onderrigting konde bekomen; Eindelijk behaagde het den Almachtige God; in zijn goedheid op ons neder te zien, En de Harten onzer Landgenoten in de Colonie de Kaap de goede hoop, op te wekken Twee Waardige Leeraren, kwamen tot ons, namentlijk De Wel Eerwaarde heeren PH E Faure, predikand Te Wijnberg en WM Robertson predikand, aan Zwellendam, – jammerlijk bewoogen En verwondert Zoo veelen

honderden menschen te vinden, geheel Verstooken van Een herder befroefen hun, in zij Beloofde Alle meedewerking van hunne zijde om In deeze onze behoefte te voorzien; in wij ontfingen Dan nu ook onderrigt, hoe wij ons volgens de ordening der Kerk gedragen moeten, Hoog Eerwaarde Heeren Wij smeeken, nogmaals om de vervulling, Onzer beeden aan welke vervulling Wij, niet twijfelen Want zouden min ons Christenen, biddende, om, Een Leeraar te rug stooten daar alle Heijdenen Zelfs Aan die het teegestaan de Selve ontfangen! neem Zulks Konnen wij niet denken, de rechtvaardighijd Onzer zaak en de overtuiging; de Almagtige steeds met Het oog der genaden, op ons neder ziet, en ons Een Helper in al onse noden is geweest, zal ook deze Zaak voorzeker, ten beste keeren; ons voor uitsigte Staan op dit oogenblik beter dan ooit zoo dat wij nu dan ook sekerhijd, hebben; dat het een Waardig Leeraar; nimmer berouwen zal tot ons gekomen te Zijn in hoop wij spoedig de vervulling onser beden Zullen zien in zoo doende Weeder opnieuw met onze Landgenooten in verstandhouding mogen geraken, Blijven wij, naa ons alle in u goede, genegenheid Aan bevoolen te hebben met hoog achting; ons noemende – Hoog eerwaarde Heeren..."

Omdat hierdie skrywe en die beroepsbrief die tersaaklike kerklike kommissie in Nederland eers 'n jaar later bereik het, is daar getwyfel of die beroep nog geldig was en of die Transvaalse Kerk nie dalk 'n predikant gekry het nie. Daar is toe besluit om eers weer verdere inligting te bekom, waarop 'n brief op 20 Junie 1850 na Transvaal geskryf is. Die skrywe het Transvaal waarskynlik nooit bereik nie. Die gemeente in die Oorvaalse het voorlopig nog vakant gebly.

1.4 Stigting van nuwe gemeentes

Gedurende die jare 1849 het nog drie gemeentes op Transvaalse bodem tot stand gekom. Dit was die wyke van Potchefstroom, naamlik Ohrigstad, Magaliesberg en Zoutpansberg wat in selfstandige gemeentes ontplooi het.

Die eerste van die wyke wat tot 'n selfstandige gemeente georganiseer is was die mense van Ohrigstad wat as gevolg van die koors nou in die omstreke van die huidige Lydenburg gewoon het. Op 20 September 1849 het die Volksraad toestemming verleen tot die stigting van die dorp Lydenburg (Potgieter

1959 : 34–54) en op 24 September het die Volksraad die volgende persone as kerkraad aangestel, te wete LS Bothma en JH Breytenbach as ouderlinge en HM Grobbelaar en C Booysen as diakens. Vanaf hierdie datum kan ons Lydenburg as 'n selfstandige georganiseerde gemeente beskou.

Rustenburg was die derde gemeente om in Transvaal gestig te word. Reeds tydens 'n kerkraadsvergadering, gehou op 21 Januarie 1850 te Potchefstroom, waartydens die drie kerkraadslede van die Magaliesbergwyk ook teenwoordig was, is in beginsel goedgekeur dat Magaliesberg "uit hoofde van de groote uitgestrektheid dezer gewesten" as 'n afsonderlike gemeente kon afstig. Die grense sou "langs het Hoogeveld van den Witwatersrand" loop. (Engelbrecht 1950 : 11). Die Volksraad het die volgende dag op versoek van 265 persone die onbewoonde plase Kafferskraal en Witpensfontein as nuwe kerkplek uitgesit. Die formele stigting van die gemeente het egter eers op 10 November 1850 plaasgevind, toe die eerste kerkraadslede gekies is. As ouderlinge is gekies JP van Staden, (sr) en HS Pretorius en as diakens CJH Kruger, JF Schutte, JH Grobbelaar en JF Robertsen. Hulle is die volgende dag deur ds A Murray van Bloemfontein bevestig.

Op die naam Rustenburg is besluit op grond van 'n aanbeveling deur dr PE Faure van Wynberg, met wie generaal AWJ Pretorius in briefwisseling was.

Ook in die verre noorde te Zoutpansberg was 'n gemeente in wording. Reeds kort na die vestiging in die gebied het die plaaslike owerheid onder leiding van kommandant-generaal AH Potgieter kerkraadslede benoem, naalik PJL Venter as ouderling en DG Grobler en PDAS du Preez as diakens. (Engelbrecht 1952 : 10). Alhoewel hierdie kerkraadslede eers op 2 April 1854 deur ds D van der Hoff in die amp bevestig is, het hulle na hulle aanstelling as kerkraadslede die geestelike bearbeiding van die gemeente op hulle geneem. Op hierdie stadium is Zoutpansberg egter nog as 'n wyk van Rustenburg gesien, maar op 30 April 1852 het die kerkraad van Rustenburg besluit dat Zoutpansberg as 'n selfstandige gemeente georganiseer moes word. Zoutpansberg is dan ook vanaf daardie datum as 'n selfstandige gemeente beskou en daarom kan ons 30 April 1852 as die stigtingsdatum van die vierde gemeente in Transvaal beskou.

So het die kerk in die Oorvaalse gebied organies uit die oorspronklike gemeente Potchefstroom gegroei, wat aanvanklik

alle kerlike lidmate in die Oorvaalse gebied ingesluit het. Soos die verskillende kerklike wyke in lidmaattal gegroei het, is hulle as selfstandige gemeentes georganiseer en afgestig. Maar dit het nie beteken dat die gemeentes nou los van mekaar gestaan het nie. Die independentistiese opvatting waarvolgens 'n kerklike gemeente op sy eie 'n "kerk" sou wees, het nooit in die Voortrekkerkerk gegeld nie. Die verskillende gemeentes was van die begin af saam die kerk en daar is nêrens sprake daarvan dat op een of ander tyd 'n "kerkverband" deur die gemeentes gestig is nie.

Hulle was almal saam *die kerk*, aan mekaar verbind deur die eenheid in geloof en belydenis. 'n Eenheid omdat hulle as enigste Hoof en Heer, Jesus Christus gehad het. Hy was en is die eenheid van die kerk. Dit sou nog tot Augustus 1853 duur voordat die kerk in die Oorvaalse gebied 'n meerdere vergadering in die lewe sou roep. Intussen het die kerkraadsvergaderings, waar nodig, oor die sake wat die kerk as 'n geheel geraak het deur onderlinge oorleg gehandel.

Naas die probleme wat die wordingsjare in Transvaal gekenmerk het, het die afwesigheid van 'n predikant ook 'n groot rol gespeel, sodat die kerklike organisasie maar teen 'n slakkepas beweeg het. As in gedagte gehou word dat die Voortrekkers reeds in 1837 die noodsaaklikheid van "een bekwaamen leeraar" as voorwaarde gesien het "om een behoorlijke Kerk te stichten of te bouwen", moes die afwesigheid van 'n vaste predikant in Transvaal noodwendig die groei van die kerk belemmer het.

1.5 Besoeke van ds A Murray van Bloemfontein aan Transvaal

Ds Andrew Murray (jr) is op 14 Maart 1849 deur sir Harry Smith per proklamasie as predikant van Bloemfontein aangestel. Daar is hy op 6 Mei 1849 deur sy vader, ds Andrew Murray, predikant van Graaff-Reinet, bevestig. Vanaf Bloemfontein sou ds Murray op sy eie, sonder opdrag van die Kaapse Sinodale Kommissie, verskeie besoeke aan die herderlose gemeentes in Transvaal bring. Sy besoeke het met volle toestemming en goedkeuring van die Britse amptenare geskied, omdat sy dienste "would tend more towards the country of our Frontier, than 2000 soldiers." (Aangehaal by Van Jaarsveld 1951 : 104). Die Britse owerheid het gehoop dat die dienswerk van ds Murray die Transvalers so sou beïnvloed dat hulle Britse gesag vir hulleself sou begeer. Tydens sy eerste

besoek aan Transvaal was daar "some doubt on the part of the Landros (van Potchefstroom) as to whether he would allow (ds Murray) to come, for fear of British influence." (Du Plessis 1919 : 102). Ds Murray het hom egter nie met die politiek in Transvaal of die verhouding tot die Britse imperialisme bemoei nie en so die agting en vertroue van die lidmate verwerf en waardevolle arbeid verrig.

Tydens sy eerste besoek wat vanaf 3 Desember 1849 tot ongeveer 21 Januarie 1850 geduur het, het ds Murray hoofsaaklik Wes-Transvaal en Noordwes-Transvaal besoek. In die gebiede van Potchefstroom, Magaliesberg en tot by Swartruggens het hy dienste gehou, kinders gedoop, lidmate belydenis van geloof laat aflê en die nagmaal bedien. Gedurende Oktober 1850 het hy weer Transvaal besoek en die keer ook by Zuikerboschrand (Heidelberg) aangedoen en selfs so ver as Lydenburg gegaan. Saam met sy broer, ds John Murray het ds A Murray jr Transvaal in April 1851 vir 'n derde keer besoek. Tydens die besoek het die Murraybroers by twee geleenthede voorgestel dat die Transvaalse gemeentes 'n ouderling moet afvaardig om hulle by die Ring van Transgariep te verteenwoordig. Die bestaan van die Ring van Transgariep en die feit dat Transvaal se onafhanklikheid nog nie formeel erken is nie, het die Murrays waarskynlik laat dink dat die Transvalers nog altyd Britse burgers was en daarom potensiële lidmate van die Kaapse Kerk was. Dit is onwaarskynlik dat hulle ingesien het dat die Transvaalse gemeentes die oorblywende deel van die Voortrekkerkerk was, wat al in 1837 homself as 'n onafhanklike kerk georganiseer het. Die kerkraadslede was egter nie bereid om hulle kerklike onafhanklikheid prys te gee nie en het hierdie voorstel "wegens vooroordelen onder de gemeente heerschende die ligtelijk een verkeerden zin aan zulk een maatregel zouden hechten, en dezelve in politieke zaken", van die hand gewys. SP Engelbrecht se siening is myns insiens korrek as hy beweer dat met "politieke zaken" bedoel word, die mate van seggenskap wat die Britse Goewerneur in die Kaapse kerksake gehad het. As hulle onder die Ring van Transgariep sou inskakel, sou dit beteken dat die Britse goewerneur ook hulle predikante moes goedkeur en aanstel, net soos hy in die Vrystaat gedoen het. (Engelbrecht 1953 : 66).

Een saak wat ds Murray tydens elke besoek opgeval het, was die groot behoefte wat daar onder die Transvaalse Voortrekkers

bestaan het aan predikante om voltyds in die gebied te gaan woon en werk. In sy reisverslae het hy telkens hierna verwys. In 1850 skryf hy byvoorbeeld: (Aangehaal by Scholtz 1957 : 60).

> "Waarlijk het is treurig die duizenden te aanschouwen in hunne gewilligheid om te hooren, zoo er niets zij en niemand is om onder hun het Woord des Levens uit te delen. En dan, wanneer er al indrukken verwekt zijn, niemand om daarvoor te waken en die te versterken."

En op 'n ander geleentheid:

> "Zij is toch onzer kerk; moge de Kerk spoedig haren plicht aan hun vervullen."

Oor die twee kerkgeboue wat in Potchefstroom en Rustenburg in aanbou was, het ds Murray die volgende opmerking gemaak:

> "Zijn die twee kerken aan Mooirivier en Magaliesberg ... niet een krachtig getuigenis dat er onder de Emigranten werkelijk een diep gevoelde behoefte bestaan dat zij ook iets over hebben de Zaak van het Koninkrijk Gods? Spreken de Kerken niet Luid en krachtig en zullen zij niet een getuigenis tegen onze Kerk zijn, indien er niet spoedig aan de roepstem beantwoord worde?"

In hierdie drukkende omstandighede het die gemeente Rustenburg 'n beroep op ds Murray uitgebring en het die Transvalers selfs by die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk gepleit dat hulle hom moet beweeg om dit aan te neem. Omdat ds Murray nie kans gesien het om sy eie gemeente vakant te laat nie, het hy die beroep bedank.

Hierdie vrugtelose poging het 'n sekere moedeloosheid onder die Trekkers veroorsaak. In sy verslag waar hy oor die inwyding van die kerkgebou van Potchefstroom en Rustenburg handel, skryf ds Murray: (*De Gereformeerde Kerkbode* 1851 : 175–176).

> "Bij de algemene dankbaarheid en blijdschap was er slechts eene gedachte, Die bij zeer velen kommer en neerslachtigheid verwekte. Menigmaar werd dezelve ontboezemd in de ernstige en zorgwekkende vraag: Moeten wij dan altoos zonder leeraars blijven? Zelfs het bemoedigende antwoord hierop gegeven: 'De Here zal voorzien" scheen echter weinig indruk te maken."

Vra 'n mens na die Kaapse Kerk se skynbare onwilligheid om die Transvaalse gemeentes van predikante te voorsien, kan die volgende sake as moontlike redes gesien word: Die Kaapse Kerk self het aangevoer dat daar geen predikante in die Kaapkolonie beskikbaar was om in die behoeftes te voorsien nie. So skryf dr PE Faure in *De Kerkbode* van 2 November 1850 dat hy die Transvalers in 1848, tydens sy besoek daar saam met dr Robertson, aangeraai het om 'n predikant uit Nederland te probeer bekom "uit hoofde van het groot gebrek aan Leraars binne de Kolonie". 'n Tweede saak wat egter nou gemoeid was met die eerste, is dat die Kaapse Sinodale Kommissie nie die gesag gehad het om 'n predikant te kon aanstel indien hulle dalk wou nie. Alleen die Britse goewerneur kon dit doen. En waar Transvaal op hierdie stadium buite die Britse jurisdiksie geval het, kon daar ten spyte van die dringende behoefte aan geestelike bediening, nie 'n predikant aangestel word nie en is die predikante wat beskikbaar was in óf die Oranjerivier-Soewereiniteit óf in Natal geplaas. So is ds Dirk van Velden byvoorbeeld in 1850 te Winburg aangestel en ds HE Faure in 1852 te Pietermaritzburg. Derdens lyk dit tóg of politiek-staatkundige oorwegings wel 'n rol in die verband gespeel het. Die politieke opvattings van die Kaapse predikante het in belangrike opsigte afgewyk van die van die mense wat hulle in Transvaal sou moes bedien. 'n Sterk pro-Britse gesindheid was nie net by die Skotse element van die Kaapse predikante waarneembaar nie, maar het ook by sommige in Afrikaner- en Hollander-geledere duidelik na vore gekom. Enkele voorbeelde hiervan is di Van Velden en JH Neethling. Dit is bekend hoedat ds Van Velden na die onafhanklikheidswording van die Oranje-Soewereiniteit in 1854 vanuit sy nuwe gemeente Ladysmith 'n brief aan sy ou gemeente gestuur het waarin hy hulle onder andere waarsku teen die nuwe Republikeinse regering en president Hoffman met sy regering in die grofste taal uitgskel het. (Vergelyk GBA Gerdener, Boustowwe: 124–126). Ds Neethling het self vertel hoedat hy op 'n keer, nadat hy Transvaal besoek het, so verlig gevoel het om uit die gebied, Natal binne te kom, dat hy "uit volle borst ... God save the Queen" gesing het. (*De Gereformeerde Kerkbode* 1872 : 72). 'n Predikant wat Transvaal toe wou kom, was dus ook werklik skaars. 'n Vierde saak wat later na vore kom (in die verhouding tussen die Kaapse Kerk en die Voortrekkers), is dat waar die Kaapse Kerk tydens en na die Groot

Trek tot byna 1848 toe geen belangstelling getoon het of kontak wou maak met die Trekkers nie, hy vanaf 1851 die formele inskakeling by die Kaapse sinodale organisasie as voorwaarde vir pastorale hulp uit die Kolonie begin stel het – iets wat die Transvalers nie graag wou doen nie, omdat hulle nie hulle kerklike onafhanklikheid wou prysgee nie.

1.6 Transvaal staatkundig onafhanklik

Gedurende die jaar 1851 het daar skielik vir Transvaal op staatkundige gebied groot moontlikhede opgeduik. Die Britse regering het in die binneland van sy Suid-Afrikaanse besittings in ernstige moeilikhede verstrik geraak. In Brits Kaffraria in die Oos-Kaap het die Agste Grensoorlog uitgebreek. Sir Harry Smith moes heelwat van sy militêre magte uit die Oranjerivier-Soewereiniteit terugtrek om hulp te verleen met die grensoorlog en opstandige koloniale Hottentotte. Sonder heelwat militêre en finansiële steun kon majoor H Warden, Britse resident te Bloemfontein, die vrede met Mosjesj, die Basoetoe opperhoof, nie handhaaf nie. In Junie 1851 word Warden by Viervoet deur die Basoetoes verslaan.

Na hierdie militêre neerlaag het die Afrikaners in die Vrystaat, wat met die Britse gesag niks te doen wou hê nie, 'n gulde geleentheid gesien om onder Britse gesag uit te kom. Op 25 Augustus het van die inwoners 'n brief aan AWJ Pretorius gerig waarin sy hulp gevra word om leiding te kom gee in die poging om van die Britse gesag ontslae te raak. Onmiddellik na ontvangs van hierdie skrywe het Pretorius op 8 September die toestande in die Soewereiniteit op 'n Krygsraadvergadering te Magaliesburg laat bespreek. Die Krygsraad het besluit dat Pretorius en nog twee persone "eengoede verstandhouding tusschen het Britsche Gouvernement en de Emigranten te weet moet brengen." In hulle poging moes hulle "trachten bloedstortingen voor te komen". (*SA Argiefstukke:* Transvaal No 2, VR 180/51, Artikel 12).

Pretorius het onmiddellik nadat hy die volmag van die Krygsraad ontvang het, reeds op 9 September 1851, aan majoor Warden geskryf en gevra vir onderhandelings sodat 'n "goeie verstandhouding" bespreek kon word. Omdat van Britse regeringskant aan die Agste Grensoorlog voorrang verleen moes word en die Britse kommissarisse Hogge en Owen gevrees het dat Pretorius in

die vrystaat met die wapen sou inmeng, was hulle bereid om hom by Sandrivier, halfpad tussen Bloemfontein en die Vaalrivier, te ontmoet. Hier is op 17 Januarie 1852 die Konvensie van Sandrivier onderteken, waarin Brittanje die onafhanklikheid van Transvaal erken het. Alhoewel Pretorius gepoog het om vir al die Voortrekkers onafhanklikheid te verkry, dit wil sê ook vir die Vrystaters, het dit hom nie geluk nie. Dit verander egter nie die feit dat die konvensie van Sandrivier 'n geweldige mylpaal in die staatkundige ontwikkeling van Suid-Afrika was nie. Hier is een van die hoof doelstellings van die Groot Trek verwesenlik, naamlik dat Brittanje 'n Voortrekkerstaat as 'n onafhanklike Boererepubliek erken het. Sestien jaar vantevore het die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat om 'n eie, onafhanklike vaderland te vind. Sestien jaar lank het hulle hulleself doelgerig aan die strewe toegewy, nieteenstaande die feit dat die Britse owerhede volgehou het dat die Voortrekkers nie hulle Britse onderdaanskap kan neerlê nie. Daarom is hulle ook voortdurend as rebelle en opstandelinge bestempel. Met die Sandrivier-Konvensie is die soewereine onafhanklikheid van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier nou egter erken. Uiteindelik is die doel van die Groot Trek verwesenlik. Vir die Transvalers wat hulle republiek vanaf September 1853 "de Zuid Afrikaansche Republiek" genoem het, was hierdie 'n grootste gebeurtenis.

Op kerklike gebied sou die onafhanklikheid ook sy invloed uitoefen. Die ideaal van 'n selfstandige kerk in 'n onafhanklike Voortrekkerstaat is gestimuleer en versterk. Die Transvalers het geredeneer: (Aangehaal by Gerdener 1930 :208).

> "Elk vrij en onafhanklike volk, dat zijn burgerlijk bestuur heeft, is ook verpligt zijn eigen kerklijk bestuur te regelen."

Die Konvensie van Sandrivier het ook 'n mate van verwydering tussen ds Murray jr en sommige Transvalers gebring. As gevolg van "political interference", (hieroor skryf ds Murray self: "It was 'n little trial to me to be doubted and suspected by my friends from across the Vaal. It had made me examine the grounds of my late interference in political matters ..."(*Kaapse Kerk Argief Murray papiere*, Dagboek, 26/1/1851) van die kant van ds Murray rondom die onafhanklikheidsverkryging van Transvaal en die Sandrivier-Konvensie, het hy weer die sluimerende vrees en agterdog wat by baie Afrikaners was, naamlik dat die Kaapse

predikante hulle met politiek tot nadeel van die Voortrekkers met politiek bemoei, lewend gehou en bevestig. Wat hierdie "political interference" was, is nie heeltemal duidelik nie. Ds Murray het hom ongelukkig laat kompromitteer deur Warden om sy invloed by die mense in Transvaal te probeer gebruik. So begaan hy dan die oordeelsfout om generaal AWJ Pretorius af te raai om na Sandrivier te kom. Terwyl generaal Pretorius en die Transvalers alles in hulle vermoë gedoen het om imperiale Engeland te beweeg om ook sy gesag oor Transoranje prys te gee, het Murray sy invloed gebruik om die Britse gesag daar te bestendig. Te Sandrivier waar Murray ook teenwoordig was, was hy nie aan die kant van Transvaal nie. Waarskynlik is Murray gesien as faktor wat mede-verantwoordelik was dat die Oranjerivier-Soewereiniteit nie ook onafhanklikheid by Sandrivier kon kry nie. Die intieme band tussen die Kaapse predikante en die Britse owerheid het hier weer opgeduik en dit lei noodwendig tot vervreemding tussen die Transvalers en predikante uit die Kaapkolonie, wat vir hulle aanstelling en leeftog van die Britse goewerneur afhanklik was.

1.7 Die derde deputasie na Transvaal

Op 5 Maart 1852 het 'n derde deputasie uit die Kaapse Kerk in Transvaal aangekom, bestaande uit di A Murray van Bloemfontein en JH Neethling wat 'n paar maande tevore op prins Albert georden is. Hierdie besoek was na aanleiding van 'n besluit wat die Sinodale Kommissie in September 1851 geneem het. Hulle roete in Transvaal het gegaan vanaf Potchefstroom oor Zuikerboschrand (Heidelberg), Renosterpoort (noord van die teenswoordige Bronkhorstspruit), Lydenburg en weer na Potchefstroom. Alhoewel daar op Zuikerboschrand "eenige gemeenteleden ... zich uit politieke overwegingen hadden laten terughouden naar de kerk te komen" (Aangehaal by Scholtz 1956 ; 69) was die opkomste oor die algemeen goed. Tydens hierdie geweldige lang reis is godsdiensoefeninge op twee plekke gehou, wat vantevore nog nooit deur 'n predikant besoek was nie. Dit was te Zoutpansberg, waar op Saterdag 10 April 1852 'n godsdiensoefening gehou is en die doop aan 54 kinders bedien is. Gedurende die diens het 24 persone belydenis van geloof afgelê. Die nagmaal is egter nie deur die predikante bedien nie, omdat

volgens ds Neethling "hier nu voor het eerst het Evangelie gepredikt word". Ook is drie kerkraadslede wat deur die plaaslike owerheid onder leiding van AH Potgieter aangestel is, herkies en is daar onder leiding van die besoekende predikante 'n kerkraadsvergadering gehou. Die tweede plek waar vir die eerste maal 'n godsdiensoefening gehou is, was in die streek "Klein Mariqua" waar die twee predikante, nadat hulle op Swartruggens was, aan 'n "talryke gemeente" op 'n plaas, behorende aan JC Marnewick, die evangelie verkondig het. Hierdie kerkplaas was waarskynlik geleë in die omgewing van die huidige Zeerust. Teen die middel van Mei 1852 was die afvaardiging na die lang reis weer terug op Potchefstroom.

Op 21 Mei het 'n soort gekombineerde kerkraadsvergadering, bestaande uit die kerkraad van Potchefstroom, ouderling Schutte van Rustenburg en die twee predikante wat terselfdertyd Lydenburg verteenwoordig het, op Potchefstroom vergader. Hoewel die Transvaalse gemeentes nog nie 'n meerdere vergadering gehad het nie, was hierdie gekombineerde kerkraadsvergadering die begin van 'n verdere uitbou van die selfstandige kerklike organisasie van die kerk in Transvaal. Hierdie vergadering het indringend op die vraag ingegaan hoe 'n predikant vir die selfstandigbestaande Voortrekkerkerk verkry kon word.

Uit die amptelike stukke wat oor hierdie vergadering beskikbaar is, is duidelik dat die amptelike Kaapse kerklike afvaardiging alleen bereid sou wees om 'n predikant uit die Kaap na Transvaal te stuur, indien die Transvaalse kerk deel van die Kaapse kerklike organisasie sou word. Die amptelike notule lees: "De Heer Neethling neemt het woord en deelt der vergadering mede dat hy ... alles in zijn vermogen aanwenden om zoo spoedig mogenlik eenen ... Leeraar alhier te zien arbeiden, MAAR verklaart dit hem onmogelyk zal zijn voor en aleer hy een bevredigend antwoord op de volgende vragen zal hebben ontvangen". (*Notule van die Volksraad*, Deel II: 331). Die volgende vier vrae of voorwaardes ten opsigte van die saak het nou aan die orde gekom en is bespreek: (*Notule van die Volksraad*, Deel II: 331).

> "1 Zal de Leeraar, zullen der Maatschappij, leden blijven van de Zynode der Gereformeerde Kerk van Zuid Afrika en blijven de gemeenten alhier hoewel burgerlik afgesonderd, geestelijk onder de sorg en het gezag van de Zynode?

"2 Zal aan den Leeraar een jaargeld naar bepaling vroeger gemaakt: Rd 3000 – drie duisend – worden toegekend, en door den Raad op gesette tijden aan hem uitbetaald, gelijk dit in de Colonie door't Gouverment geskiedt.

"3 Zal de Raad erkennen dat de Leeraar ter uitoefening van zijn geestelijk ambt geheel vrij is, van alle wereldsch gesag?

"4 Zal de Raad eeninge aanklagte in het geestlijke tegen den Leeraar ingebracht terstond verwijzen aan den Kerkraad der Gemeenten?"

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie vier vrae die onafhanklike bestaan van die Transvaalse gemeentes volledig erken. As die Transvaalse gemeentes immers nog voluit deel van die Kaapse kerklike organisasie sou gewees het, dan was dit onnodig om oor voorwaardes te onderhandel, veral oor 'n voorwaarde soos punt 1, waarin die Voortrekkerkerk gevra word om in die toekoms lede te "blijven" van die Kaapse Kerk, asook dat die Kaapse Sinode die geestelike sorg en gesag in Transvaal sou handhaaf. Hier erken die Kaapse deputasie net soos die Sinode van Oktober 1852 dat die Transvaalse gemeentes wettig bestaan en volkome los van die Kaapse Sinode staan en self hulle verhouding tot bogenoemde Sinode moet bepaal.

'n Tweede feit wat van belang is, is dat hier en by die Sinode van 1852 nêrens gesuggereer word dat die Transvaalse gemeentes wat geloof en belydenis betref, anders as die Kaapse Kerk is nie. Hier word stilswyend erken dat in geloof en leer die Voortrekkerkerk één met die kerk in die Kaapkolonie is; slegs organisatories staan die twee liggame los van mekaar.

Bogenoemde twee sake het ds Neethling goed besef en daarom het hy die saak van aanvaarding of onderwerping van die Transvaalse gemeentes aan die gesag van die Kaapse Sinode soos volg aanvaarbaar probeer maak:

"De geestelijke gesag der Synode is geen gevaar hoegenaamd voor die burgelijke vryheid – het gesag der Synode is een waarborg tegen alle traagheid of willekeur van de kant van leeraar en kerkraad die aan de Synode verantwoording schuldig zijn, waarbij het blijke moet of alles ordelijk en eerbaar is toegegaan. Het gesag der Synode is waarborg tegen het indringen van vreemde en valsche leerstellingen. Elke leeraar moet bij zijne komst van Europa en eer hij beroepbaar wordt, verklaart en de belijdenis onzer rechtsinnige voorvaderen eigenhan-

dig onderteekenen soveel als onder ede verklaren dat hij de leer gelooft en beloven dat hij haar leren sal."

Alhoewel ds Neethling dit in sy pleidooi gestel het dat die staatkundige vryheid in Transvaal nie deur die aanvaarding van die Kaapse kerklike gesag geraak sou word nie, was opheffing van die onafhanklike kerklike organisasie tog 'n hoë prys vir die Voortrekkerkerk om te betaal ten einde 'n predikant uit die Kaapkolonie te kon kry. Die gemeentes wat in Transvaal ontstaan het, het volkome sonder die toedoen van die Kaapse Kerk ontstaan en hulle was nóg organisatories deel van die Kaapse Kerk, nog aan die gesag van die Kaapse Kerk onderworpe. Hoewel daar tot die ondertekening van die Sandrivier-Konvensie in 1852 geredeneer is dat die Voortrekkers Britse onderdane was en daarom ook lidmate van die Kaapse Kerk kon wees, het die Sandrivier-Konvensie hierdie argument vernietig. Tog wil di Murray en Neethling hier van die Transvalers eis om, nieteenstaande hulle politieke onafhanklikheid, lidmaatskap van die Kaapse Kerk – wat byna so iets soos 'n staatskerk in die Kaapkolonie was – te aanvaar. In die proses moes hulle die onafhanklikheid van die Voortrekkerkerk wat in 1837 gevestig is, prysgee.

Die vraag is natuurlik of ds Neethling met sy argument dat die staatkundige onafhanklikheid van die SAR nie deur die inlywing geraak sou word nie, heeltemal korrek was. Die Kaapse Kerkwet wat as Owerheidordonnansie 7 – 1843 geproklameer is, het in verskillende artikels die seggenskap van die Britse goewerneur in die lewe van die kerk omskryf. In Artikel 5 word byvoorbeeld gestel:

"And be it enacted that in every case in which a vacancy shall occur in the office of minister in any congregation ... the governer of this colony for the time being shall have and possess and shall exercise in whatever manner he shall seem the best for the vacant congregation the sole and unrestricted right of filling up such vacancy by appointment of whatever individual he may select from amongst the number of such ministers ... to be appointed to supply vacancies to the ministry thereof."

Hierdie artikel het aan die Britse goewerneur wye magte gegee. As daarop gelet word hoe hy dit gebruik het, dan was dit duidelik dat die goewerneur selfs persone as predikatne in die kerk kon

aanstel wat nie deur die Sinodale Kommissie as predikante toegelaat is nie. Vergelyk die geval van Lindley in 1846 en ook van FL Cachet in 1862. Daarby was dit duidelik dat die goewerneur nie sou skroom om predikante aan te stel in areas waar hulle behulpsaam sou kon wees om die Britse invloedsfeer uit te brei nie, onder andere di Dirk van Velden te Winburg; die sending van ds A Faure na Natal en die deputasie van drr Faure en Robertson na die Transgariep. Die vraag kan daarom tereg gevra word of die inlywing by die Kaapse Sinode nie tog die staatkundige vryheid van Transvaal sou belemmer nie. Dat die Transvalers nie verniet bevrees was nie, word bewys met die gebeure van 1854 rondom die teruggawe van die Oranje-Soewereiniteit toe ds A Murray van Bloemfontein en dr AJ Frazer Engeland toe is om namens die Engelsgesindes in die Vrystaat die Britse Owerheid in London te probeer oorreed om die Britse gesag in die Vrystaat te handhaaf. 'n Tweede bewys hoe geregverdig die Transvaalse inwoners was in hulle wantroue teen die Kaapse Kerk met betrekking tot hulle staatkundige vryheid, is die optrede van die Ring van Swellendam, ook rondom dieselfde gebeure in die Vrystaat in 1854. Op 12 Oktober 1853 het die genoemde ringsvergadering met ds JSS Ballot as voorsitter en dr W Robertson as skriba (ook moderator van die Sinode) deur middel van 'n skrywe "unanimously resolved to beseech your Majesty, which we have the honor, in their name, of now doing, – for the good of Your Majesty's subjects, and that of the numerous native Tribes, within the aforesaid Territory, – to retain Your Majesty's Sovereignty over the country in question". (Die volledige brief is aangehaal by SP Engelbrecht: 121).

'n Verdere vraag is natuurlik of dit billik was van ds Neethling om sake so te skets asof Transvaal 'n toevlugoord vir onregsinnige predikante sou wees en dat alleen die Kaapse Sinode die gevaar sou kon verhinder en Transvaal van geestelike afvalligheid sou kon red. Die Sinode wat volgens Neethling nou die waarborg sou wees vir die regsinnigheid van die Transvaalse kerk het in 1837 baie duidelik laat blyk dat hy nie 'n besondere bekommernis oor die geestelike welsyn van die Voortrekkers gehad het nie. Eers met die ontwaking van die Britse imperialisme se uitbreidingsdrang in Suidelike Afrika, het die Sinode bemoeienis gemaak met die Afrikaners buite die grense van die Britse invloeds- en gesagsgebied. Dit is ironies om te dink dat die Sinode, wat 'n

waarborg teen onregsinnigheid sou wees, in die sestigerjare nie in staat was om die modernistiese predikante uit sy geledere te verwyder nie.

Dit is duidelik dat ds Neethling, moontlik in sy jeugdige ywer en met gebrek aan kennis en ervaring, nie met die werklikheid van die kerklik-godsdienstige en staatkundig-kulturele vraagstukke en strydpunte van sy tyd rekening gehou het nie. Hy het ook nie besef dat dit nie vir die Sinode so maklik sou wees om 'n predikant vir Transvaal te kry nie, aangesien daar op die stadium nie werklik predikante beskikbaar was wat Transvaal toe kon kom nie en ook dat die Sinode nie by magte was om self iemand te stuur nie. Dit kom tog voor asof die jeugdige ds JH Neethling effe uit sy beurt gepraat het en te maklik 'n predikant namens die Kaapse Sinode beloof het. Myns insiens vind hier 'n misverstand plaas wat later tot die verwerping van inlywing lei: Die Transvalers stem toe, tot inlywing, as toegif sodat daar 'n predikant sou kom; ds Neethling stem as toegif toe tot 'n predikant vir Transvaal, sodat die inlywing kan plaasvind. Daarom is dit nie vreemd dat die Transvalers die inlywing later verwerp en as rede aanvoer dat daar nie onmiddellik 'n predikant gekom het toe die Kaapse Sinode die inlywing geodgekeur het nie.

Na beredenering van die vrae, het die gekombineerde kerkraadsvergadering toegegee dat die deputasie op grond van die vier genoemde voorwaardes vir hulle 'n predikant kon bekom. Onder leiding en op voorstel van die deputasie het die kerkrade 'n skrywe, opgestel deur di A Murray en JH Neethling, aan die Volksraad gerig waarin die goedkeuring van die Volksraad gevra is op die vier vrae wat deur ds Neethling aan die kerkraadsvergadering gestel is en deur die liggaam aanvaar is. Hierdie skrywe van die deputasie aan die Volksraad bevat 'n aantal foutiewe opmerkinge ten opsigte van die status van die gemeentes in Transvaal en hulle presiese verhouding tot die Kaapse Kerk. So word byvoorbeeld verwys na "de H Eerw Synode onzer Gereformeerde Kerk". Die feit dat 'n reeks voorwaardes gestel word voordat 'n Kaapse predikant na Transvaal sou gaan, dui tog daarop dat die predikante moes besef het dat die Transvaalse gemeentes nie meer deel van die Kaapse kerklike organisasie was nie. Die Volksraad het hierdie voorwaardes ook aanvaar. Alhoewel die gekombineerde vergadering geen sinodale status gehad het nie en sy bevoegdheid bevraagteken kan word, verleen die

toestemming en besluit van die Volksraad sanksie aan die optrede van die kerkraadsvergadering. En daarmee word die weg gebaan dat die hele aangeleentheid deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Kaap oorweeg kon word.

Dit is egter nodig om daarop te let dat die Volksraad in sy antwoord van 23 Junie 1852 dit duidelik laat deurskemer het dat die herderloosheid van die Transvaalse Kerk die belangrikste oorweging tot aanvaarding van die voorwaarde was. In hierdie skrywe van die voorsitter van die Volksraad, C Potgieter, aan die deputasie, word dit soos volg gestel: (Pont : 155).

> "... Weshalve de Weledele Volksraad, U, wereerw Zeergeleerde Heer Neethling, als agent, ter vriendelijkste versoekt, toch alles aan te willen wenden, wat in uw vermogen is, opdat wij ook eenmaal een Leeraar in ons midden mogen ontvangen ... O! dat onze bede eens gehoord en verhoord worde, dat wij het voorregt smaakt om ook een herder onder ons te zien..."

Dit is duidelik dat vanuit die deputasie se oogpunt dit hoofsaaklik oor inlywing by die Kaapse Kerk gegaan het, maar vanuit die Transvaalse oogpunt weer om die verkryging van 'n predikant. Dit gaan dus om twee sake wat baie nou met mekaar gemoeid was, maar deur die verskillende partye uit verskillende hoeke beskou en beklemtoon word.

'n Vraag wat bly staan is of die kerklike vergadering inderdaad die bevoegdheid gehad het om oor hierdie saak met die twee Kaapse predikante te onderhandel. In feite is dit 'n kerkraadsvergadering van Potchefstroom waaraan een verteenwoordiger van die amp uit Rustenburg se kerkraadsvergadering toegevoeg is. Die twee predikante vervul 'n dubbele rol: enersyds verteenwoordig hulle die kerkraadsvergadering van Lydenburg en andersyds het hulle die Kaapse Sinodale Kommissie daar verteenwoordig. Kerkregtelik gesproke is dit geen werklike meerdere vergadering wat oor so 'n ingrypende saak soos die inlywing van die Transvaalse gemeentes by 'n ander kerk kon handel nie.

Aan die ander kant is dit ook weer so dat die Volksraad in die Voortrekkerrepubliek meerdere male vantevore al die funksie van die meerdere vergadering volvoer het. In die lig van die grotendeels ongeordende situasie in Transvaal, waar die Transvaalse staat in 1852 byna sonder 'n grondwet en die kerk feitlik sonder 'n

kerkwet gefunksioneer het, is dit feitlik onmoontlik om op al die kerkregtelike vrae wat deur hierdie optrede geskep is, bevredigende antwoorde te gee. Die Volksraad het egter die ultimatum van ds Neethling, soos dit later gestel is, stilswyend aanvaar, maar het die inlywingskwessie sekondêr geplaas omdat dit vir die Volksraad primêr om die verkryging van 'n eie predikant in Transvaal gegaan het.

1.8 Inlywing by die Kaapse Sinode

Met die Sinode van die Kaapse NG Kerk wat in Oktober 1852 in Kaapland vergader het, het die aangeleentheid van die inlywing van die Transvaalse Kerk, by wyse van 'n besprekingspunt van di Murray en Neethling ter tafel gekom. Toe die saak op 15 Oktober ter sprake gekom het, het ds SP Heyns dadelik die aandag daarop gevestig dat Ordonnansie 7 van 1843, Artikel 2, dit onmoontlik maak dat enige gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie in die organisatoriesestruktuur van die Kaapse Kerk opgeneem kan word. Nadat 'n regsopinie van die Prokureur-Generaal, sir William Porter, ingewin is waarin hy verklaar dat so 'n inlywing wel regsgeldig sou wees, is 'n kommissie benoem om die voorwaardes te bepaal waarop inlywing kon geskied. Die saak word soos volg in die Acta van die Sinode weergegee: (Aangehaal by Dreyer 1929: 179–180).

"Ook werd door Ds Neethling een verhaal gegeven, van eene gecombineerde Vergadering, door hem en Ds A Murray bygewoond, op een bezoek-reis in het Over-Vaalsche, wanneer door de Vergadering een brief aan den Raad ontvangen dat aan de Vergadering word gerigt en produceerde Zijn Eerw het antwoord daarop van den Raad ontvangen, dat aan de Vergadering word voorgelegen en de Bijlagen opgenomen, ge d. Potchefstroom, 23 Juny 1852. Ds A Murray, Jun daartoe aanleiding gekregen hebbende in de discussie, gaf een verhaal van de wijze hoe de gemeentes aldaar waren gevestigd, het geen door de Vergadering met blijkbaar genoegen werd vernomen."

Op 21 Oktober het die kommissie sy verslag voorgelê en inlywing op die volgende voorwaardes aanbeveel:

"1 De inlywing van de Overvaalsche gemeentes worde daargesteld.
2 De door de Hoog Ed Volksraad beantwoordde vragen zijn de vasgestelden voorwaarden waarop de inlijving plaats hebbe.

3 Deze gemeenten worden geheel en al bestierd naar de wetten en bepalingen van de Ned Geref Kerk van Zuid-Afrika, met inachtneming van de door de Volksraad beantwoorde vragen.
4 Zij worden verklaard te behooren tot den Ring van Transgariep.
5 Zij sorgen voor de reiskosten hunner afgevaardigden naar Ring en Synode terwijl de Synode van die gemeente geene fondsen daartoe verwacht.
6 De Synode houdt zich niet verantwoordelijk voor het salaris der Predikanten, 't welk door de Hoog Ed Volksraad gewaarborgd wordt."

Die Sinode het op dieselfde dag die inlywing op grond van bogenoemde voorwaardes goedgekeur. Op 27 Oktober is so aan die Transvaalse Volksraad kennis gegee en op 2 November aan die staatsekretaris. Die saak was dus, wat die Sinode betref, afgehandel indien die Transvaalse gemeentes en die Volksraad die voorwaardes soos deur die "Voorwaardekommissie" opgestel en deur die Sinode aanvaar, finaal sou bekragtig. Die volledige besluit het soos volg gelui: (Acta Synode 1852 : 28).

> "Het rapport der Commissie benoemd in de zaak der Inlywing der Transvaalsche Gemeentes, werd nu gelezen, en het voorstel dien Commissie dat de Inlijwing dien Gemeenten bewerkstelligd zoude worden, met inachtneming van de voorwaarden reeds aangenomen door den Volksraad, in hun antwoord aan de gecombineerde Kerkeraads Vergadering der Trans-Vaalsche Gemeenten. Ds van Lingen wenschte ter kennis der Vergadering te brengen, dat hij als lid der Commissie het rapport had onderteekend, doch dat hij door de ondertekening niet te kenne gaf, dat hij zich met de in dat rapport uigedrukte bepalingen in alle opzigten vereenigde; dat hij voorzag, dat de bepalingen door de Synode aangenomen zijnde, In de gevolgen groote botsingen en moeilijkheden zouden worden ondervonden."

Opvallend is dat die Sinode uitsluitlik oor die inlywing handel en die saak van 'n predikant vir die Transvaalse gemeentes verwys na "de eerst volgende gelegenheid". Waarskynlik vanweë die motief om die kerk uit te brei gee die Sinode al die aandag aan die inlywing, 'n saak wat vir die Transvaalse gemeentes van sekondêre belang was. Hierdie verskil en benadering en die fout wat di Murray en Neethling gemaak het om nie sorgvuldig te luister na

wat die Transvaalse gemeentes en die Volksraad gevra het nie, het die oorsprong van 'n groot verwydering geword. Waarskynlik het die Sinode, wat ook besig was om die inlywing van Presbiteriaanse gemeentes in die Kaapkolonie te bespreek en te hanteer, net aan inlywing en uitbreiding van die kerk gedink. Die benadering het in feite die saak waaroor dit gegaan het, ernstig benadeel.

Toe die redakteur van die blad *De Zuid-Afrikaan*, JJH Smuts, te hore kom dat die kwessie van 'n eie predikant vir Transvaal uitgestel was na 'n "volgende gelegenheid" het hy dit "raadzaam geoordeeld de aandacht der vergadering onmiddelijk te vestigen op de verwachte aankomst van den Weleerwaarde Heer van der Hoff". Ds Dirk van der Hoff was volgens 'n brief van Prof UG Lauts uit Nederland op pad na Suid-Afrika om as predikant van die Transvaalse Kerk bevestig te word. 'n Hele bespreking het uit hierdie mededeling gevloei waaraan veral di Murray jr en JH Neethling deelgeneem het. Murray het gewys op die vrugtelose pogings deur die Transvaalse gemeentes om deur middel van die Sinode in Nederland 'n predikant te bekom. Hy het gemeen "redenen te hebben te twijfelen of een stellig beroep enige gemeente in het Overvaalsche was uitgebracht, daar de naam van prof Lauts onder hen selfs onbekend was". Ds Neethling het verklaar dat die Transvalers getoon het dat hulle geen predikante wil beroep wat hulle nie eers leer ken het nie. Hier sien ons weer hoe ds Neethling in sy jeugdige voortvarendheid, sonder werklike kennis van die situasie in Transvaal, 'n uitspraak oor die Transvalers maak wat nie werklik korrek was nie.

Die Sinode het egter die nuus van die koms van ds D van der Hoff aangegryp as 'n moontlikheid om tog 'n predikant aan die Voortrekkers te voorsien. Die Sinode het immers op voorstel van ds A Murray (sn) eenparig besluit: (Acta Synode 1852 : 30).

> "Dat wanneer het bij het legitimeren den Actuarius zal zijn gebleken dat meergen predikant Van der Hoff, voor de Trans-Vaalsche Gemeente is beroepen, dit door hem aan den Kerkeraad dier Gemeente worde geschreven, met kennisgeving in welke betrekking hij gevolge van de Inlijving der Trans-Vaalsche Gemeenten, met onze Kerk staat, en hunne verpligting voor Zijne reiskosten derwaarts te zorgen, en dat de Predikanten en afgevaardigden van de Kaapstad verzocht

worden hem, bij zijne aankomst, zoo veel mogelijk, met raad behulpzaam te zijn."

Uit die besluit blyk dit dat die Sinode ds Van der Hoff as predikant van die Kaapse Kerk na die Oorvaalse wou stuur om daar ook die inlywing van die Transvaalse gemeentes te finaliseer. Dit wou voorkom asof die planne van die Sinode met betrekking tot die Transvaalse gemeentes sonder moeite volvoer is.

2. Die koms van ds Dirk van der Hoff na Transvaal

2.1 D Van der Hoff – 'n Nederlandse proponent vir die kerk in Transvaal

Dirk van der Hoff is op 2 September 1814 te Dordrecht in Nederland gebore. In sy geboortestad het hy ook sy skoolloopbaan voltooi en in 1833 is hy na Leiden waar hy hom as student in die teologie, met die doel om predikant te word, ingeskryf het. In 1839 het hy sy kandidaatseksamen in die teologie afgelê en op 6 Mei 1840 is hy deur die Provinsiale Kerkbestuur in Zuid-Holland tot die evangeliebediening toegelaat. As gevolg van groot getalle studente wat in die teologie afstudeer het, was beroepe skaars en moes baie proponente ander betrekkings beklee omdat daar nie vakante gemeentes in die kerk was nie. Dié lot het ook Van der Hoff getref en hy het vergeefs op 'n beroep gewag. In die jare tot 1851 was hy as klerk op verskillende plekke werksaam.

Gedurende hierdie tyd was prof UG Lauts op soek na 'n predikant vir die Transvaalse Voortrekkers. Ulrich Gerhard Lauts was 'n Nederlander wat met groot ywer en entoesiasme verskeie pogings aangewend het om deur middel van handelsbetrekkinge aan die Voortrekkers 'n helpende hand uit te steek. Hy het ook onophoudelik probeer om onderwysers en predikante vir die Voortrekkers te vind om in die groot geestelike nood van die jong samelewing te voorsien. As "vader van die Pro-Boere-beweging in Nederland" het Lauts 'n groot deel van sy lewe aan hulp- en steunverlening aan die Voortrekkers in die Transoranje en Transvaal gewy. Deur middel van beriggewing oor Suid-Afrika het hy sy belangstelling hoofsaaklik op die Voortrekkers en hulle state toegespits. Hy het verder probeer om deur middel van handelsekspedisies verbindings- en handelsmoontlikhede vir die Voor-

trekkers te open. Danksy die ywer van prof Lauts het hy vir die Oorvaalse gemeenskap teen 1850 drie onderwysers verkry wat in Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg belangrike opvoedingswerk gedoen het. Predikante wat gewillig sou wees om na Transvaal te gaan, is aanvanklik nie gevind nie.

In Junie 1852 het Lauts 'n brief van prof W Moll, 'n Amsterdamse hoofleraar, ontvang waarin Lauts gewys is op prop Van der Hoff wat nog nie 'n beroep ontvang het nie en belangstelling getoon het om na die Kaapkolonie of Natal toe te gaan. Prof Lauts het die inligting onmiddellik opgevolg en dadelik na Amsterdam gegaan, waar hy in die huis van F Muller, op daardie stadium die werkgewer van Van der Hoff, met laasgenoemde 'n onderhoud gevoer het. Kort hierna is 'n ooreenkoms gesluit tussen Lauts in die naam van die Volksraad en Van der Hoff, waarin Van der Hoff hom verbind het om as predikant van die kerk in die Oorvaalse na SA te gaan. Die betrokke ooreenkoms het soos volg gelui: (Lauts Versameling : 246).

> "Uit naam van en voor den Achtbaren Volksraad der Uitgewekene en Onafhanklijke Afrikaansche Hollanders, benoorden de Vaalrivier, in Zuid-Afrika, wordt door den ondergeteekende aangenomen den Candidaat voor de Heilige Dienst Dk Van der Hoff, en als onderdaan van gezegden Achtbaren Volksraad, zich te begeven naar Zuid Afrika, op eene bezoldiging van achttienhonderd Gulden Nederland Geld, in het jaar, en zulks van heden af, met verdere voordeelen, daartoe staande, zich verbonden hebbende geene andere bekampen (Nederland) den 1 Juli 1825. Lauts. ["]Ik de ondergeteekende door den Heer Lauts te Kampen, uit naam van en voor den Volksraad der uitgewekene en onafhankelijke Afrikaanse Hollanders, benoorden de Vaalrivier in Zuid-Afrika, aangenomen om als predikant van de Nederduitsch hervormde gemeente en als onderdaan van gezegden Volksraad mij te begeven naar Zuid-Afrika, op eene bezoldiging van achttien honderd gulden, Nederlandse geld en verdere voordeelen daartoe staande, onder verband geen andere betrekking te zoeken, van nu af, binnen den tijd van vijf jaren, verbind mij hiertoe bij deze. ["]Dk Van der Hoff ["]Amsterdam (Nederland) 1 July 1852."

Prof Lauts het nou twee briewe aan die Volksraad gestuur waarin berig gegee is dat 'n predikant op pad is, terwyl ook die inhoud van die ooreenkoms meegedeel is. (Lauts Versameling : 1264 en 1265). Al was ds Van der Hoff se beroeping nie op gebruiklike

wyse nie, is dit deur die kerkraad as geldig beskou. 'n Aanstelling van 'n predikant was egter in die dae nie vreemd nie; trouens die meeste Kaapse predikante is deur die Kaapse goewerneur aangestel sonder 'n beroepsbrief van 'n kerkraad en alle aankomende of afstuderende predikante sou in die Britse gebied deur hom 'n werkskring toegewys word vir nog 'n lang tyd hierna.

2.2 Aankoms en verblyf in Kaapstad

Proponent Dirk van der Hoff en sy vrou het op 5 November 1852 Kaapstad bereik. Hulle is deur JHH Smuts, ingewag wat ook vir hulle losies gereël het en wat tydens hulle verblyf van vyf maande in Kaapstad uiters gasvry en bedagsaam teenoor die gesin Van der Hoff was. Dieselfde dag nog is Van der Hoff na ds A Faure, aktuarius van die Kaapse Kerk, om sy dokumente te toon en waarskynlik vir sy legitimasie te reël. Dieselfde aand het hy ook met di A Murray van Bloemfontein, Faure van Pietermaritzburg en dr Robertson, die voorsitter van die Sinodale Kommissie, kennis gemaak. Dr Robertson het hom aanbeveel om dadelik na sy legitimasie via Natal na Transvaal te gaan. Na die vertrek van Robertson en Faure het ds A Murray die plan van dr W Robertson ten sterkste afgekeur en Van der Hoff aangeraai om eers na Transvaal te skryf, die kerkrade daar van sy aankoms te verwittig, 'n formele beroepsbrief aan te vra en hulle te versoek om sy reiskoste te dra. Dit het hy dieselfde aand nog op "beleefde wijze" gedoen. Ds Murray sou van sy kant hierdie korrespondensie saam met 'n aanbeveling deur ds A Faure na Bloemfontein saamneem en vandaar dadelik na Potchefstroom stuur. Nie alleen het Murray egter al hierdie briewe in Kaapstad vergeet nie, maar eers op 5 Januarie 1853 van die sake aan die Kerkraad van Potchefstroom kennis gegee. (Lautsversameling : 246).

Intussen is Van der Hoff op 9 November 1852 deur Faure gelegitimeer. By die geleentheid het ds Faure hom versoek om 'n eed van getrouheid aan die Britse kroon af te lê om sodoende 'n Britse onderdaan te word waarna die Britse goewerneur hom dan as predikant van Transvaal sou kon aanstel. In die verband moet ons let op Artikel 63 van die Kerkwet wat vereis het dat die aktuarius die legitimasie van elke predikant aan die goewerneur moes rapporteer, asook Artikel 216 wat vereis het dat as 'n beroep kerklik goedgekeur is, dit nog eers weer vir goedkeuring aan die

owerheid voorgelê moes word. Elke predikant het dan hierna sy aanstelling van die goewerneur ontvang, wat dit in die *Cape of Good Hope Goevernment Gazette* gepubliseer het. Ds Faure wou Van der Hoff nou, na die inlywing van die Transvaalse gemeentes, volgens die Kaapse Kerkwet beroep en aanstel en daarom het hy hom gevra om die eed van getrouheid aan die Britse regering by die geleentheid af te lê. Dr SP Heyns, een van die predikante van Kaapstad het ingesien dat 'n Ordonnansie van die Kaapse goewerneur nie vir 'n vrye republiek kon geld nie en het Van der Hoff afgeraai om dit te doen, waarop hy dit geweier het. (*De Gereformeerde Kerkbode* 25–10-1856).

Die koms van Van der Hoff het vreugde in Transvaal ontlok. In sy brief aan Smuts juig generaal AWJ Pretorius dat die Transvaalse Voortrekkers uiteindelik 'n predikant kon bekom. Pretorius sowel as ouderling Wolmarans het Van der Hoff versoek om so gou as moontlik per skip na Port Natal te vertrek, sodat hy vandaar na Transvaal gehaal kon word. 'n Finansiële probleem het egter in sy weg gestaan om onmiddellik te vertrek. Van der Hoff en sy gesin het nie meer voldoende geld gehad om sy reiskoste na Natal te delg nie. Hy het ook nog gewag vir 'n antwoord op sy briewe uit Transvaal, wat ds Murray sou saamneem en vanaf Bloemfontein verder sou versend het. Soos reeds gemeld, het Murray hierdie briewe vergeet en toe eers self op 5 Januarie na Transvaal geskryf. Daarom kon oudeling FG Wolmarans eers op 1 Februarie 1853 hierop antwoord. In sy skrywe aan Van der Hoff bevestig ouderling Wolmarans dat die Volksraad die ooreenkoms tussen Van der Hoff en Lauts erken, dat die kerkraad van Potchefstroom as gevolg van die ver afstande nie bymekaar geroep kon word om 'n formele beroepsbrief uit te maak nie en spreek hy die hoop uit dat Van der Hoff so gou moontlik na Transvaal sou vertrek. Verder stel Wolmarans dat indien Smuts nie vir Van der Hoff finansieel kan help om tot in Port Natal te kom nie, hy die Sinodale Kommissie sal nader om tydelik die fondse voor te skiet. Ds Faure wou egter nie die bevestiging van Wolmarans, naamlik dat die ooreenkoms tussen Lauts en Van der Hoff deur die Transvalers goedgekeur en aanvaar is, erken as 'n voldoende of formele kennisgewing van beroep nie. Daarom het hy geweier om Van der Hoff geld vir reiskoste voor te skiet. Faure het steeds geweier, selfs nadat Van der Hoff persoonlik, sowel as ouderling Wolmarans en dr SP Heyns, hom om finansiële ondersteuning gevra het.

Hierdie optrede van Faure kom vreemd voor. Alhoewel Van der Hoff nie 'n formele beroepsbrief in sy besit gehad het nie, kon hy tog die aanstelling toon wat hy van Lauts namens die Volksraad ontvang het. Hierdie aanstelling is ook deur ouderling Wolmarans bevestig en hoewel "iedereen dit als een volkomen beroepsbrief beschouwen" kon Faure nie oorreed word om finansiële bystand te verleen nie. Die indruk word geskep dat dit by Faure oor iets anders gaan. Hy moes vermoed en verwag het dat die Transvaalse gemeentes, noudat 'n eie predikant uit Nederland bekom is, nie meer geneë sou wees om by die Kaapse Sinode ingelyf te word nie. Hierdie redes skemer deur in die antwoord wat hy aan dr Heyns verstrek oor waarom hy nie vir Van der Hoff kon help nie. In hierdie skrywe noem hy dat vanuit Transvaal nog geen antwoord op die inlywingsvoorwaardes ontvang is nie. Klaarblyklik wou hy Van der Hoff in die Kaap terughou, totdat die Oorvaalse gemeentes positief op die voorwaardes vir inlywing gereageer het. Solank as wat hulle weier om met die inlywing deur te gaan, sou Faure weier om hulle predikant te help om Transvaal te bereik.

Gelukkig kon Van der Hoff met geld wat Smuts aan hom geleen het, op 14 April 1852 na Port Natal vertrek.

2.3 Dirk van der Hoff in Transvaal

Die Van der Hoff-gesin het op 21 April per skip in Natal gearriveer. Daarvandaan is hulle per ossewa na Potchefstroom wat hulle op 27 Mei 1853 bereik het.

Die koms van Dirk van der Hoff sou op die kerklike situasie in Transvaal 'n groot invloed hê. In die loop van hierdie studie is reeds daarop gewys dat dit die oorspronklike ideaal van die Voortrekkers op kerklike gebied was om 'n predikant uit Nederland te verkry. Verbondenheid aan die Kaapse Kerk het die Voortrekkergemeenskap laat vrees dat hulle uiteindelik in 'n vreemde staatsverband opgeneem sou word. Nadat dit nou bekend geword het dat die Transvaalse kerk 'n predikant buite die Kaapse Sinode kon kry, het daar onmiddellik stemme begin opgaan om af te sien van die voorgenome inlywing by die Sinode. Prominente figure in Transvaal het die vrees van die "geestelike swaard" van die Britse owerheid en die dwang om "eigene Kerklikjke zaken self te besturen" ten volle gedeel. (Spoelstra 1962

: 108). Verskeie memories is by die Volksraad ingedien uit protes teen die inlywing by die Kaapse Sinode. Uit Klein Marico is onvoorwaardelik beswaar gemaak teen die inlywing by wat hulle noem "een Vreemde Sijnode" want hulle "wenschen (hul) leeraar Vry en on af hankelyk te hebben van Alle Sijnode". (Transvaalse argief R575/53). In 'n soortgelyke gees maak 'n groep inwoners van Schoonspruit beswaar "dat de Leeraar onder een Port Natal zijn Sijnode" gestel sal word. Hulle kan hulle nie daarmee vereenselwig nie omdat so iets onverenigbaar met die bestaan van "een vrije republiek" sou wees en daarom sou hulle as dit gebeur, "die kerk Ouderlingen ende diaackens met alle eerbied bedank (sal) worden en dat het van Nut (nuut) op geriegt worden zal". (Transvaalse argief R569/53). P Snyman van Rustenburg versoek ook op 14 Februarie 1853 generaal Pretorius in 'n skrywe dat hy moet toesien dat die Transvaalse Kerk "niet naader verpandt wordt aan den Kaap sijnnoden". (Transvaalse argief R497/53).

In hierdie omstandighede het die Volksraad, tydens sy sitting van Maart 1852, besluit om die brief van die Kaapse Sinode oor die inlywing nie te beantwoord voordat ds Van der Hoff gekom het en hy ook oor die sake geraadpleeg is nie. Na aanleiding van die brief van P Snyman en op grond van 'n verdere versoek deur S Kruger en HA Pretorius het die Krygsraad, onder voorsitterskap van AWJ Pretorius, nog ingrypender besluite geneem, naamlik dat 'n algemene vergadering van al die gemeentes sowel as 'n Volksraadsvergadering gehou moes word om uitsluitsel te gee oor die saak van inlywing. Uit die besluite wat op hierdie vergadering geneem is, blyk een saak baie duidelik, naamlik dat die een voorwaarde vir inlywing wat ingehou het dat die Transvalers die Kaapse Kerkwet van 1842 moes aanvaar, nie vir die Krygsraad aanvaarbaar was nie, en dat hulle wou hê dat die Transvaalse Kerk self "goede kerklijke regulatien (moet) maken en daarstellen". (Transvaalse argief R541/53).

Ook van kerkweë is die nodigheid van inlywing nou opnuut bevraagteken. Op die vergadering van 6 Junie 1853 het die kerkraad van Potchefstroom, onder voorsitterskap van ouderling Wolmarans besluit om "geen officieel antwoord te geven" op die inlywingsvoorstelle van die Kaapse Sinode nie, "voordat alle Kerkeraden hieromtrent gehoord zijn". Daarom is aan die kerkrade van Rustenburg, Lydenburg, Zoutpansberg en ook aan die

Volksraad geskryf "met versoek om ouderling overen te komen tot het houden eener Algemeene Kerkvergadering". Tydens die vergadering is ds Van der Hoff se dokumente ook nagegaan en is hy as wettige predikant van die gemeente aanvaar.

Van der Hoff was egter nog nie bevestig nie. Volgens afspraak sou ds A Murray (jr) hom op 31 Julie bevestig het. Op 15 Junie het die landdros en heemrade hom egter kennis gegee dat die Krygsraad tydens hulle laaste sitting besluit het dat Van der Hoff se bevestiging eers later sou plaasvind en wel na die vergadering van die kerkrade en die Volksraad. Dieselfde dag nog het hy ds Murray dit soos volg laat weet: (*De Gereformeerde Kerkbode* 1854 : 355).

> "Heden ontving ik een brief van Landdrost en Heemraden deser gemeente, waarin men mij meldt dat de gezamentlijke Krijgsraad met twee leden van den Volksraad, de Heeren St. Kriger en HA Pretorius, op dringend versoek van den ouderling Snyman van Rustenburg hebben besloten, dat er eene algemeene bijeenkomst wezen zal op der tweeden Maandag in Augustus, om over de voorstelling van den Heer Van der Hoff te raadplegen. Zij hebben tegelijk den Volksraad verzocht, ook hunne zitting tegen diens tyd te bepalen, benewens ook alle Kerkraden en alle verstandige personen, die in die zaak belang stellen, ten gevolge van welken maatregel U Wel Eerw. verzocht wordt uwe overkomst nog wat uit te stellen."

Die bevestiging sou egter nooit deur ds Murray waargeneem word nie. Die taak is ouderling Wolmarans opgelê. Op die oog af lyk dit na 'n ongegronde vrees vir Engelse invloed of selfs na swak gedrag deur die Transvalers teenoor 'n ou vriend van die Voortrekkers. As egter in gedagte gehou word dat op hierdie stadium dit bekend geword het dat ds Murray die Engelse opposisie gesteun het teen die voorgestelde onafhanklikheid van die Vrystaat, verstaan 'n mens die Voortrekkers se skielike onvriendelikheid teenoor Murray. Juis hierdie optrede van ds Murray bewys ook dat die Voortrekkers nie 'n eensydige en oorspanne oordeel teen die Kaapse Sinode en sy predikante geopenbaar het nie.

3. 'n Sinodaal-onafhanklike kerk in Transvaal

3.1 Twee belangrike Algemene Kerkvergaderings

Die vergadering van kerkrade waartydens die inlywingsaangeleentheid bespreek sou word, is op 8 Augustus 1853 te Rusten-

burg gehou met ouderling FG Wolmarans as voorsitter en ds Dirk van der Hoff as skriba. Volgens die notule word daar ongelukkig geen aanuiding gegee van die presiese konstituering van hierdie byeenkoms nie. Dit is egter duidelik dat hierdie vergadering homself as 'n sinodale vergadering gekonstitueer het, aangesien dit 'n formele byeenkoms was van die kerkraadsvergaderings van die kerk wat oor aangeleenthede moes handel wat beslis binne die bevoegdhede van 'n sinodale vergadering gelê het. Uit die notule is dit ook duidelik dat hierdie vergadering homself as 'n sinodale vergadering gesien het en met dié verstandhouding besluite geneem het. Dit is belangrik om daarop te let dat die eerste Algemene Kerkvergadering 'n kerkraad-sinode is, want hier is nie afgevaardigdes met geloofsbriewe na die vergadering gestuur nie. Die volledige kerkraadsvergadering van elke gemeente het na Rustenburg gegaan. Hoewel 'n kerkraad-sinode in die Calvinisties-kerkordelike sisteem 'n uitsondering is, is dit wel verstaanbaar dat oor so 'n belangrike saak soos die onafhanklikheid van die Kerk in die ZAR besluit is om 'n vergadering te hou waar alle ampsdraers in en van die kerk teenwoordig sou wees. Gesien die noue samehang van kerk en owerheid in daardie bestel, is dit volkome aanvaarbaar dat die Krygsraad, as owerheidsliggaam, die sinodale vergadering byeenroep of moontlik maak. In alle opsigte moet die Rustenburgse vergadering as 'n wettige sinodale vergadering beoordeel word.

Nadat Van der Hoff as wettig geordende predikant van die gemeentes van die Transvaalse Kerk erken is, is die saak van inlywing onder die Kaapse Sinode behandel. Slegs die predikant het ten gunste van inlywing geargumenteer, maar die res van die vergadering wou niks daarvan weet nie. Nadat die ander lede ds Van der Hoff egter oortuig het van die wenslikheid van 'n onafhanklike Transvaalse Kerk, het die vergadering eenparig besluit om die inlywing by die Kaapse Kerk af te keur. In die notule kom die volgende hieroor voor: (Aangehaal by Gerdener 1930 : 208).

> "Het punt der inlijving onzer gemeenten onder de Kaapsche Synode ter tafel komende, vraagt de leeraar het woord. Zijn Eerw geeft den wensch te kennen dat de gemeenten alhier onder de Kaapsche Synode mogten ingelijfd worden. Hij stelt der vergadering het voordelige en wenschelijke dier zaak voor en waarschuwt ernstig voor de nadelige

gevolgen die uit eene weigering der ingeheel ander gevoelen. Haar hoofdleus is: burgerlijk vrij en onafhanklijk, wenschen wij dit ook in het kerkelijke. Wij wenschen onze eigene kerkelijke zaken zelf te besturen en in deze niet ondergeschikt te zijn aan de Kaapsche Synode. De Koning der Kerk, Jezus Christus onze Heer, zij ons eenige hoofd. Deze en dergelijke andere uitdrukkingen, door kragtige drangredenen, te veel om hier te vermelden ondersteund, deed den leeraar eindelijk ook besluiten zijne toestemming te geven aan den algemeenen wensch des kerkeraads, die volgens het zeggen der kerkraadsleden, ook de algemeene wensch van het publiek was. De Leeraar, door verschillende inlichtingen nu overtuigd geworden van het nadeelige der inlijving onder de K Synode, verklaart nu plegtiglijk dat hij eenmaal zijne toestemming in deze zaak gegeven hebbende, van nu af aan ook zijne beste pogingen zal in het werk stellen om onder 's Heeren zegen deze zaak te bevorderen; waarop met eenparige stemmen besloten werd de inlijving onder de K Synode niet goed te keuren . . ."

As rede en motivering vir hierdie besluit het die Algemene vergadering die volgende gestel:

"1 Omdat aan de voorwaarde of belofte om ons door bemiddeling der K Sijnode, van leraars te zullen voorsien, niet voldaan is.
2 Omdat men zich aan de kerkelijke wetten der Nederd Geref Kerk in Zuid Afrika, onder de Synode, niet kan onderwerpen."

Die eerste van hierdie twee redes mag in die lig van die praktiese omstandighede, waarskynlik onbillik en ongegrond voorkom want die belofte aan die Transvaalse Kerk was dat hulle 'n predikant sou kry as die inlywing by die Kaapse Sinode tot stand gekom het. Hoewel die inlywing in Oktober 1852 deur die Kaapse Sinode goedgekeur is, het die aktuarius nog nie antwoord op sy briewe uit Transvaal gekry wat bevestig het dat die Transvaalse Kerk die inlywing goedkeur op die voorwaardes soos deur die Sinode aan hulle gestuur nie. 'n Mens mag egter nie uit die oog verloor nie, soos reeds aangetoon is, dat die Transvalers by inlywing as 'n onmiddellike teëprestasie van die Sinode verwag het dat hulle (die Sinode) 'n predikant sou stuur. Die onwelwillende houding van die Kaapse kerklike ampsdraers en leiers om te help dat ds Van der Hoff reiskoste kon bekom, sodat hy spoedig die Transvaal kon bereik, was waarskynlik vir die Transvalers 'n bewys dat hulle nie hulle voorwaardes wou nakom nie.

Die tweede genoemde rede gee 'n aanduiding van wat die werklike besware teen inlywing by die Kaapse Sinode was. Hoewel die besware teen die bepalinge van die Sinode nie uiteengesit word nie, is dit duidelik dat dit gaan teen die band tussen die Kaapse Kerk en die Britse owerheid. Daar is gevrees dat die inlywing van die Transvaalse Kerk by die Kaapse Kerk politieke onderhorigheid aan die Engelse owerheid sou meebring. Die beswaar was nie teen die Kaapse Kerk as kerk nie, maar teen die bande waarmee dié kerkorganisasie aan die Britse owerheid gebonde was. So word opgemerk: (Aangehaal uit Eene Stem uit Mooirivier).

> "De Kaapsche Synode, ofschoon wel niet onder het Engelisch Goewernement, is en blijft toch altijd van dat Gouwernement afhanklijk; want in de eerste plaats bestaat en werkt zij bij Ordonnantie van den Wetgewende Raad, en ten tweede is zij verpligt zekere veranderingen of nieuwe wetten die zij vervaardigt, vóór de uitvoering door het Engelich Gouvernement te doen bekrachtigen ... Als wij dus onder de Synode staan en wij wenschen zekere kerklijke wetten veranderd of nieuwe ingvoerd te hebben, dan moeten wij eerst de goedkeuring der Synode (en daarbij noch de Bekrachtiging van het Engelsche Gouvernement) afwachten ... Elk vrij en onafhanklijk volk, dat zijn eigen burgerlijk bestuur heeft, is ook verplicht zijn eigen kerkelijk bestuur te regelen."

Hierdie besluit is die volgende dag deur die Kommissieraad wat op Rustenburg in sitting was, goedgekeur. Omdat 'n Kommissieraad slegs uit volksraadlede van een bepaalde distrik bestaan het en daarom slegs voorlopige besluite kon neem ,moes hierdie besluit eers tydens die Volksraadsitting te Lydenburg in September bevestig word, voordat dit as Volksraadbesluite kon geld. Gedurende die vergadering het die Volksraad besluit dat aangesien die kerkraad van Lydenburg nie teenwoordig kon wees op Rustenburg nie toe die besluit geneem is dat inlywing nie sal plaasvind nie, die Algemene Kerkvergadering sowel as die Volksraad weer op 22 November te Potchefstroom sal vergader en om dan finaal uitsluitsel oor die kwessie van inlywing by die Kaapse Sinode te gee. Met hierdie vergadering het die Algemene Kerkvergadering en die Volksraad die besluit van die vorige vergadering bekragtig en met eenparige stem besluit om die inlywing nie goed te keur nie.

KITAL
Posbus 7193 Pretoria 0001
(012) 322-8885

Die notule vermeld:

"Men besluit dan met eenparige stemmen, zoowel Kerkeraad als Volksraad, de inlijving te verwerpen, en wel om dezelfde reden, gelijk die in de vorige vergadering van Augustus reeds waren vastgesteld, en van dit besluit gemotiveerd kennis te geven aan den Wel Eerw Heer A Faure Actuarius Synodi, in de Kaapstad."

As rede en motivering is dieselfde twee sake genoem as met die eerste Algemene Kerkvergadering . Ds Faure, aktuarius van die Kaapse Kerk is van hierdie besluit deur sowel die Algemene Kerkvergadering en die Volksraadvergadering in kennis gestel. Beide hierdie vergaderings het dit duidelik gestel dat die Transvaalse Kerk homself as 'n onafhanklike kerk met 'n selfstandige organisasie sien: (Notule van die Volksraad, bylaag 146, 1853 : 541).

"De Nederduitsche Gereformeerde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek beschouwt zich ... als eene onafhanklijke kerk, onder haar eigen bestuur."

Die Algemene Kerkvergadering het dit egter beklemtoon:

Hiermede wordt echter niet te kennen gegeven, dat zij zich afsnijdt of afscheurt van hare oude Moeder kerk. In geenen dele. De dochter wil noch gaarne met hare moeder in kinderlijke betrekking blijven; met andere woorden: de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in deeze gewesten wenscht, ofschoon onafhanklijk, een band van vereeniging aan te knoopen, ten doel hebbende de algemeene belangen der Nederduitsche Gereformeerden in Zuid Afrika te behartigen, en weder zijdsche elkander die broederlijken diensten te bewijzen, die het Evangelie zijnen belijders voorschrijft of beveelt. Om dat doel te bereiken ... wenschen wij hartelijk in eene geregelde briefwisseling met elkander te komen ..."

Met hierdie besluit is bekragtig dat die kerk, wat onder die Voortrekkers en ook daarna onafhanklik gefunksioneer het, al was dit onder moeilike omstandighede en grotendeels sonder 'n eie predikant, in die Oorvaalse gebied gehandhaaf word. Die totstandkoming van hierdie sinodale vergadering van die Transvaalse gemeentes in 1853 was eintlik ook net die logiese stap in die ontwikkeling van die onafhanklik bestaande Voortrekkerge-

meentes wat vroeër in Natal, die Transoranje en nou slegs in die Transvaal bestaan het, en wat nooit formeel organisatories onder die Kaapse Sinode ressorteer het nie. Deur inlywing by die Kaapse Sinode te verwerp, is niks meer gedoen as om die historiese lyn voort te sit wat sedert die aanvang van die Groot Trek bestaan het nie, naamlik 'n Kerk, onafhanklik en selfstandig ingerig, los van die Kaaps-Britse invloed en gegrond op die Voortrekker-ideaal van "Burgerlijk vrij en onafhanklijk, wenschen wij dit ook in het kerkelijke."

Die besluite van die twee Algemene Kerkvergaderings van 8 Augustus en 22 November bevestig ook dat daar op daardie stadium 'n groot eensgesindheid oor die kwessie van inlywing onder die kerklike en politieke leiers was. Tussen die twee vergaderings verloop drie maande en indien daar ernstige verskille of ontevredenheid onder die Transvalers was, sou dit sekerlik op die tweede byeenkoms na vore gekom het. Tog hoor 'n mens niks daarvan nie. Latere ontevredenheid is dus deur latere vreemde of buite-invloede veroorsaak.

Nieteenstaande die feit dat die Transvaalse Kerk homself op hierdie stadium as 'n onafhanklike kerk met 'n eie kerkregering sien, verskil kerkhistorici tog oor die kerkregtelike posisie wat die Transvaalse Kerk inneem, deurdat hulle die inlywing verwerp het. PB van der Watt wil die Transvaalse Kerk op die stadium as 'n onafhanklike Sinode van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk sien en nie as 'n onafhanklike kerk nie. Hy stel dit so: (Van der Watt 1973 : 70).

> "Hiermee het 'n onafhanklike sinodale verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal tot stand gekom, maar van afskeiding of stigting van 'n ander kerk naas die Ned Geref Kerk is hier nog geen sprake nie."

Van der Watt se argument berus hoofsaaklik op die feit dat die Transvaalse Kerk homself Nederduits Gereformeerd noem, in teenstelling met die benaming Nederduitsch Hervormd wat vanaf 1855 toenemend in gebruik kom.

Die feit dat die Transvaalse Kerk wat sy naam betref, homself by sy eerste Algemene Kerkvergadering en selfs daarna, Nederduitsch Gereformeerd noem, wat ook die amptelike naam van die Kaapse Kerk was, maak geen verskil aan die saak dat dit 'n

onafhanklike kerk was nie. Die feit dat hierdie selfde kerk in later jare uitsluitlik die naam Ned Hervormd gebruik, beteken ook geen breuk in die historiese lyn van die kerk nie. Om die historiese lyn van die kerk deur middel van die name wat vir die kerk gebruik is aan te dui, trek nie net die aandag van die juiste historiese gang van sake af nie, maar is ook onmoontlik omdat die name Hervormd en Gereformeerd wisselterme is wat baie lank sonder enige probleme in die kerkgesiedenis voorgekom het. 'n Analoë geval wat vermeld kan word, is dat di Murray en Albertyn in 1848, met die stigting van die gemeente Rietrivier byvoorbeeld meld dat "uit het getal van zestien der geschikste en godsdienstige leden der Nederduitsch Hervormde Kerk" (Dreyer 1929 : 98) en "in overeenkomst met de wetten der Nederduitsch Hervormde Kerk" kerkraadslede verkies is. Net so skryf ouderling J de Wet sowel as dr SP Heyns, in hulle navrae aan ds A Faure in verband met die sending van genoemde di Murray en Albertyn na die Transoranje, onderskeidelik van die "sijnode der Nederduitsch Hervormde Kerk" en die van die "Kerkeraad der Nederduitsch Hervormde Gemeente in de Kaapstad". (Dreyer 1929 : 112). Formeel kan daar seker op aanspraak gemaak word dat die gemeente Rietrivier 'n onafhanklike Nederduitsch Hervormde gemeente was, maar dit is tog duidelik dat die gemeente in die praktyk onmiddellik deel van die Nederduitse Gereformeerde kerklike organisasie van die Kaapse Kerk uitgemaak het. Net so sien ons dat in Transvaal, die Kerk, ongeag sy benaming Nederduitsch Gereformeerd, in die praktyk gefunksioneer het as 'n onafhanklike kerk, soos die notules van die Volksraad en die Algemene Kerkvergadering dit van die begin af gestel het, naamlik dat die Transvalers hulle kerk gesien het as 'n "onafhankelijke Kerk onder haar eigene bestuur."

Net so is ook die stelling wat Van der Watt maak dat die naamsverandering 'n breuk in die historiese lyn is, nie korrek nie, want met 'n naamsverandering word daar nie noodwendig 'n nuwe regspersoonlikheid in die lewe geroep nie, omdat 'n ou regspersoonlikheid onder 'n nuwe naam kan bly voortbestaan. Net so min as wat die Nederduitsch Hervormde Kerk vóór 1842 en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk na 1842 in die Kaapkolonie twee verskillende kerke was, net so min is die kerk in Transvaal wat homself vanaf 1855 Ned Hervormd noem, 'n ander

kerk as die een wat in 1853 homself Ned Gereformeerd genoem het, want daar het tog geen verandering in die kerklike organisasie, lidmaatskap, leer of dienswerk gekom nie.

Ander historici is baie meer kras in hulle uitsprake en beoordeling van die gebeure van 1853 waar die Transvaalse gemeentes tot die oprigting van 'n sinodale vergadering vir hulle bestaande kerk oorgaan, en skroom nie om dit "'n verbreking van kerklike eenheid", 'n "afskeiding" 'n "skeuring" en 'n "wegbrekingsproses van Ned Geref Kerk" of dit "stigting" van 'n nuwe kerk (Scholtz 1956 : 83, 97; Odendaal 1957 : 111, 120) te noem nie.

Die vraag is of hierdie besluit om die organisatoriese onafhanklike kerk met 'n eie kerkregeringstruktuur te handhaaf, wel 'n sodanige verskeuring en 'n afskeiding was. In verband met die beantwoording van hierdie vraag moet volgens Muller die volgende in gedagte gehou word: (Muller : 4).

> "Die besluit het gespruit uit politieke oorwegings en nie uit leerstellinge of geloofsoorwegings nie. Die leer of belydenis van die Transvaalse en die Kaapse Kerk was nooit ter sprake nie. Die teendeel is egter waar, naamlik dat die samesprekings en onderhandelings wat wel oor inlywing gevoer is, plaasgevind het omdat daar geen twispunte of verskille oor leer en belydenis was nie. Die punt van belang is dat die Algemene Kerkvergadering op dié wyse wal gegooi het teen die politieke gevolge wat inlywing by die Sinode van die Kaapse Kerk na hulle oordeel sou hê."

Aansluitend by bogenoemde argument van Muller moet dit ook in gedagte gehou word dat met die besluit om inlywing te verwerp, dit nooit gegaan het om die ware of die valse kerk nie. Die Algemene Kerkvergadering te Rustenburg en Potchefstroom het geen twyfel gehad dat die Kaapse Kerk en die Transvaalse Kerk die ware kerk was nie. Dié besluit gee juis uitdrukking aan die oortuiging van die Algemene Kerkvergadering dat die twee kerke wel 'n leer- en belydeniseenheid handhaaf en daarom slegs organisatories onafhanklik sal voortbestaan. Dit word ook beklemtoon deur die aanbod om deur middel van korrespondensie die band van geloofseenheid tussen die Transvaalse en Kaapse Kerk lewend te hou. Dit was immers die normale, Calvinistiese manier om kerklike eenheid te belewe tussen kerke wat geografies van mekaar geskei en buitendien in twee verskillende state geleë was.

Op staatkundige gebied was Transvaal onafhanklik en vry; 'n onafhanklike staat met 'n eie identiteit en karakter. Die voortsetting van 'n eie kerk, organisatories los van die moederkerk, kan nooit 'n verskeuring van die kerk wees nie. "Die gemeentes in die Kaap het self 'n lang stryd gevoer om 'n eie kerkverband te konstitueer en organisatories onafhanklik te wees. Vir hulle was daar net so min twyfel daaroor dat die belydenis- en leereenheid ongeskonde sou bly as vir die Kerkvergadering van 1853. Inderdaad is dit so dat in lande waar die presbiteriaal-sinodale vorm van kerkregering gegeld het, staatkundige grense eintlik vanselfsprekend die grense van die inheemse kerk was. Die konstituering van 'n kerkverband wat aan landsgrense in 'n onafhanklike gebied gebonde is, is nooit as verskeuring van die kerk beoordeel nie. Selfs in onafhanklike gebiede is die vorming van 'n kerk nie so beoordeel nie. Die ontstaan van 'n eie inheemse kerk in die Kaap, organisatories losgemaak van die moederkerk in Nederland of die kerk in Brittanje, is nie beskou as verskeuring van die kerk nie". (Muller : 5).

Die Algemene Kerkvergadering het nooit die besluite van 1853 gesien as die stigting van 'n nuwe of ander kerk of as 'n afskeuring of afskeiding van die kerk in die Kaap nie. Inteendeel, alhoewel hulle kerklik onafhanklik wou wees en 'n eie kerkregering wou handhaaf, wou hulle juis die "band van vereeniging" met die Kerk in die Kaap behou om sodoende die belange van die kerk in "Zuid-Afrika" te dien.

Samevattend kan dus gestel word dat die besluit van die Transvaalse gemeentes om inlywing by die Kaapse Sinode te verwerp en om 'n onafhanklike selfstandige ingerigte kerkorganisasie te konstitueer, nòg die gedagte van skeuring, nòg afskeiding ingehou het. Dit was veel eerder die bereiking en totstandkoming van 'n lang gekoesterde ideaal, naamlik die van 'n eie kerk met 'n eie predikant in 'n onafhanklike Voortrekkerstaat; 'n ideaal wat reeds onder Piet Retief begin is, maar wat later as gevolg van 'n gebrek aan 'n eie predikant tot 1853 moes oorstaan. Toe het die Transvaalse Voortrekkers in die persoon van ds Dirk van der Hoff uiteindelik 'n eie predikant gekry. In die lig van die feit dat hy nie deur die Kaapse Sinode gestuur is nie, is sy koms aangegryp om die ideaal van 'n onafhanklike staatskerk in die onafhanklike Voortrekkerrepubliek te verwesenlik.

4. 'n Samevattende oorsig

4.1 Kerk en owerheid in die Voortrekkerstaat, 1853–1858

Soos reeds aangetoon is, het die Voortrekkerowerheid van die begin af, vanaf Thaba'Nchu sowel as in die Republiek Natalia en in die vroeë geskiedenis van Transvaal tot en met die stigting van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming en die vestiging van die Voortrekkerkerk. Ook na die totstandkoming van die ZAR het die owerheid steeds hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die kerk gehandhaaf en soos ons reeds gesien het, speel juis die owerheid 'n baie belangrike rol in die besluit om die Voortrekkerkerk onafhanklik in Transvaal te handhaaf. Met hierdie noue samewerking tussen owerheid en kerk in gedagte, kon verwag word dat die verhouding tussen kerk en owerheid in die grondwet van die ZAR gereël sou word. Dit het inderdaad ook so gebeur, want in die konsepgrondwet van 6 November 1855, sowel as in die wet wat op 5 Januarie 1857 as grondwet bekragtig is en in die gewysigde grondwet van Februarie 1858, word die verhouding tussen owerheid en kerk baie duidelik vasgelê. So word onder andere ten opsigte van die kerk besluit: (SA Argiefstukke Transvaal No 3).

Art 8 Het volk laat de uitbreiding van het Evangelium toe onder de heidenen onder bepaalde voorzorgen tegen bedrog en misleiding.

Art 9 Het volk wil geen gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen noch in kerk noch in staat.

Art 20 Het volk wil zijne Nederduitsch Hervormde Godsdienstleer, zoo als deze in de jaren 1618 en 1619 door de Synode te Dordrecht is vastgesteld, in hare grondbeginselen blijven behouden, en de Nederduitsch-Hervormde Kerk zal de Kerk van den Staat zijn.

Art 21 Het verkiest in zijn midden geen roomsche kerken toe te laten, en ook geene andere Protestantsche, dan de zoodanige, waarin dezelfde hoofdsom van christelijk geloof geleerd wordt, als is opgegeven in den Heidelbergschen Catechismus.

Art 22 Het zal geene andere vertegen woordigers in den Volksraad aanstellen, dan degenen, die lidmaten der Nederduitsche-Hervormde Gemeente zijn.

Art 23 Het volk erkent geen ander kerkelijk gezag dan dat, wat door de Kerkraden zijner Nederduitsch Hervormde gemeentes is of wordt goedgekeurd, aangenomen en vasgesteld volgens art 20.

Art 24 Het volk verlangt den opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat en uit dien hoofde voorziening in de behoeften aan Nederduitsch-Hervormde Predikanten en Schoolonderwijzers.

Art 25 Het volk wil zijne Kerk niet minder ongeschonden bewaren, dan de onafhankelijkheid van zijnen Staat.

Art 26 Hij die deze onschendbaarheid of onafhankelijkheid aanrandt, of daartoe pogingen in het werk stelt, word geacht verraad tegen het volk om sijne Republiek te hebben willen plegen, en een iegelijk is geregtigd en geroepen hem deswege voor de geestelijke of regterlijke magt te vervolgen."

Uit bogenoemde artikels is dit baie duidelik dat die Voortrekker-owerheid in Transvaal geen neutrale owerheid wou wees nie. Op grond van Artikel 36 van die *Nederlandse Geloofbelydenis* het die owerheid van die ZAR die beskerming en die onderhoud van die kerk op hom geneem. Nie alleen sou elke predikant 3000 riksdalers per jaar uit die staatskas ontvang nie, maar sou die "onafhankelijkheid en onschenbaarheid" van die kerk deur die volk beskerm en verdedig moes word.

Omdat kerk en volk ten nouste saamgeleef het en die kerk die ideaal van die volk op staatkundige gebied gedien het, is die Nederduitsch Hervormde Kerk as staatskerk erken en in 'n bevoorregte posisie geplaas. Hoewel die kerk staatskerk was, het die owerheid nooit soveel seggenskap in kerklike sake gehad dat die kerk verhinder kon word om die tug toe te pas en alle kerklike sake self te reël nie. Die seggenskap wat die owerheid wel in kerklike sake gehad het, was min en dit kon nie die kerk in sy kerkwees strem nie. Alleen ten opsigte van die stigting van gemeentes en die skepping van predikantstandplase, wat die owerheid moes finansier, moes die owerheid se toestemming gevra word.

Hoewel daar in die grondwet met nadruk bepaal is dat "het volk geen gelijkstelling van gekleurdes met blanke ingesetenen toestaan noch in Kerk, noch in Staat", veral omdat gelystelling steeds gesien is as een van die hoofredes van die Groot Trek, het dit geensins in die pad van sendingwerk onder die heidene gestaan nie.

Die volk was nie teen sendingwerk nie, maar teen die bedrog waarmee sendelinge van die "London Missionary Society" baie keer te werk gegaan het om Nie-Blank teen Blank aan te hits.

In die grondwet word ook vir die eerste maal op 'n amptelike naam vir die Voortrekkerkerk in Transvaal besluit, naamlik *Nederduitsch Hervormd*. Oor hierdie naam skryf die ou Voortrekker, Frans Joubert in *De Volkstem* van 8 Januarie 1889 die volgende:

> "Reeds in artikel 1 word bepaald; Deze Staat sal de naam dragen van de Zuid-Afrikaansche Republiek, doch toen men bij art 20 kwam waar gehandeld moest worden over de becherming en verdediging van de Kerk, en daar men aan de Kerk eenige privilegien wilde toekennen stuiten men af op den Naam der Kerk. Er word tot geene naamvastelling besloten maar er werd gevraagd: Wat is de naam van de Kerk onzer Vaderen? En daar men het niet te weten kon komen werd aanvraag gedaan by de oude burgers die hun kerklijke attestatien medegebracht hadden uit de Kaapkolonie; er werden verscheidene ingeleverd ook die van den ouden heer M Viljoen (Marthinus Jacobus Viljoen 1817 – 24.2.1889). Wij hadden altoos de Kerk van de Kaapkolonie beschouwd als de Kerk onzer Vaderen, en geen andere willen aannemen, en daar op alle ingekome attestatien zonder eenige uitzondering, 'Nederduitsch Hervormd' stond komt men tot de overtuiging dat dit de naam van de Kerk onzer Vaderen is en werd dan ook alzoo in de Grondwet opgenomen. We wisten toen nog maar weinig vaneen naamsverandering der Kerk in de Kaapkolonie. Doch al hadden we het ook geweten souden wij toch hebben blijven vasthouden aan dien naam waaronder wij de Kerk verlaten hebben met onzen uittocht uit de Kaapkolonie."

4.2 Die kerkregtelike verloop, 1853–1863

Op die eerste Algemene Kerkvergadering van 1853 is besluit dat 'n eie kerklike Wetboek vir die Voortrekkerkerk saamgestel moes word. Hierdie opdrag is in 1855 aan ds Dirk van der Hoff en ouderling FG Wolmarans herhaal. Teen 1857 was hierdie wette gereed en is dit in die *Staats-Courant* van 28 Mei 1858 gepubliseer. Hierdie wette is egter nooit deur die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek bekragtig nie en het dus nooit regsgeldigheid gehad nie.

In 1861 is daar toe weer deur die Algemene Kerkvergadering aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bestaande

uit di D van der Hoff, AJ Begeman en GW Smits (di Begeman en Smits het daardie jaar na Transvaal gekom), asook drie ouderlinge, opdrag gegee om 'n Kerkwet op te stel. In Augustus 1862 was die wette gereed en op 24 Oktober 1863 is dit as die *Reglementen van de Nederduitsche-Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek* deur die Volksraad bekragtig.

Hoewel die bespreking van die Kerkwet nie binne die besprekingsveld van hierdie publikasie lê nie, kan daar gewys word op die feit dat die Kerkwet van 1862 baie duidelik gegrond is op die Kaapse Kerkwet van 1842. Daarom vind ons dat die reglementêr-organisatoriese beginsel, wat vanaf die *Algemeen Reglement* van 1816 in die Nederlandse Kerk en vandaar in die Kaapse Kerk in swang was, ongelukkig ook sy neerslag in die Nederduitsch Hervormde Kerk vind. Nieteenstaande die feit dat hierdie kollegialistiese beginsel in die Transvaalse Kerkwet van 1862 ingeweef is, is die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal deur sy eie kerkwet op die ordelike baan van ontwikkeling en groei geplaas.

5. Slotopmerkings

In hierdie studie is aangetoon dat die Voortrekkers reeds in 1837 te Thaba'Nchu hulleself as 'n eie, onafhanklike gemeenskap en volk gesien het en eie onafhanklike staatsinstellings daargestel het. Terselfdertyd is daar ook aan die kerk 'n organisatories-onafhanklike basis gegee. Hierdie inrigting van 'n onafhanklike kerk in 'n eie gemeenskap moet gesien word as 'n normale gebeurtenis wat hom dwarsoor die wêreld geopenbaar het.

Vanaf Thaba'Nchu via Natal tot in Transvaal, waar die Voortrekkerkerk uiteindelik tot volle onafhanklikheid gekom het, kan ons die kerklik-kerkregtelike lyn baie duidelik volg. Een saak staan egter vas: Hoewel die vadere sterk gestaan het op organisatoriese onafhanklikheid en kerklike selfstandigheid, was daar nooit sprake van 'n breuk of skeuring of afskeiding op grond van die leer nie. Net soos die Kaapse Kerk in sy wordingsjare aan die Nederlandse Kerk vasgehou het, so wou die Voortrekkerkerk in Transvaal die geestelike band met die ou moederkerk handhaaf. Hierdie wens is reeds op die eerste twee Algemene Kerkvergadeings uitgespreek en bekragtig.

Vra 'n mens waarom daar in die verlede juis rondom die wordingsgeskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk

soveel probleme en twisvrae opgeduik het, lê die antwoord waarskynlik daarin dat die kerkgeskiedenis tussen 1836–1853 geïnterpreteer is vanuit 'n latere gesigshoek, wat weer bepaal is deur die gebeure op kerklike terrein na 1865/1866 of na 1885. So vind ons dat die selfstandige bestaan van die Voortrekkerkerk dikwels ontken is, waarskynlik om die bestaansreg van die Nederduitsch Hervormde Kerk as die wettige kerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek te ontken. Tog het hierdie kerk, as voortsetting van die Voortrekkerkerk, 'n heilsame invloed op land en volk uitgeoefen. Die kerk en die gemeenskaplike godsdiens was die enigste skakel wat 'n wyd verspreide en gedesentraliseerde gemeenskap doeltreffend kon saambind, ondanks die talryke openbaringe van meningsverskil in die vroeë Transvaal. As mededraer van die Voortrekkerideaal, naamlik 'n eie, vrye land met 'n eie regering, los van die Kaapse-Britse invloed, het hierdie kerk ook bygedra dat die oordrewe indiwidualisme en groepvorming vervang is deur 'n samehorigheidsgevoel, 'n nasionale bewussyn en 'n eenheidsbesef. Volgens Pelser was dit hierdie kerk met sy godsdienstige beïnvloeding wat te midde van "die groot tekort aan sekondêre werkinge op geestelike gebied 'n gesindheid geskep het wat spontane innerlike ontwikkeling moontlik gemaak het " en die "onontwikkelde boer van groter verwildering, geestelike ontaarding en sedelike verval" gered het; (Pelser 1950 : 200,201).

Literatuurverwysings

Dreyer, A 1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* Kaapstad: De Drukpers Maatschappij Van de Sandt en De Villiers.

Du Plessis, J 1919. *The life of Andrew Murray of South Africa.* London

Engelbrecht, SP 1942. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, 1842–1942.* Pretoria. JH de Bussy.

Engelbrecht, SP 1950. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg, 1850–1950.* Kerkraad van Rustenburg-Gemeente.

Engelbrecht, SP 1952. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg (Zoutpansberg), 1852–1952.* Kerkraad van Pietersburg-Gemeente.

Engelbrecht, SP 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kaapstad en Pretoria: HAUM: De Bussy.

Engelbrecht, SP. *Nogmaals Dr GD Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk.* HTS" Jg 13, (3 en 4).

Eene Stem uit Mooirivier. HTS, Jg 18, (4).
Gerdener, GBA 1930. *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep*. Kaapstad: Nasionale Pers.
Muller, JJP. *Was die vorming van 'n eie kerkverband in Transvaal in 1853 "sondige verskeurdheid"?* HTS, Jg 33, (3 en 4).
Odendaal, BJ 1957. *Die Kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland, 1852–1952*. Franeker: Wever.
Pelser, AN 1950. *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I: Wordingsjare*. Kaapstad – Amsterdam: AA Balkema.
Pont, AD. *Die Vestiging van die Nederduitsche Hervormde Kerk in 1853 en die eerste Afskeiding van Lydenburg in 1854*. HTS, Jg 20, (3 en 4).
Potgieter, FJ 1959. *Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837–1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing*. Argief-Jaarboek vir Suid Afrikaanse Geskiedenis, Jg 21, Deel II.
Scholtz, GD 1956. *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika*. Kaapstad – Pretoria: NG Kerkuitgewers.
Van der Watt, PB 1973. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1862–1962*. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg.
Van Jaarsveldt, FA 1951. *Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, Deel I: Pioniershartstogte, 1836–1864*. Johannesburg: Voortrekkerpers.